

O 19



HUMANITAS  
RGN-HSRC

*skoolgaande jeug en vakansietye*



001.3072068

HSRC

0.19

*raad vir geesteswetenskaplike navorsing*

Klasnr./Class No.	Registernr./No.
001.3072068 HSRG 0 19	38861/0

## RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon 48-3944

Telegramme: RAGEN

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

### Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

### Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING



HUMANITAS  
RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK  
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

13 JUL 1979			
30 APR 1980			
1983-06-30			
29/10/88			
<b>02 FEB 1989</b>			
<del>01-04-10</del>			

2844303866



001.3072068 HSRC 0 19



Kopiereg voorbehou

DE 05

Hierdie publikasie en alle ander RGN-publikasies wat agter in hierdie publikasie vermeld word, is verkrygbaar by

VAN SCHAIK-BOEKHANDEL/BOOK STORE,  
POSBUS/P.O. BOX 724,  
PRETORIA.

2001 HSRC		
1978 -07-18		
<b>STANDKODE</b> 001.3072068 HSRC 019	<b>NUMMER</b>	
<b>BESTELNUMMER</b> C	38861	0

ISBN 0 86965 096 3

## V O O R W O O R D

Die huidige vertegnologiseerde samelewing stel, in vergelyking met die verlede, steeds meer vrye tyd tot die mens se beskikking. Hierdie toename in vrye tyd het ook probleme ten aansien van die sinvolle besteding daarvan meegebring. Wat betref die skoolgaande kind, is die problematiek ten aansien van sy vryetydsbesteding daarin geleë dat die balans gehandhaaf moet word tussen enersyds daardie aktiwiteite waar hy op homself of op 'n mede-betrokkenheid met sy ouers aangewys is, en andersyds daardie aktiwiteite waaraan hy in georganiseerde verband kan deelneem. Oorbeklemtoning van eersgenoemde aspek kan vir die kind nadelig wees indien hy nie weet hoe om sy vrye tyd sinvol te bestee nie, of indien die aangewesenheid van ouer en kind op mekaar gedurende vakansietye nie stabiliserend vir die ouer-kind-verhouding is nie. 'n Dergelike situasie vereis juis 'n groter beklemtoning van die tweede aspek, aangesien daar by wyse van georganiseerde vryetydsaktiwiteite aan die kind sinvolle leiding gebied kan word, ook wat betref die verhouding met sy ouers.

Hierdie verslag poog om by wyse van 'n verantwoorde sosiopedagogiese besinning daartoe by te dra dat skoolgaande jeugdiges, veral gedurende hul vakansietye, op goedkeurenswaardige wyse by aktiwiteite van eie belangstelling betrek sal word. Aandag is veral geskenk aan wat in georganiseerde verband in hierdie opsig gedoen kan word.

  
Am. Robertson  
PRESIDENT



# I N H O U D

		BLADSY
	SUMMARY/OPSOMMING	- x -
	HOOFSTUK	
1	BEGRIPSVERHELDERING, PROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Begripsverheldering	2
1.3	Probleemstelling	4
1.4	Metode van Onderzoek	7
1.5	Die Steekproef	8
2	VRYETYDSBESTEDING IN ENKELE OORSESE LANDE	12
2.1	Inleiding	12
2.2	Vryetydsbesteding in Wes-Duitsland	12
2.3	Vryetydsbesteding in Oos-Duitsland	17
2.4	Vryetydsbesteding in Groot-Brittanje	19
2.5	Vryetydsbesteding in Nederland	23
2.6	Vryetydsbesteding in Switserland	
2.7	Vryetydsbesteding in die Verenigde State van Amerika	27
2.8	Vryetydsbesteding in Frankryk	32
2.9	Vryetydsbesteding in België	
3	'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE VRYETYDS- BEDRYWIGHEDE VAN LEERLINGE GEDURENDE SKOOLVAKANSIES IN DIE REPUBLIEK VAN SUID- AFRIKA	39
3.1	Inleiding	39

HOOFSTUK	BLADSY	
3.2	Bedrywighede van leerlinge weg van hulle huise gedurende die somer- en wintervakansies	39
3.3	Bedrywighede van leerlinge wat gedurende die winter- en somervakansie tuis gebly het	51
3.4	Besoldigde arbeidsbeoefening gedurende skoolkwartale	117
3.5	Samevatting	123
4	VRYETYDSBESTEDING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN ENKELE OORSESE LANDE: 'N VERANTWOORDE BESINNING	127
4.1	Inleiding	127
4.2	Die problematiek verbonde aan georganiseerde vryetydsbesteding gedurende skoolvakansies	127
4.3	Praktiese implikasies van die voorgaande	137
4.4	Samevatting	140
5	SAMEVATTING EN AANBEVELINGS	141
5.1	Samevatting	141
5.2	Aanbevelings	147
5.3	Slotopmerkings	151
	LITERATUURLYS	152



T A B E L L E

TABEL	BLADSY
1.1 VRAELYSIE VERSEND AS PERSENTASIE VAN DIE UNIVERSUM	9
1.2 VRAELYSIE ONTVANG	9
1.3 VERIFIKASIE VAN BETROUBAARHEID VAN STEEKPROEF	10
1.3 VERIFIKASIE VAN BETROUBAARHEID VAN STEEKPROEF (Vervolg)	11
3.1 LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 VAN DIE HUIS WEG GEWEES HET	40
3.2 LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 VAN DIE HUIS WEG GEWEES HET	41
3.3 BEDRYWIGHEDE VAN SEUNS WAT GEDURENDE DIE WINTER- VAKANSIE VAN 1970 VAN DIE HUIS WEG GEWEES HET	43
3.4 BEDRYWIGHEDE VAN MEISIES WAT GEDURENDE DIE WIN- TERVAKANSIE VAN 1970 VAN DIE HUIS WEG GEWEES HET	44
3.5 BEDRYWIGHEDE VAN SEUNS WAT GEDURENDE DIE SOMER- VAKANSIE VAN 1970/71 VAN DIE HUIS WEG GEWEES HET	45
3.6 BEDRYWIGHEDE VAN MEISIES WAT GEDURENDE DIE SO- MERVAKANSIE VAN 1970/71 VAN DIE HUIS WEG GEWEES HET	46
3.7 PERSONE OF INSTANSIES WAT BEDRYWIGHEDE GEDU- RENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 VIR SEUNS GEREËL HET WAT VAN DIE HUIS WEG GEWEES HET	47
3.8 PERSONE OF INSTANSIES WAT BEDRYWIGHEDE GEDU- RENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 VIR MEISIES GEREËL HET WAT VAN DIE HUIS WEG GEWEES HET	48
3.9 PERSONE OF INSTANSIES WAT BEDRYWIGHEDE GEDU- RENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 VIR SEUNS GEREËL HET WAT VAN DIE HUIS WEG GEWEES HET	49
3.10 PERSONE OF INSTANSIES WAT BEDRYWIGHEDE GE- DURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 VIR MEISIES GEREËL HET WAT VAN DIE HUIS WEG GEWEES HET	50
3.11 LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 TUIS GEBLY HET EN WAT BESOLDIGDE WERK VERRIG HET	52

TABEL	BLADSY
3.12 LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE TUIS GEBLY HET EN WAT BESOLDIGDE WERK VERRIG HET	52
3.13 TYDPERK WAT DIE LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 BESOLDIGDE WERK VERRIG HET	53
3.14 TYDPERK WAT LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 BESOLDIGDE WERK VERRIG HET	54
3.15 WERKGEWER OF WERKPLEK VAN DIE LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 TUIS GEBLY HET	55
3.16 WERKGEWER OF WERKPLEK VAN DIE LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 TUIS GEBLY HET	57
3.17 BESOLDIGING VAN DIE LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 TUIS GEBLY EN GEWERK HET	58
3.18 BESOLDIGING VAN DIE LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 TUIS GEBLY EN GEWERK HET	59
3.19 DEELNAME AAN SPORT GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET	60
3.20 DEELNAME AAN SPORT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET	60
3.21 DIE SPORTSOORT WAT DIE MEESTE VAN DIE SEUNS WAT TUIS GEBLY HET SE TYD IN DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 IN BESLAG GENEEM HET	61
3.22 DIE SPORTSOORT WAT DIE MEESTE VAN DIE MEISIES WAT TUIS GEBLY HET SE TYD GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 IN BESLAG GENEEM HET	63
3.23 DIE SPORTSOORT WAARAAN DIE MEESTE VAN DIE SEUNS WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 DEELGENEEM HET	64

## TABEL

BLADSY

3.24	DIE SPORTSOORT WAT DIE MEESTE VAN DIE MEISIES WAT TUIS GEBLY HET SE TYD GEDURENDE DIE SOMER- VAKANSIE VAN 1970/71 IN BESLAG GENEEM HET	65
3.25	UUR PER WEEK WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET AS DEELNEMERS AAN SPORT GEDURENDE DIE WIN- TERVAKANSIE VAN 1970 BESTEE IS	67
3.26	UUR PER WEEK WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET AS DEELNEMERS AAN SPORT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 BESTEE IS	68
3.27	PERSONE/INSTANSIES WAT SPORTBEDRYWIGHEDE VIR DIE LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 GEREËL HET	70
3.28	PERSONE/INSTANSIES WAT SPORTBEDRYWIGHEDE VIR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 GEREËL HET	71
3.29	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET WAT SPORTBYEEN- KOMSTE AS TOESKOUERS GEDURENDE DIE WINTERVA- KANSIE VAN 1970 BYGEWOON HET	73
3.30	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET WAT SPORTBYEEN- KOMSTE AS TOESKOUERS GEDURENDE DIE SOMERVA- KANSIE VAN 1970/71 BYGEWOON HET	74
3.31	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET SE DEELNAME AAN GEORGANISEERDE BEDRYWIGHEDE GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970	75
3.32	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET SE DEELNAME AAN GEORGANISEERDE BEDRYWIGHEDE GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71	75
3.33	INSTANSIES WAT VIR SEUNS WAT GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 TUIS GEBLY HET, DIE AANGENAAMSTE BEDRYWIGHEID GEREËL HET	76
3.34	INSTANSIES WAT VIR MEISIES WAT GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 TUIS GEBLY HET, DIE AANGENAAMSTE BEDRYWIGHEID GEREËL HET	78
3.35	INSTANSIES WAT VIR SEUNS WAT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 TUIS GEBLY HET, DIE AANGENAAMSTE BEDRYWIGHEID GEREËL HET	79

TABEL		BLADSY
3.36	INSTANSIES WAT VIR MEISIES WAT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 TUIS GEBLY HET, DIE AANGENAAMSTE BEDRYWIGHEID GEREËL HET	80
3.37	UUR PER WEEK WAT DEUR LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 TUIS GEBLY HET, AAN DIE AANGENAAMSTE GEORGANISEERDE BEDRYWIGHEID BESTEE IS	81
3.38	UUR PER WEEK WAT DEUR LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 TUIS GEBLY HET, AAN DIE AANGENAAMSTE GEORGANISEERDE BEDRYWIGHEID BESTEE IS	82
3.39	BYWONING VAN KURSUSSE DEUR LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 TUIS GEBLY HET	84
3.40	BYWONING VAN KURSUSSE DEUR LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 TUIS GEBLY HET	84
3.41	SOORT KURSUS BYGEWOON DEUR LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 TUIS GEBLY HET	85
3.42	SOORT KURSUS BYGEWOON DEUR LEERLINGE WAT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 TUIS GEBLY HET	86
3.43	INSTANSIES WAT 'N KURSUS GEREËL HET WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 BYGEWOON IS	87
3.44	INSTANSIES WAT 'N KURSUS GEREËL HET WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 BYGEWOON IS	88
3.45	TYD WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET AAN DIE BYWONING VAN 'N KURSUS GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 BESTEE IS	89
3.46	TYD WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET AAN DIE BYWONING VAN 'N KURSUS GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 BESTEE IS	90

TABEL	BLADSY	
3.47	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET EN WAT STOK- PERDJIES GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 BEOEFEN HET	91
3.48	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET EN WAT STOK- PERDJIES GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 BEOEFEN HET	91
3.49	STOKPERDJIES WAT DEUR SEUNS WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 BEOEFEN IS	93
3.50	STOKPERDJIES WAT DEUR MEISIES WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 BEOEFEN IS	94
3.51	STOKPERDJIES WAT DEUR SEUNS WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 BEOEFEN IS	96
3.52	STOKPERDJIES WAT DEUR MEISIES WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 BEOEFEN IS	97
3.53	UUR PER WEEK WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET AAN 'N STOKPERDJIE GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 BESTEE IS	98
3.54	UUR PER WEEK WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET AAN 'N STOKPERDJIE GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 BESTEE IS	98
3.55	PLEK WAAR 'N STOKPERDJIE GEDURENDE DIE WIN- TERVAKANSIE VAN 1970 DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET, BEOEFEN IS	100
3.56	PLEK WAAR 'N STOKPERDJIE GEDURENDE DIE SOMER- VAKANSIE VAN 1970/71 DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET, BEOEFEN IS	101
3.57	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET EN WAT GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 VERMAAKLIKHEDE BYGEWOON HET	102

TABEL		BLADSY
3.58	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET EN WAT GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 VERMAAKLIKHEDE BYGEWOON HET	103
3.59	SOORT VERMAAKLIKHEID WAT DIE MEESTE DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 BYGEWOON IS	104
3.60	SOORT VERMAAKLIKHEID WAT DIE MEESTE DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 BYGEWOON IS	105
3.61	TYD WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET AAN DIE MEES GEWILDE VERMAAKLIKHEID GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 BESTEE IS	107
3.62	TYD WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET AAN DIE MEES GEWILDE VERMAAKLIKHEID GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 BESTEE IS	108
3.63	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET EN WAT AAN UITSTAPPIES GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 DEELGENEEM HET	109
3.64	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET EN WAT AAN UITSTAPPIES GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 DEELGENEEM HET	109
3.65	UUR PER WEEK WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET AAN UITSTAPPIES GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 BESTEE IS	110
3.66	UUR PER WEEK WAT DEUR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET AAN UITSTAPPIES GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 BESTEE IS	111
3.67	PERSONE OF INSTANSIES WAT UITSTAPPIES VIR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970 GEREËL HET	113
3.68	PERSONE OF INSTANSIES WAT UITSTAPPIES VIR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71 GEREËL HET	114
3.69	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET EN NA DIE RADIO GELUISTER OF PLATE GESPEEL HET GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970	115

TABEL		BLADSY
3.70	LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET EN NA DIE RADIO GELUISTER OF PLATE GESPEEL HET GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71	116
3.71	UUR PER WEEK WAT LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET NA DIE RADIO GELUISTER OF PLATE GESPEEL HET GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970	118
3.72	UUR PER WEEK WAT LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET NA DIE RADIO GELUISTER OF PLATE GESPEEL HET GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71	119
3.73	BESOLDIGDE ARBEIDSBEDEFENING DEUR LEERLINGE GEDURENDE SKOOLKWARTALE	119
3.74	TYE WAAROP BESOLDIGDE ARBEID DEUR LEERLINGE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTALE VERRIG IS	120
3.75	SOORT WERK WAT DEUR LEERLINGE GEDURENDE SKOOLKWARTALE VERRIG IS	122
3.76	WEEKLIKSE BESOLDIGING VAN LEERLINGE WAT GEDURENDE SKOOLKWARTALE GEWERK HET	124

## S U M M A R Y

It is an acknowledged fact that school-going children in practically all Western countries have two or more holidays per annum. As regards the Republic of South Africa, it is also true that a large proportion of these pupils are not able to spend all their holidays away from home. The question as to the way in which leisure activities can be organised for these pupils, constitutes the basis of this investigation.

In order to throw light on the subject, an investigation was carried out into the position regarding leisure activities in certain overseas countries, including West Germany, the Netherlands, France, the United States of America and Switzerland. It was found that considerable trouble is taken to involve post-school youth in organised activities of this kind. In this regard particular mention can be made of the establishment of youth hostels, youth centres and clubs and the organization of activities on a national basis. It would appear, however, that school-going children are involved in these activities to a lesser extent.

An empirical investigation into the leisure activities of school-going children in the Republic of South Africa and South-West Africa during the winter and summer holidays of 1970/71 revealed that the majority of pupils (boys as well as girls) remained at home. As regards these pupils, it would appear -

- (1) that less than a third were engaged in remunerative employment;
- (2) that less than half participated in sport;
- (3) that only 1 out of every 20 pupils attended a course;
- (4) that going to the cinema and listening to the radio constituted popular pastimes for practically all the pupils, and



- (5) that as regards the pursuit of hobbies, the majority of pupils preferred reading.

With a view to an integration of the data gathered in respect of overseas countries and those obtained by means of the above-mentioned empirical investigation, thought was devoted to the value of self-initiated and organised leisure activities. The conclusion was arrived at that organised leisure activities should not be overemphasized at the cost of the child's desire to be a unique individual or of his relationship with his parents.

In the light of the foregoing, it is recommended inter alia -

- (1) that pupils should always be involved in leisure activities on a voluntary basis only;
- (2) that youth centres be established in cities and towns or that school buildings (if only temporarily) be utilized for this purpose;
- (3) that local authorities should establish and control such youth centres but that they be subsidised by the central and provincial authorities;
- (4) that the control of the established centres should remain in the hands of the local authorities but that, in cases where use is made of school buildings, control should remain vested in the provincial authority, and
- (5) that the Department of Sport and Recreation should supervise the organisation of leisure activities for pupils during school holidays in a co-ordinating capacity.

## O P S O M M I N G

Dit is 'n erkende feit dat die skoolgaande jeug in feitlik alle Westerse lande twee en meer vakansies per jaar gebied word. Ook wat betref die Republiek van Suid-Afrika, kan gekonstateer word dat 'n groot gedeelte van hierdie leerlinge nie elke vakansie weg van die huis kan deurbring nie. Die vraag na die wyse waarop daar vir hierdie leerlinge vryetydsaktiwiteite georganiseer kan word, vorm dan ook die kern van hierdie ondersoek.

Ten einde lig op hierdie aangeleentheid te werp, is ondersoek ingestel na wat in dié verband in enkele oorsese lande (onder andere Wes-Duitsland, Nederland, Frankryk, die Verenigde State van Amerika en Switserland) gedoen word. Dit het aan die lig gekom dat in die bestudeerde oorsese lande daar heelwat gedoen word om naskoolse jeugdige by georganiseerde vryetydsaktiwiteite te betrek. In dié verband kan veral verwys word na die daarstelling van jeugherberge, jeugsentra en -klubs, en die organisering van aktiwiteite op nasionale grondslag. Die skoolgaande jeug word egter in 'n mindere mate by hierdie aangeleenthede betrek.

'n Empiriese ondersoek na die vryetydsaktiwiteite van skoolgaande jeugdige in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika gedurende die winter- en somervakansie van 1970/71 het getoon dat die oorgrote meerderheid van die leerlinge (sowel seuns as meisies) tuis gebly het. Ten aansien van hierdie leerlinge blyk -

- (1) dat minder as 'n derde besoldigde arbeid verrig het;
- (2) dat minder as die helfte aan sport deelgeneem het;
- (3) dat slegs 1 uit elke 20 leerlinge 'n kursus bygewoon het;
- (4) dat die bywoning van bioskope en luister na die radio by feitlik alle leerlinge groot byval gevind het, en

- (5) dat wat betref die beoefening van stokperdjies, die meeste leerlinge aan lees voorkeur gegee het.

Met die oog op 'n integrasie van die gegewens wat ten aansien van die buiteland ingewin is en dié wat verkry is by wyse van die genoemde empiriese ondersoek, is daar besin oor die waarde van self-geïnisieerde en georganiseerde vryetydsaktiwiteite. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat georganiseerde vryetydsaktiwiteite nie ten koste van die kind se self-iemand-wil-wees en sy verhouding met sy ouers oorbeklemt moet word nie.

- In die lig van die voorgaande is onder andere aanbeveel -
- (1) dat leerlinge altyd op vrywillige basis by georganiseerde vryetydsaktiwiteite betrek moet word;
  - (2) dat jeugsentra in stede en dorpe opgerig moet word of dat skoolgeboue (al is dit net tydelik) vir dié doel aangewend moet word;
  - (3) dat plaaslike owerhede sodanige jeugsentra moet oprig en beheer, maar dat die sentrale en provinsiale owerhede hulle moet subsidieer;
  - (4) dat die beheer van opgerigte jeugsentra in die hande van die plaaslike owerhede moet bly, maar dat waar skoolgeboue gebruik word, die provinsiale owerhede in beheer moet bly, en
  - (5) dat die Departement van Sport en Ontspanning in koördinerende hoedanigheid toesig moet hou oor die organisering van vryetydsaktiwiteite vir leerlinge gedurende skoolvakansies.



## HOOFSTUK 1

### BEGRIPSVERHELOERING, PROBLEEMSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK

#### 1.1 INLEIDING

In die lewe van elke mens is dit so dat daar tye is wanneer hy verplig is om te doen wat aan hom opgedra word. Ten aansien van die skoolgaande kind word die verpligte doen en late wat daaglik van hom vereis word, hoofsaaklik deur skoolwerk in beslag geneem. Dit beteken dat ook dié tyd wat die kind buite die formele skoolure tot sy beskikking het, in groot mate deur skoolse verpligtinge in beslag geneem word. Net so waar as wat die feit is dat die kind wat gedurig opgevoed word, wars van opvoeding kan word, net so waar is dit dat dié kind wat voortdurend met skoolse aangeleenthede moet besig wees, ook wars daarvan kan word.

Hierdie fundamentele pedagogiese uitspraak word gelukkig deur die onderskeie onderwysdepartemente van die Republiek van Suid-Afrika in aanmerking geneem, soos blyk uit die instelling van verpligte vakansietye wat jaarliks vier maal tot die beskikking van leerlinge gestel word. Gedurende hierdie vakansietye kom alle formele skoolse bedrywighede tot stilstand en word die kind in die geleentheid gestel om hom te bemoei met dit waarin hy 'n besondere belangstelling het. In wese moet hierdie tyd gesien word as dié tyd wat vir skoolgaande jeugdiges as "vrye tyd" daargestel is. Derhalwe kan gekonstateer word dat in 'n besinning oor skoolgaande jeug en die besteding van vakansies die problematiek gereduseer kan word tot dié van die verantwoordbare besteding van vrye tyd. Vir die verderre verloop van hierdie studie is 'n noukeurige omskrywing van die begrip "vryetydsbesteding" noodsaaklik.

'n Besinning oor die verantwoordbare besteding van vrye tyd is nie los te dink van die aandeel van 'n volwassene ten aansien van sodanige praktyk nie. Word daar egter by die gedagte aangesny dat die bemoeiing van 'n volwassene met 'n kind hier ter sake is, kan dit ook nie anders wees as dat 'n oordenking met betrekking tot die onderhawige aangeleentheid vanuit die pedagogiese situasie sal moet geskied nie. Immers, die verantwoorde bemoeiing van 'n volwassene met 'n kind gerig op die selfverantwoordelike keusemaking en beslissing van laasgenoemde (in die onderhawige geval ten aansien van nuttige vryetydsbesteding) dui ongetwyfeld op die voltrekking van die opvoedingsgebeure.

Waar hierdie verslag egter betrekking het op die soeke na verantwoorde wyses van vryetydsbesteding binne groepsverband in al sy verskillende vorme, word daarmee die terrein van die spesifiek sosiopedagogiese betree. Laasgenoemde begrip sal noodwendig ook nader omskryf moet word.

## 1.2 BEGRIPSVERHELDERING

### 1.2.1 Die begrip "vryetydsbesteding"

Alvorens die begrip "vryetydsbesteding" nader gepresiseer kan word, moet allereers verduidelik word wat met "vrye tyd" bedoel word. Wat laasgenoemde begrip betref, is dit merkwaardig dat alhoewel elkeen skynbaar goed weet wat daarmee bedoel word, die omskrywing daarvan geen maklike taak is nie.

Daar is allerlei omskrywings van die begrip "vrye tyd". Vir Koornhof beteken die begrip vrye tyd die volgende: "vrye tyd wat oor is nadat die mens sy arbeidsverpligtinge om 'n bestaan te kan maak, volvoer het" ( 5 : 1 ). Wippler omskryf die begrip "vrye tyd" soos volg: "Vrije tijd: alle gedragingen die plaats vinden in de tijd die niet gebruikt wordt voor de daaglijkse werkzaamheden" ( 18 : 19 ). Die omskrywing van Pietersen, soos aangehaal deur Van Mechelen, bied beter moontlikhede vir die doel van hierdie verslag: "De vrije tijd is de tijd zonder verplichtingen die men doorbrengt met aktiviteiten welke met genoegen gepaard gaan" ( 16 : 15 ).

Waar in die voorafgaande omskrywing egter verwys word na aktiwiteite wat met genoegdoening gepaard gaan as kenmerkend van vrye tyd, sou die skrywer van hierdie verslag genoemde frase by voorkeur wou vervang deur die volgende: "Die vrye tyd is die tyd sonder verpligtinge wat 'n mens deurbring met aktiwiteite van eie keuse". In dié verband kan verwys word na die onderskeiding wat Kwant tref tussen vrye tyd en onvryheid. Vir sover dit die kind betref, sou mens dan kon sê dat verpligtinge ten aansien van skool- en huislike arbeid beslag lê op die kind se tyd en daarom kan daar van onvryheid gepraat word. Vrye tyd staan dan teenoor hierdie tye van onvryheid waarin nie gedoen kan word wat die kind se eie keuse is nie ( 7 : 8 ).

Samevattend kan dan gestel word dat vir die doel van hierdie studie, vrye tyd dié tyd behels wanneer die kind nie onderhewig is aan verpligtinge wat deur die skool en/of sy ouers aan hom opgedra is nie en waarin hy vry is om aktiwiteite van eie keuse te beoefen. Vir sover die besteding van vrye tyd van problematiese aard word, kan gekonstateer word dat dit veral

gedurende skoolvakansies is wanneer die vrye tyd in omvang toeneem dat hierdie problematiek as sodanig beleef sal word.

### 1.2.2 Die begrip "sosiopedagogiese"

Ten einde die begrip "sosiopedagogiese" te kan deurskou en omskryf, is dit nodig dat daar eerstens saaklik oor die betekenis van die pedagogiese, dit wil sê opvoeding as sodanig, besin sal word. Dergelike besinning is essensieel, aangesien die pedagogiese die grondwoord van die samestelling "sosiopedagogiese" is, en dus verduideliking verg.

Waar in die verdere betoog na die pedagogiese en sosiopedagogiese verwys sal word, word die begrip nie in sy wetenskapskonnotasie gebruik nie, maar wel as konkrete opvoedingsgebeure. Met opvoeding, oftewel die pedagogiese, word dan bedoel die hulpverlening en steungewing deur 'n verantwoordelike, sedelik-selfstandige volwassene aan 'n kind, synde 'n nog nie-volwassene, met die oog op die verwerkliking van laasgenoemde se volwassewording. Dit beteken dat die kind deur hulpverlening en steungewing opgevoed word tot selfverantwoordelike selfbepaling, dus eventuele voorlewing van die normbeeld van volwassenheid.

'n Besinning ten aansien van die pedagogiese kan uit velerlei perspektiewe aangepak word. In dié verband kan verwys word na die psigiese momente in die wording van die kind wat hulle in die opvoedingsgebeure kenbaar maak en tot 'n psigopedagogiese (respektiewelik psigologies-pedagogiese) perspektief lei. Daar kan verder ook gewys word op die didaktiese implikasies van die opvoedingsgebeure wat tot 'n didakties-pedagogiese perspektief aanleiding gee. Vir die doel van hierdie studie is dit egter belangrik om in ooreenstemming met Röhrs die aandag daarop te vestig dat alle opvoeding in sy antropologiese begronding sosiaal georiënteer is en dat opvoeding tot volwassewording sonder inagneming van hierdie grondfeit nie na behore kan gedy nie (12 : xii). 'n Sosiopedagogiese (sosiaal-pedagogiese) perspektief kan en moet dus onderskei word, aangesien 'n refleksie oor hierdie sosiopedagogiese kern van alle opvoeding noodwendig is (12 : xii). Ook Perquin se uitspraak is in dié verband veelseggend: "De pedagogiek is sosiaal gericht of zij is geen pedagogiek" (11 : 6). Dit impliseer dus dat die opvoeding van die kind nie losgedink kan word van die sosiaal-maatskaplike leefpatrone wat daarin vervat is nie. Derhalwe is opvoeding ook altyd aangeleentheid van sosiale vorming. Hoewel daar ten aansien van die opvoeding van die kind 'n sosiopedagogiese perspektief onderskei kan en ook noodwendig moet word, word daarmee nie 'n isolering van die

sosiale uit die pedagogiese beoog, of 'n skeiding tussen die kind as individu (persoon) en sosiale wese geproklameer nie. Perspektief beteken immers dat bepaalde aspekte van één geheel op die voorgrond en ander op die agtergrond gestel word. By implikasie is die oogmerk met die sosiopedagogiese perspektief op die opvoedingsgebeure om die sosiale verhoudinge wat die kind in sy wordingsgang aanknoop, op die voorgrond te stel.

Wanneer daar oor die gedying van die sosiale verhoudinge besin word, moet in gedagte gehou word dat sodanige verhoudinge hulle by wyse van verskeie onderskeibare leefpatrone verwerklik (vergelyk). In dié verband kan verwys word na die oorspronklike verhouding tussen kind en ouers wat as leefpatroon deur die gesinslewe uitgebeeld word. Vanuit die gesin as primêre sosiale verhoudingsituasie aktualiseer die kind sy sosiale wording deur in kontaktrading met die leeftydsgenote, ander volwassenes (onder wie vriende, familielede en onderwysers) en eventueel met die maatskappy in die breë. Ten aansien van hierdie selfaktualisering van die kind se sosialiseringsmoontlikhede het die sosiopedagogiese die opgaaf om begeleidend op te tree. Wat betref die wyses van sosiale selfaktualisering en sosiopedagogiese hulpverlening, kan onder andere die besteding van vrye tyd en die hulp wat in dié verband aangebied kan word, onderskei word. Dit vorm dan ook die verdere problematiek van hierdie studie.

### 1.3 PROBLEEMSTELLING

Dit is slegs die mens en dan veral die hedendaagse mens wat nood aan vrye tyd het (6 : 472). Hierdie nood manifesteer homself in die totale uitgaan van die mens tot die wêreld - hy het nood aan liggaamlike rus en ontspanning na voltooiing van sy dagtaak, hy het nood aan meedoen met sy medemens op sosiaal-kulturele niveau en het veral ook nood aan met-homself-wees met die oog op persoonsvorming. In die huidige tydvak word hierdie nood wel deeglik in aanmerking geneem, soos blyk uit die feit dat 'n agtuurwerksdag 'n feitlik algemene instelling in die Westerse wêreld is.

Die nood aan vrye tyd ontstaan reeds by die skoolkind. "Het verpligtende element, het harde moeten, de onvermijdelijke dwang, doen de wens geboren worden om over wat tijd te beschikken die helemaal aan het kind zelf toebehoort" (6 : 472). Soos reeds elders gekonstateer, maak die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika vir vier skoolvakansies per jaar voorsiening; 'n tydperk dus wat by uitstek as daargestelde vrye tyd vir die jeugdige beskou kan word. Vir sowel die volwassene as die kind setel die probleem ten aansien



van vrye tyd dus nie in die werklik beskikbare tyd nie - aanduidings is dat dié tyd eintlik in die toekoms te veel mag word - maar juis in die wyse waarop hierdie tyd verantwoordbaar en sinvol bestee kan word.

Hoewel daar al heelwat oor die vryetydsbesteding van die jeug geskryf is, het die klem veral geval op die jeugdige wat na skoolverlating tot die beroepslewe toetree; die ouderdomsverspreiding is gewoonlik 16 tot 25 jaar. So byvoorbeeld het 'n kommissie van die Oranje-Vrystaat, wat verslag gelewer het oor jeugorganisasies in Europa, jeugwerk as 'n deurlopende eenheid met volwasse onderwys beskou (10). Die onderhawige ondersoek, wat uitsluitlik met skoolgaande jeug te doen het, dek dus heeltemal 'n nuwe veld - 'n veld wat selfs in oorsese lande bykans onaangeraak is. Die mening bestaan vry algemeen dat die jeugdige wat aandag verg vanweë sy probleme met vryetydsbesteding, die rigtingsoekende skoolverlater is, wat nou oor meer vrye tyd beskik as ooit in sy skooldae. Daar word veelal uit die oog verloor dat die leerling wie se dae tydens die kwartaal bykans volledig vir hom beplan is, gedurende vakansietye ontdek dat hy nou die hele dag tot sy beskikking het en dan nie weet wat om daarmee te maak nie. Hy dwaal doelloos en rigtingloos rond en die gevaar bestaan dat hy by gebrek aan beplande, aantreklike en goedgekeurde ontspanning, bevrediging sal soek by waarskynlik ewe aantreklike maar ontoelaatbare bedrywighede. Hy leer kwade gewoontes en denkwyses aan wat hom later 'n maatskaplike gevaar kan laat word. Ver al die stadskind wat nie die geleentheid het om weg te gaan nie, deurdat sy ouers dit nie kan bekostig nie, of omdat albei ouers verplig is om te werk gedurende hierdie tye, vind dit vervelig om tuis te bly. Gevolglik gaan soek hy maats op wat in dieselfde situasie verkeer. Dit is vir diesulkes dat iets aangenaams, interessants en opbouend aangebied moet word.

Daar is leerlinge wat dit gelukkig tref deur in dié geleentheid te verkeer om saam met hulle ouers weg te gaan, by familie of vriende te gaan kuier, op 'n uitgebreide skoolgeïnisieerde reis te gaan, 'n landsdienssaamtrek by te woon of aan 'n georganiseerde kamp of uitstappie deel te neem. Dit gebeur egter nie met elke vakansie nie en geld dikwels net 'n klein minderheid leerlinge, gevolglik bly 'n groot massa nog onversorgd en veelal word selfs die geriewe hul ontsê wat gedurende die kwartaal by die skool ontspanning gebied het. Hulle mag in baie gevalle in vakansietye nie op die skoolterrein speel nie. Op warm dae tydens die Desembervakansie moet hulle met verlangende oë na die skool se swembad staar en mag nie gaan swem nie omdat daar niemand is om toesig te hou nie, in weerwil van die feit dat hulle ouers waarskynlik ruim tot die bou van

die swembad bygedra het. Altyd is daar die kwessie van toesig - 'n noodsaaklike aangeleentheid. Dit sou egter onregverdig wees om van die afgematte onderwyser te eis dat hy gedurende skoolvakansies ook nog toesig oor die skoolterrein en die spelende kinders moet hou, tensy hy bereid is om dit teen addisionele vergoeding te doen.

Die leerling se skooldag, asook die naweke tydens die skoolkwartaal, is gewoonlik druk beset. Trouens, bykans elke oomblik word hy deur georganiseerde werksaamhede besig gehou. As die vakansie aanbreek, verlang hy boweal vryheid - 'n vryheid in sy doen en late, in sy kom en gaan. Hy wil wegkom van sy onderwysers, van die skool, van roosters en klokgelui. Daar ontstaan nou 'n lugleegte wat gevul moet word, maar met sy ongedwonge medewerking. Hy moet tydverdryf aangebied word wat hom nie aan die gereglementeerde skool herinner nie. Inteendeel, dit moet plesier, aangename omgang met ander van sy ouderdomsgroep en 'n vakansiegees verskaf. Dat dit ook opbouend en maatskaplik waardevol moet wees, is noodsaaklik, maar dit moet nie ooglopend so wees nie en dit moet gunstig kan vergelyk met wat hy op eie houtjie te doen sou kan vind.

Daar word natuurlik alreeds baie gedoen om aan sommige van die skoolgaande jeug tydens die lang skoolvakansies iets interessants en leersaams te bied, soos byvoorbeeld skoolreise in en om Suid-Afrika, kampe, staptoere en leierskapkursusse. In baie gevalle reël kerke en verenigings byeenkomste en saamtrekke. Laasgenoemde betrek egter in baie gevalle 'n klein, uitgesoekte minderheid van die leerlinge en dan dikwels net in een vakansie. Die ideaal wat nagestreef behoort te word, is om soveel moontlik van die jeug by beplande vakansiebedrywighede te betrek.

Indien Sokrates gelyk gehad het toe hy geskryf het vrye tyd is die waardevolste van alle besittings, is dit noodsaaklik dat besondere aandag aan vryetydsbesteding gewy word in 'n eeu wanneer die werker oor baie meer vrye tyd beskik as ooit tevore in die geskiedenis: daartoe het die tegnologie, kibernetika en outomatisasie bygedra. Die mens moet dus geleer word hoe om sy vrye tyd ten beste te bestee. Onmiddellik gaan die kreet van die werkgewer op: hy moet dit op skool geleer word. Die skool het, benewens die veeleisende taak om deur die verskaffing van algemeen en besondere onderwys die skoolverlater in staat te stel om 'n menswaardige bestaan te voer, die sosioopedagogiese opgaaf om die skoolverlaters voor te berei om in alle opsigte hul plek op verantwoorde wyse in die maatskappy vol te staan. Een van hierdie opsigte is dan sy vryetydsbe-

steding. Wat betref die voorbereiding tot verantwoorde vryetydsbesteding, kan die skool egter slegs 'n deelfunksie vervul. Weens die omvang en die eie aard van die taak van die skool kan gekonstateer word dat sosiopedagogiese bemoeienis met die kind, ook vir sover dit vryetydsbesteding betref, wel deel daarvan uitmaak, maar dat vryetydsbesteding as sodanig nie binne die formele didaktiese situasie geaktualiseer kan word nie. Dit as sodanig sou op 'n contradictio in terminis dui, want dan sou vrye tyd nie meer die betekenis hê wat in die voorafgaande paragrafe daaraan toegeskryf is nie. Na sy essensie kan die probleem waarvoor die sosiopedagogiek ten aansien van die vryetydsbesteding van die jeugdige te staan kom, soos volg geëksplisiteer word: Die geleentheid tot vrye tyd word vir die jeugdige daargestel. Die waarde daarvan is pedagogies aanduibaar. Die vraag is egter: Hoe moet die jeugdige opgevoed word tot verantwoorde besteding van vrye tyd en watter middele en weë moet gedurende vakansietye geskep word om verantwoorde vryetydsbesteding moontlik te maak? Dit is dan ook die doel van hierdie ondersoek om die genoemde problematiek te ondersoek en eventueel met verantwoorde aanbevelings in dié verband te kom.

#### 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Ten aansien van die metodes wat aangewend sal word om hierdie ondersoek sy verloop te laat neem, is die volgende van belang:

- (a) Vir sover daar 'n studie gemaak sal word van die situasie ten aansien van die vryetydsbesteding deur jeugdige in enkele oorsese lande en op welke wyse daar in dié lande sosiopedagogies met die oog op hulpverlening ingegryp word, sal van intensiewe literatuurstudie gebruik gemaak word.
- (b) Wat betref die situasie in Suid-Afrika, word 'n empiriese ondersoek beoog. Vraelyste sal aan leerlinge van st. 4 tot st. 10 uitgestuur word en die tabellering en evaluering van die gegewens sal bespreek word.
- (c) Waar by wyse van die voorafgaande twee metodes die situasie hier te lande asook in enkele oorsese lande dan toegelig is, sal die finale metode dan daarop neerkom om die beskikbare gegewens noukeurig te ontleed en 'n krities-wetenskaplik verantwoorde evaluering en interpretasie daarvan te maak.

## 1.5 DIE STEEKPROEF

Wat betref die empiriese ondersoek waarna hierbo verwys is, is dit as gewens beskou om 'n 5,0 persent steekproef van die totale aantal standerd 4- tot 10-leerlinge in die provinsiale skole van die Republiek van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika as basis daarvoor te gebruik. Tabel 1.1 bied 'n oorsig van die universum leerlinge en van die aantal vraelyste wat aan die skole van die onderskeie onderwysowerhede gestuur is.

Uit tabel 1.2 blyk dat 76,1 persent van die totale getal vraelyste wat uitgestuur is, terug ontvang is. Hierdie gunstige beeld doen hom ook voor wat betref die persentasie vraelyste wat van die skole van elk van die onderskeie onderwysowerhede ontvang is.

Tabel 1.3 dien ter verifiëring van die mate waarin die persentasie vraelyste wat terug ontvang is, die betroubaarheid van die 5,0 persent steekproef beïnvloed het. Die feit dat die verhouding van seuns tot meisies vir sowel die vraelyste wat uitgestuur as dié wat terug ontvang is, dieselfde is as die verhouding seuns tot meisies van die universum, dien ter bevestiging daarvan dat die 5,0 persent steekproef sy geldigheid behou het. Hierdie verskynsel herhaal sigself ook ten aansien van die verskillende standerdgroepe vir die onderskeie onderwysowerhede. Derhalwe is die ondersoekgroep vir alle praktiese doeleindes verteenwoordigend van die universum.

## 1.6 VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

In die tweede hoofstuk van die onderhawige studie word 'n oorsig gebied van wat in enkele oorsese lande ten aansien van die organisering van vryetydsaktiwiteite van jeugdiges gedoen word.

By wyse van 'n empiriese ondersoek is gegewens ingewin aangaande die aard en vorm van skoolleerlinge se vryetydsaktiwiteite gedurende die skoolvakansies in die Republiek van Suid-Afrika. 'n Bespreking van hierdie gegewens volg in hoofstuk 3.

Terwyl steeds die sosiopedagogiese verantwoordheid van bepaalde praktyke in oënskou geneem sal word, word daar in die vierde hoofstuk verbande gesoek tussen die praktyk hier te lande en wat dit in die bestudeerde oorsese lande mag wees.

Enkele verantwoorde aanbevelings volg dan in hoofstuk 5.



TABEL 1.3

## VERIFIKASIE VAN BETROUBAARHEID VAN STEEKPROEF

Onderwysowerhede		Sts. 4 en 5						Sts. 6, 7 en 8					
		Stekproef				Universum		Stekproef				Universum	
		Versend		Ontvang				Versend		Ontvang			
N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Kaapprovinsie	S	960	50,7	690	49,4	19 683	50,7	1 380	51,2	1 040	51,1	28 223	51,2
	M	934	49,3	707	50,6	19 124	49,3	1 316	48,8	994	48,9	26 928	48,8
	T	1 894	100,0	1 397	100,0	38 807	100,0	2 696	100,0	2 034	100,0	55 151	100,0
Natal	S	351	52,0	270	50,4	7 566	52,0	541	53,5	399	51,7	11 052	53,5
	M	325	48,0	266	49,6	6 992	48,0	472	46,5	373	48,3	9 622	46,5
	T	676	100,0	536	100,0	14 558	100,0	1 013	100,0	772	100,0	20 674	100,0
Oranje-Vrystaat	S	310	51,0	239	50,9	6 453	51,0	437	51,1	342	52,1	8 923	51,1
	M	299	49,0	231	49,1	6 206	49,0	419	48,9	315	47,9	8 536	48,9
	T	609	100,0	470	100,0	12 659	100,0	856	100,0	657	100,0	17 459	100,0
Transvaal	S	1 708	50,5	1 207	48,8	35 092	50,5	2 590	51,2	1 950	51,1	53 057	51,2
	M	1 676	49,5	1 264	51,2	34 452	49,5	2 469	48,8	1 868	48,9	50 509	48,8
	T	3 384	100,0	2 471	100,0	69 544	100,0	5 059	100,0	3 818	100,0	103 566	100,0
Suidwes-Afrika	S	103	51,4	68	50,7	1 829	51,7	109	50,5	86	52,1	2 227	50,5
	M	99	48,6	66	49,3	1 708	48,3	107	49,5	79	47,9	2 184	49,5
	T	202	100,0	134	100,0	3 537	100,0	216	100,0	165	100,0	4 411	100,0
Groototaal	S	3 436	50,8	2 474	49,4	70 623	50,8	5 058	51,4	3 817	51,3	103 482	51,4
	M	3 329	49,2	2 534	50,6	68 482	49,2	4 782	48,6	3 529	48,7	97 779	48,6
	T	6 765	100,0	5 008	100,0	139 105	100,0	9 840	100,0	7 446	100,0	201 261	100,0

TABEL 1.3 (Vervolg)  
 VERIFIKASIE VAN BETROUBAARHEID VAN STEEKPROEF

Onderwysowerhede	Sts. 9 en 10						Totaal						
	Steekproef				Universum		Steekproef				Universum		
	Versend		Ontvang				Versend		Ontvang				
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	
Kaapprovinsie	S	567	51,0	456	51,0	11 344	51,0	2 927	51,0	2 186	50,5	59 250	51,0
	M	546	49,0	438	49,0	10 888	49,0	2 813	49,0	2 139	49,5	56 940	49,0
	T	1 113	100,0	894	100,0	22 232	100,0	5 740	100,0	4 325	100,0	116 190	100,0
Natal	S	233	54,0	183	51,8	4 638	54,0	1 143	53,1	852	51,3	23 256	53,1
	M	199	46,0	170	48,2	3 946	46,0	1 009	46,9	809	48,7	20 560	46,9
	T	432	100,0	353	100,0	8 584	100,0	2 152	100,0	1 661	100,0	43 816	100,0
Oranje-Vrystaat	S	163	48,9	136	50,9	3 248	48,9	914	50,7	717	51,4	18 624	50,7
	M	171	51,1	131	49,1	3 389	51,1	890	49,3	677	48,6	18 131	49,3
	T	334	100,0	267	100,0	6 637	100,0	1 804	100,0	1 394	100,0	36 755	100,0
Transvaal	S	977	50,4	807	51,4	19 491	50,4	5 249	50,8	3 964	50,4	107 640	50,8
	M	962	49,6	762	48,6	19 110	49,6	5 084	49,2	3 894	49,6	104 071	49,2
	T	1 939	100,0	1 569	100,0	38 601	100,0	10 333	100,0	7 858	100,0	211 711	100,0
Suidwes-Afrika	S	40	52,0	32	52,5	806	52,0	241	51,2	186	51,7	4 862	51,2
	M	37	48,0	29	47,5	743	48,0	230	48,8	174	48,3	4 635	48,8
	T	77	100,0	61	100,0	1 549	100,0	471	100,0	360	100,0	9 497	100,0
Srbottotaal	S	1 986	51,0	1 614	51,3	39 527	51,0	10 475	51,1	7 905	50,7	213 632	51,1
	M	1 909	49,0	1 530	48,7	38 076	49,0	10 025	48,9	7 693	49,3	204 337	48,9
	T	3 895	100,0	3 144	100,0	77 603	100,0	20 500	100,0	15 598	100,0	417 969	100,0

## HOOFSTUK 2

### VRYETYDSBESTEDING IN ENKELE OORSESE LANDE

#### 2.1 INLEIDING

'n Besondere en grondige studie is gemaak van die probleme wat vryetydsbesteding in die moderne eeu oplewer, veral waar dit die jeugdige werknemer raak. Veelal is die gevoel in oorseese lande dat jeugdiges wat nog op skool is, wel toegelaat kan word tot jeugsentra wat daargestel is terwille van die jong werker. Daar word egter nie spesiaal en spesifiek vir skoolgaande leerlinge in hulle vrye tyd, en veral in vakansietyd, voorsiening gemaak nie.

#### 2.2 VRYETYDSBESTEDING IN WES-DUITSLAND

##### 2.2.1 'n Historiese perspektief

Dit is miskien in Duitsland waar die sterkste besef word hoe uiters belangrik dit is om jeugbewegings daar te stel vir die 15- tot 25-jarige groep jongmense. Na die stigting van die Freideutsche Jugend in 1913 is daar 'n geleidelike toename in die tot standkoming van ander jeugorganisasies, georganiseerde bedrywighede soos kampe en toere, en die daarstelling van jeugherberge. In 1922 word die Reichsjugendwohlfahrtgesetz aangenaam waarin die algemene beginsels vir jeugdiens bepaal is - die opvoeding van die jeug is as ideaal gestel. Die Hitlerjugend van 1934 het egter bereidheid om alles vir die staat feil te hê, voorop gestel. Na die Tweede Wêreldoorlog het die ou jeugbewegings herlewe en daar was dringende werk om te doen, aangesien miljoene weeskinders versorg moes word. Eers in 1950 is 'n Bundesjugendplan geloods om die jeug te help, en binne die volgende tien jaar is 520 jeugherberge, 900 jeugsentra, 50 vryetydsentra vir jeugdiges en 9 inrigtings waar jeugleiers opgelei word, met ruim staatshulp gestig (10 : 70-77).

Soos in die meeste Westerse lande, is Wes-Duitsland se jeugprobleme moontlik vererger deur die reaksie teen die Hitlerjugend van die sogenaamde "Nazizeit". Die Gammeler, die Rocker, die Hippies en die Halbstarke word veral in die stede aangetref. Hulle is langharige, ongewaste, buitensporig-geklede daggarokers wat op die stadspleine leeglê, ander wat wel werk maar na werksure rondloop of op hulle bromfietse rondja en moeilikheid soek. Hulle trek tot hul geledere die weerbarstige elemente onder die skoolgaande jeug, maar hul invloed



op die breë massa van die skoolleerlinge is nie so giftig en arglistig as dié van die linksgesinde studente nie. Hierdie studente is in opstand teen die gevestigde owerheid, teen die "establishment", 'n woord wat deur die Duitse studente as skel-woord gebruik word om almal aan te dui wat regeer of hulle laat regeer ("alle die herrschen oder sich beherrschen lassen"). Hulle eis groter seggenskap oor akademiese sake en het in Wes-Berlyn alreeds stem- en sittingsreg in die senaat van die universiteit verkry. Hulle bestee besondere aandag aan die leerlinge in die hoogste klasse van die gimnasia, dit wil sê die leerlinge wat die volgende jaar na die universiteite sal gaan, sodat hulle voorberei sal wees om 'n Marxistiese rigting in te slaan. Hulle is wel 'n minderheidsgroep, maar luidrugtig en aktief. Die volgende aanhaling uit Cultural News from Germany toon hoe die invloed van linksgesinde studente in Wes-Duitsland tot die skoolgaande jeug deurdring: "Unrest amongst students seems gradually to have spread to pupils in the schools. The Action Centre of Independent and Socialist Pupils (AUSS - Actions Union Sozialistisches Schülern) founded in Frankfurt in 1967, now has about 3 000 members in 17 German towns." (20 : 21). Die owerheid is van mening dat hierdie linksgesinde studente se bese invloed op die jeugdige alleen bekamp kan word deur voortdurende aandag aan die vorming van die jeugdige te wy, veral in hulle vrye tyd, en 'n gesonde lewensopvatting by hulle in te skerp deur middel van goedgekeurde jeugorganisasies (20 : 21).

## 2.2.2 Georganiseerde pogings om doeltreffende vryetydsbesteding moontlik te maak

### (a) Die Bundesjugendplan

Die doel met die Bundesjugendplan is om in die vryetydsbehoefte van die jeug tussen die ouderdomme van 14 en 25 te voorsien. Jong mense moet gehelp word om liggaamlik-psigies-geestelik so gevorm te word dat hulle op verantwoordelike wyse hul pligte teenoor hul familie, gemeenskap en land sal nakom. Vir sover dit aanvullend is en buite die bestek van die skool val, word opleiding en vorming verskaf. Kontak met die jeug uit verskillende oorde en lande word aangemoedig, jeugsentra en jeugherberge word opgerig en aan die gang gehou en jeugaktiwiteite word georganiseer.

### (b) Jeugsentra

By die jeugsentra word daar voorsiening gemaak vir alle denkbare vryetydsaktiwiteite en -fasiliteite, onder andere biblioteke, musiek en sang, radio en televisie, fotografie,

handewerk en modelbou. Jeugherberge word vir reisgeselskappe gebou, vakansie- en gesondheidsoorde word aangekoop en al die aktiwiteite word gebruik om die integrering van immigrante-kinders te vergemaklik - 'n aangeleentheid wat in die RSA meer aandag kan geniet. Bykans 80 persent van die Duitse jeug maak van hierdie fasiliteite gebruik.

(c) Heime der offenen Tür

In Hamburg, München en elders in Duitsland bestaan daar jeugsentra bekend as die "Heime der offenen Tür". Die bedrywigheede wat aangebied word, is onder meer voorlesings en besprekings, voordrag en opvoerings, sang en musiek, spele (Bewegungs und Gesellschaftsspiele), sport en gimnastiek, hout- en metaalwerk, modellebou, natuur- en kunsstudie, uitstappies, kampeer, besigtiging van geskiedkundige plekke en feestelikhede. Geboue en toerusting is betreklik nuut en toereikend en, soos die naam aandui, staan die deur altyd oop vir jeugdige lede.

Daar word nie alleen gesoek na regstreekse kennismaking met jeugdige volksgenote uit ander Länder nie, maar ook met die jeug van ander Europese lande. Teen geringe koste kom geselskappe uit Engeland, Frankryk, Skandinawië en ander na Wes-Duitsland en bly daar in jeugherberge, waar hulle verwelkom word en met jong Duitsers saamwoon. So leer hulle mekaar ken, verstaan en verdra (21 : 129).

(d) Burg Liebenzell (22 : 1)

Burg Liebenzell in die Schwarzwald is 'n ou kasteel in 'n pragtige omgewing. Dit is spesiaal omgeskep om jong mense uit alle wêrelddele bymekaar te bring, hulle samesprekings te laat hou en aldus 'n internasionale vriendskapskring te vorm. Oor een saak is die Wes-Duitse jeug vasberade: Hulle sal nooit wapens opneem teen mense met wie hulle soveel gemeenskapliks belewe het nie. Dit was treffend om te sien hoe goed die jong Wes-Duitsers en Franse, tradisionele vyande, met mekaar oor die weg kom, en mekaar se tale leer verstaan. Dit het twee wêreldoorloë gekos om hulle tot hierdie sienswyse te bring. Hulle poog om 'n soort Verenigde State van Europa tot stand te bring, met behoud van wat eie aan elke volk is.

(e) Die Goue Plan van 1960

Met die oog op die toekoms is in 1960 "der Goldenen Plan" ontwerp. Met die steeds toenemende industrialisasie het die werker nie meer die gevoel dat hy iets presteer nie - alles is meganies en verg weinig liggaamlike inspanning. Na sy werk

klim hy in sy motor of op sy motorfiets, wat daartoe bydra dat daar al hoe minder liggaamsbeweging en -oefening is. Dit dra by tot frustrasie en opstandigheid - veral by die jeug. Die "goue plan" stel as doel om oor 'n periode van vyftien jaar genoeg speelgronde vir kinders, sportvelde vir die jeug, gimnastieksale en binnens- en buitenshuise swembaddens vir die hele bevolking te verskaf. 'n Skool met 13 klaskamers moet byvoorbeeld 'n binnemuurse, bedekte en verwarmede swembad en 'n gimnastieksaal hê. Die plan geniet die volle steun van die pers en radio en daar word gehoop dat teen 1975 al die nodige fasiliteite vir liggaamsoefening vir die volk voorsien sal wees om aldus die volksgesondheid en volksgeluk te bevorder. Die staat beheer nie die plan nie. Dit bly die taak van vrywillige organisasies wat uitstekend saamwerk en die koördineringswerk van die staat vergemaklik (23 : 82).

(f) Die Bundes-Jugendspiele

Ten einde deelname op groot skaal te bevorder en minder klem op uitnemendheid te laat val, is die Bundes-Jugendspiele ingestel. Alle leerlinge tussen 10 en 16 jaar neem by hulle eie skole maar buite skoolure deel. Deelnemers moet aan sekere fisieke vereistes voldoen en in drie afdelings, te wete naelloop, sprong en werp, minstens veertig punte behaal. Hulle verwerf dan 'n diploma wat onder die beskerming van die staatspresident uitgereik word. Sowat sewe miljoen leerlinge neem jaarliks deel en 50 tot 60 persent van hulle kwalifiseer vir die diploma. Daar word nie ge vra wie eerste of tweede gekom het nie, net wie gekwalifiseer het, en die persentasie word nie op die diploma vermeld nie. So word ywerige deelname deur almal aangemoedig en die klem op die uitblinkers verminder (23 : 101). Ongelukkig vir die ywerige dog middelmatige deelnemer, het die Olimpiese Spele wat in 1972 in München gehou is, die belowende skoolatleet weer op die voorgrond geplaas deurdat die grootste aandag aan moontlike medaljewenners vir Wes-Duitsland gewy is. Die Goue Plan gaan egter voort en dien om die belowende atlete uit te ken.

(g) Werkzaamhede in die stad Hannover

As voorbeeld van wat in die praktyk gedoen word om leerlinge met vakansietye nuttig besig te hou, kan die werkzaamhede van die stad Hannover vermeld word. In die somervakansie (ses weke in die maande Junie tot Augustus) gaan sowat 70 persent van alle leerlinge twee tot drie weke lank op reis, òf privaat òf saam met jeugroepe. Vir die agterblywendes bied die "Verein für Jedermansport, Jugend- und Ferienwandern", wat ten nouste met die sportafdeling van die stad saamwerk, die volgende aan:

- (1) Een wandeldag per week saam met 'n wandelleier van die stadsowerheid.
- (2) Kostelose swemonderrig in alle stedelike swembaddens.
- (3) 'n Voorbereidingskursus vir 'n sportsoort onder leiding van die sportafdeling.

Hierdie reëlings geld vir 10- tot 18-jariges; daarbenewens organiseer die stad, die kerke en die Arbeider-welvaart gesamentlik ritte na die omstreke van die stad vir kinders en jeugdiges. 'n Busreis na een of ander verblyf in die omtrek van die stad (jeugtuistes, jeugherberge, kerktehuise) word elke dag gereël. Die ouers betaal sowat 27c per leerling, wat ontbyt, middagete, koffie en die busrit insluit. Die stad Hannover dra die oorblywende koste en sorg ook vir behoorlike toesig en organisasie van uitstappies en spele. In die stad self is daar 'n moderne "Freizeitheime" en die "Haus der Jugend". Hierdie inrigtings se deure staan die hele dag en saans oop en bied aan die jeug alle moontlike bedrywighede gedurende die skoolkwartaal en in die vakansies.

(h) Die aandeel van die nyweraar

Die Duitse nyweraar beseft dat die jong skoolseun 'n intensiewe belangstelling in masjinerie het en weet dat hy uit die skoolgeledere sy toekomstige werkers moet trek. Hy weet dat daar seuns sal wees wat graag in die vakansie 'n besoek aan 'n fabriek sal wil aflê om te sien hoe artikels gefabriseer word. Die gewone rondwandeling met 'n groot skoolgroep, onder leiding van 'n gids, is dikwels vervelig en oorhaastig. As 'n seun egter 'n dag of 'n paar dae alleen of met 'n maat daar kan deurbring en hy kan vertoef en rondkyk waar hy wil en met die werklui gesels, sal hy dit veel interessanter en belangwekkender vind. So 'n kennismaking met die nywerheidswêreld word deur die Deutsche Industrieinstitut georganiseer. Leerlinge ontvang dus 'n insae in die werk "an der Machine", en kry ook 'n nuttige insig in die werklike nywerheidsarbeid. Sodanige stelsel verdien die aandag van die kamers van nywerheidsweese in die RSA.

(i) Freizeitkunde

Met die bekende Duitse "Tüchtigkeit" is deur opvoedkundiges 'n naam aan die studie van vryetydsbesteding gegee, te wete Freizeitkunde, wat volgens Leonhard Froese ten doel het om 'n metode te ontwerp waardeur die leerlinge 'n maatstaf vir selfverantwoordelike vergestaltung deur gebruik van sy vrye tyd

gegee word, nie deur intellektuele besinning nie maar deur praktiese ervarings vir die leerling beskikbaar te stel (21 : 105). Vergelyk hiermee die sienswyse van dr. A.D. Lindsay: "Provision must be made for the creative use of leisure, so that youth may find a sense of purpose and a set of values which will enable them to acquire self-confidence and become harmoniously developed human beings" (24 : 26).

#### (j) Finansiering

Nie al die koste verbonde aan jeugwerk word deur die staat gedra nie. Die doel is om aan onafhanklike instansies steun te verskaf. Die staat verleen hulp maar organiseer nie aktiwiteite regstreeks nie. Die organiserende liggaam is gewoonlik religieus, polities of sosiaal van aard.

### 2.3 VRYETYDSBESTEDING IN OOS-DUISSLAND

Dit is moeilik om te bepaal wat in verband met jeugwerk agter die ystergordyn gedoen word. Uit Wes-Duitse bronne is egter sekere gegewens oor die vraagstuk, soos dit in Oos-Duitsland beskou word, verkry. In die sogenaamde Duitse Demokratiese Republiek (DDR) het alle jeugwerk 'n sterk propagandistiese inslag. Die feit dat die jong werknemers nou oor meer vrye tyd beskik, is volgens die pleitbesorgers van die kommunistiese staat nie te danke aan outomatisasie of kibernetika nie, maar is toe te skryf aan die vlytige arbeid van arbeidsame mense wat aan die jeug vandag meer vrye tyd as aan die werkende jeug in die verlede gee. Derhalwe word 'n beroep op alle seuns en dogters gedoen om goeie gebruik van hulle vrye tyd te maak. Onbenutte vrye tyd lei tot verveling, lusteloosheid, kragteloosheid, onverskilligheid, vermetelheid en aanmatiging (21 : 161).

Die oproep aan die jeug lui verder: Geen jeugdige kan tot kulturele en sportbedrywighede gedwing word as hulle nie daarvoor lus het nie. Dit is van groter belang om by die jeug die lus en voorliefde vir kulturele en sportbedrywighede te wek en aan te moedig, sodat hulle hul vrye tyd self kan organiseer en nuttig bestee. Veral moet onthou word dat vrye tyd so bestee moet word dat dit die liggaam ontwikkel en sterk maak, sodat die jeug te alle tye gereed is vir arbeid en vir die verdediging van die vaderland. Die leuse van die sportafdeling van die DDR lui dan ook: "Bereit zur Arbeit und zur Verteidigung der Heimat" (21 : 166).

Die stelling word verder gemaak dat die psigologiese oorlog wat uit Wes-Berlyn en Wes-Duitsland teen die demokratiese

republiek gevoer word, daarop gemik is om die aandag van die jeug op die manier waarop die Westerse kapitalistiese jeug hulle vrye tyd deurbring, te vestig. Die jeug word dus aangeraai om die Weste te ignoreer en liever aanbevole boeke te lees en belang te stel in die teater, die film, skilderkuns, dans, musiek, wetenskap en tegniek (21 : 166).

Oral bestaan daar jeugklubs waar, binne die kommunistiese perke, die jeug hulle eie programme opstel. Sport en die fisieke ontwikkeling van die jeug geniet skynbaar die meeste aandag. Hulle moet daarna streef om Olimpiese medaljes te verower, hulle moet deelneem aan "jugendspartakiaden". In alle nuwe woonbuurte word sportvelde en sportfasiliteite verskaf.

Wat betref dans, verklaar die Oos-Duitse owerheid dat dans 'n erkende wyse is om uitdrukking aan lewensgeluk en lewenslus te gee. Hulle is egter daarteen gekant dat die populêre musiek uit die Weste, wat onder die dekmantel van afleiding imperialistiese ideologie propageer, in Oos-Duitsland ingevoer word. Hulle rig 'n sterk pleidooi aan eie komponiste en skrywers van dansliedjies om geskikte melodieë met gepaste woorde beskikbaar te stel. In die DDR moet hulle nie die gewilde liedjies uit die Weste sing nie, maar liever die Weste liedjies uit die DDR laat sing.

Staptoere mag met goedkeuring na bepaalde plekke georganiseer word, nie net om die jong mense die geleentheid te gee om te ontspan nie, maar om die sosialistiese ontwikkeling van die gebiede en die swaartepunte van die ekonomiese ontwikkeling te bestudeer, gedenktekens van die arbeidsbeweging en van kultuurhistoriese belang te besigtig en - onderaan die lys doelstellings - die skoonheid van die natuur te bewonder (21 : 175).

Internasionale jeugtoerisme word aangemoedig. Toeriste uit ander lande mag van die jeugherberge gebruik maak. Sorgvuldig gekose jong seuns en meisies dien as gidse. Hulle moet veral geesdriftig wees oor die uitbouing van die sosialistiese denkwyse.

Aan die leerlinge word opgedra om gedurende vakansies op lewensvrolike maar doelbewuste wyse te sorg dat hulle kragtig en gesond word en bly. In die skooljaarprogram moet vermeld word wat die vakansiereëlings van die leerlinge is.

Die sentrale organisasie vir jeugwerk is die Freien Deutschen Jugend (FDJ). Die woord "Frei" beteken nie vry in

die sin dat dit hulle vrystaan om na goeë dinge te handel nie, maar liever dat hulle vry is van die verderflike invloed van die kapitalisme en die imperialisme. Die jeugdige se doen en late word streng gekontroleer - kontrole word uitgeoefen oor waarheen hulle mag wandel, waar hulle mag kampeer en wat hulle mag sê en aanhoor. Iets soos die studenteproteste en -opstande wat in die afgelope jare blykbaar vanweë kommunistiese opsweping so dikwels in Westerse lande voorgekom het, word in Oos-Duitsland eenvoudig nie geduld nie.

Die opvoedingsdoel is daarop gemik om die Oos-Duitse jeug al verder van hulle Wes-Duitse taal- en volksgeenote te distansieer. Daarenteen is die Wes-Duitse standpunt dat steeds na "Wiedervereinigung" gestreef moet word.

## 2.4 VRYETYDSBESTEDING IN GROOT-BRITTANJE

### 2.4.1 Historiese perspektief

Toe Robert Baden-Powell in 1902 na Engeland terugkeer, nadat hy by die ontset van Mafeking 'n oorlogsheld geword het, het dit hom ontstel om te sien hoe die jeugdige na werk- en skoolure ledig, doelloos en rigtingloos rondgeswerf het. Hy het toe die Boy Scouts-beweging in die lewe geroep. Dit het spoedig inslag gevind en ander jeugbewegings het ontstaan. Ten einde 'n mate van samewerking te bewerkstellig, is in 1926 die Standing Conference of National Voluntary Youth Organisations gestig om te bespreek hoe jeugwerk ten beste beplan kon word om met die tydse rekening te hou. Daar was egter nog nie van staatsweë voldoende erkenning vir hulle belangrike werk nie, hoewel tot in koninklike kringe die noodsaaklikheid van jeugwerk besef is.

### 2.4.2 Die Albemarle-komitee (25)

In November 1958 is 'n komitee onder voorsitterskap van die Hertogin van Albemarle deur die Minister van Onderwys aangestel om op die hele vraagstuk van jeugwerk in te gaan. In sy verslag het die Komitee die terrein van bestaande aktiwiteite en leiding gedek en veral groter staatsubsidiëring bepleit. Die aandag is weer gevestig op die jong skoolverlater wat pas tot die arbeidswêreld toegetree het, hoewel die Komitee aangevoer het dat skoolkinders ouer as 15 jaar vryelik van die fasiliteite van die jeugklubs gebruik moes kon maak. Hulle is egter nooit as 'n afsonderlike eenheid met eie probleme beskou nie.

Die verslag het die noodsaaklikheid vir opgeleide jeug-

leiers benadruk. Hulle kon onderwysers wees wat 'n spesiale kursus as jeugleiers deurloop het, of ander belangstellendes wat dan 'n volle kursus in jeugleierskap moes deurloop. Leiers moes in staat wees om leerlinge in 'n sekere rigting by te staan, maar moes ook met algemene vakke vertrouwd wees. Vakke soos die volgende moes by die kursus ingesluit wees: die Psigologie en Liggaamlike Welsyn van die Adollesent, die Ekonomiese en Sosiale Struktuur van die land, Sosiale Geskiedenis van die 19e en die 20e eeu, Veranderinge in Huisverband en Omgewing, die Veranderde Kultuurvorm, Kommunikasie-middele (onder andere kerk, pers, radio en televisie). Die leier moes die behoeftes en probleme van die jeugdige verstaan en hulle belangstelling in die aktiwiteite wek en behou.

Die geskikste persoon hiervoor, aldus die Albemarle-verslag, is die onderwyser. Die problematiese setel egter daarin dat daar min bevorderingsmoontlikhede by jeugwerk is. Daarom word bepleit dat 'n onderwyser hom 'n tydperk daaraan sal kan wy en dan tot die formele skoolonderwys terugkeer met volle erkenning van sy diens. Dit sal onvermydelik voortdurende personeelwisseling meebring maar dit is verkieslik bo die aanstelling van ongekwalifiseerde persone.

#### 2.4.3 Vryetydsbedrywighede in Brittanje

Ten einde veral die jeugdige stedelinge gedurende vakansietye van die strate af weg te hou, is kursusse ingestel om hulle na die buitewêre te lok. The Outward Bound Trust, Adventure School, Duke of Edinburgh Award en ander instellings, het hulle ten doel gestel om die lus na avontuur weer eens by jongmense te laat posvat. Die Crowther-komitee het die volgende bevind: "These schemes have shown that there are forms of training, in which physical challenge and response play a large part, which have a strong appeal to many young people" (26 : 194). Die klem val veral op die moeiliker sportsoorte soos ski, ysskaats, bergklim, waterski, kanohantering, oriëntering, seiljagreise en seevisvangs. (Vergelyk die Veld- en Vleibeweging in die RSA.)

Jeugherberge is oral in die land opgerig waar jongmense wat fiets- en wandeltoere onderneem, kan oornag. Deurgaans is getrag om vryetydsbesteding aantreklik en tog ook opbouend te maak. Daar word gestry teen die bromfietskommando, wat te haastig en te mobiel is om op een plek te vertoef, en teen die langhaarlui en die protesteerders wat hulle ontevredenheid met alles in die bestaande orde tot in die skole laat deurspeel het.

Dit staan die gewone hoërskoolleerling in Engeland vry om



gedurende die vakansies by enige van die talryke jeugsentra en jeugklubs aan te sluit. Hy word daar egter steeds as mindere gesien wat deur die jeugdige volwassene geduld maar nie heeltemal opgeneem word nie. Daar bestaan steeds die wesentlike gevaar dat sommige skoolkinders geredelik die afkeurenswaardige gewoontes aanleer omdat nastrewing van die goeie en behoorlike moontlik as nie-volwasse beskou mag word.

Nogtans is die oë van die owerhede geensins gesluit vir die behoeftes van leerlinge in vakansietye nie. Georganiseerde toere na die vasteland en na besienswaardighede in die eie land word op groot skaal onderneem. In Northumberland byvoorbeeld is Fordcastle ('n ou kasteel) deur die eienaar aan die onderwysdepartement oorhandig op voorwaarde dat dit as vakansieoord moet dien vir die kinders in die rookomhulde hawestad Newcastle-on-Tyne. Fordcastle is geleë in die lieflike oop wêreld by die Cheviot Hills en daar leer die stadskinders die veld en die plantewêreld ken, iets wat vir hulle andersins onbekende terrein sou gebly het.

#### 2.4.4 Lokale vir vryetydsbesteding

Daar word in Brittanje algemeen aanvaar dat skoolgeboue en -terreine vir naskoolse jeugwerk geskik is en gebruik behoort te word. Daar word wel deur onderwysers - veral dié wat verantwoordelik is vir die houtwerk- en huysvlytkamers, die gimnasium en die swembad - gemor oor die verdwyning en beskadiging van apparaat en die vernieling van fasiliteite. Dit is egter 'n prys wat betaal moet word ten einde die leegstaande skoolgebou gedurende skoolvakansies in diens van die jeug te benut.

Waar skoolgeboue nie beskikbaar is of in die behoeftes kan voorsien nie, word spesiale jeugsentra opgerig. Prototipe van sy soort is die Withywood Jeugklub in Bristol (4 : 82). Die doel is dat sosiale, praktiese, fisieke en kulturele bedrywighede in dieselfde gebou, geïsoleerd maar nie geïnsuleerd nie, moet kan plaasvind. Dit sou argitekte, wat hier te lande gevra mag word om jeugsentra te beplan, goed te staan kom as hulle die plattegrond en die bouplan van hierdie klub sou bestudeer.

#### 2.4.5 Vormende waarde van Jeugbewegings

Die noodsaaklikheid van 'n doeltreffende jeugdies in Brittanje is benadruk deur die afskaffing van verpligte militêre diens en van kadette by skole. Jeugdiges word dus nie meer op hierdie wyse aan streng dissipline onderwerp nie, en

dit kan onder andere in 'n toegeeflike gemeenskap tot die losbandigheid lei wat veral met vakansietye so ooglopend is. In hulle vrye tyd - skoolvakansies ingesluit - loop die "mods", "rockers", "hippies", "hell's angels" en "skinheads" mekaar te lyf en maak die lewe van almal in die omgewing onaangenaam. Dit is in hul vrye tyd gedurende hul skoolloopbaan dat die leerlinge die kwade gewoontes begin aanleer en besef dat in 'n welvaartstaat daar nie vir die dag van mōre gesorg hoef te word nie. Gee dus vandag al jou geld uit en geniet jou jong lewe ten volle, is die algemene sienswyse van die jeug. Teen hierdie wellusleer en lusbestrewing moet die jeugbewegings die stryd voer deur jongmense te oortuig dat daar net soveel plesier en genot uit 'n sosiaal-aanneemlike lewenswyse te put is. Voorwaar 'n opdraende stryd, maar een wat gewen sal moet word as die dekadensie, waarvan sy teenstanders hom beskuldig, nie Brittanje se voorland moet wees nie. 'n Gesonde lewensuitkyk, goeie burgerskap en die beste persoonsvorming is wat die jeugbewegings nastreef - maar gepaard hiermee gaan genotvolle tydverdryf, interessante aktiwiteite en aangename sosiale verkeer. Van verveeldheid mag daar nooit sprake wees nie. Die staat dra ruim by tot die verwesenliking van die ideale wat met jeugwerk nagestreef word. Die werk word gekoördineer deur die Standing Conference of National Voluntary Youth Organisations.

#### 2.4.6 Aktiwiteite by die jeugsentra

By die jeugsentra word getrag om voorsiening te maak vir alle bedrywighede waarin jong mense moontlik kan belangstel, soos onder andere sportsoorte, handewerk, pottebakkerij, leerwerk, blommerangskikking, hareversorging en poppespel. Vir een besondere tydverdryf, naamlik dans, word by elke jeugsentrum gesorg. Sonder 'n danssaal en gewilde musiek kan die sentrum maar sy deure sluit. Die feit dat daar behoorlike toesig is, moedig ouers aan om hul kinders daarheen te laat gaan, liever as na sommige openbare plekke waar die ongewenste elemente hoogty vier.

Die doelstelling met jeugwerk is deur sir John Maud, indertyd Sekretaris van Onderwys, soos volg bewoord: "To offer individual young people in their leisure time opportunities of various kinds, complementary to those of home, formal education and work, to discover and develop their personal resources of body, mind and spirit, and thus to better equip themselves to live the life of mature, creative and responsible members of a free society. In his leisure activities youth can satisfy man's four basic needs: a sense of belonging, stimulating activities, a schedule of events to look forward to, a modicum of sociability" (25 : 36).

#### 2.4.7 Jeugbewegings in Wallis

Van belang vir Suid-Afrika is die sienswyse van die Albemarle-komitee oor jeugdiens in Wallis: "The existence of two languages in Wales necessitates a different approach to the problems of youth and at the same time multiplies them. A bilingual nation needs bilingual provision in the form of youth clubs, no less than in the provision of schools. It is natural to find youth clubs conducting their affairs through the medium of Welsh within a stone's throw of others which are wholly English" (25 : 98). Op die oog af sou dit meer ekonomies en, uit die nasionale oogpunt beskou, meer wenslik wees as die twee groepe in gesamentlike klubs bymekaar sou kom.

### 2.5 VRYETYDSBESTEDING IN NEDERLAND

#### 2.5.1 Jeugprobleme

Nederland het ook met opstandige jeugdige te kampe. Die "nozems" en die "provos" is die eweknieë van die "mods" en "rockers" in Engeland, die "zazou" en "blousons noirs" in Frankryk, die "schlurf" in Oostenryk en die "stilyagi" in Rusland. Hulle is veral in die strate en op die pleine van die groot stede te sien. Hulle is nie altyd vredeliewend nie en bots dikwels met die polisie. In De Jeugd in Het Geding skryf Krantz en Vercruijse: "De nozems wekken de indruk aan de bestaande orde geen grote waarde toe te kennen, een negatieve en aggresiewe mentaliteit te bezitten en, zich van hun bijeenbehoren dof bewust, aaneensluiting te zoeken. Het kan niemand verwonderen dat deze jongeren verslingerd raken aan een vormloze, haast barbaarse modedans" (27 : 25).

Die bondgenote van die "nozems" op bromfietse heet in die wandel "brozems". Dan is daar nog die "supernozems" wat hulle van die gewone "nozems" onderskei deurdat hulle 'n groter mate van gevormdheid openbaar en ook 'n groter vermoë besit om aan hulle innerlike lewe uitdrukking te gee. Kenmerkend is die verskerpte lewensgevoel, die sterk kunstenaarsinslag en die meer opvallende uiterlike manier van kleding. Die "supernozems" is die "beatniks" van Nederland.

#### 2.5.2 Jeugdiens en jeugorganisasies

Die feit dat Nederland in baie opsigte 'n welsynstaat is, laat by sommige van die jeugdige die gevoel posvat dat dit heeltemal onnodig is om oor die dag van môre bekommerd te wees. Niemand kan gedwing word om te werk nie. As iemand

nie wil werk nie, kry hy tog van die staat 'n genoegsame toelae om in sy lewensbehoefte te voorsien. Hy kan dus leeglê sonder om honger te ly. Daarom wend die jeugorganisasies sterk pogings aan om leerlinge by vakansiebedrywighede in te skakel en aldus kennis te laat maak met 'n beter wêreld as wat deur die "nozems" voorgelê word.

In Nederland bestaan die neiging om sosiaal-kulturele in-delings op grond van geloofsoortuiging te maak. Daar is kon-fessionele universiteite, skole, radiodienste, politieke partye, skrywerskringe - op byna elke gebied van die lewe word daar volgens kerkverband onderskei. Daar is ook baie instellings wat heeltemal neutraal staan teenoor die geloof van lede. Hoewel daar al in die vorige eeu die Vereniging vir Christelike Jeug en die Katolieke Jeugorganisasie bestaan het, is werklike jeugwerk, soos dit vandag vertolk word, 'n taamlik resente ont-wikkeling in Nederland. Die Raad vir Jeug- en Volwasse Onder-wys wat na die Tweede Wêreldoorlog deur die Minister benoem is, het die taak om die Minister insake onderwys vir volwassenes, liggaamlike opvoeding, spele, sport en vorming van die jeug te adviseer. Skoolgaande jeug word egter alleen toevallig betrek.

'n Nasionale Jeugdiensraad is ingestel om die Minister te adviseer oor jeugorganisasies en jeugdienste, jeuginrigtings, opleidingsentra en sport en die opleiding van jeugleiers. Dit word nie meer aan die afsonderlike vrywillige jeugorganisasies oorgelaat om hulle eie jeugleiers op te lei nie, aangesien dit in spesiale skole gedoen word. Ten einde alle jeugorganisa-sies in 'n mate te koördineer, is die Nederlandse Jeuggemeen-skap (NJG) in die lewe geroep. As bestuur het dit 'n Raad van Afgevaardigdes waarop twee lede van elke geaffilieerde liggaam sitting het. Dié Raad het 'n permanente sekretariaat. Om die NJG te help met die beplanning van geboue en sportgronde, is daar die Stichting Ruimte voor Jeugd wat geraadpleeg word. Hierdie stigting bestaan uit argitekte en boumeesters wat plaas-like owerhede oor die verskaffing van vryetydsfasiliteite adviseer.

Die jeugorganisasies betrek sowat 30 persent van die jeug-diges en 'n klein persentasie van hulle is nog op skool. As dit met die persentasie in Duitsland vergelyk word, is dit te verstane waarom Nederlandse opvoedkundiges kopskuddend die Nederlandse jeug betrag. Tog floreer kuns en drama, sport en ander aktiwiteite by die jeugsentra. Klubhuise, die vergader-plekke van die jongmense, verrys oral. Nederland aanvaar sy verpligtinge teenoor die jeug met tipiese deeglikheid, matig-heid en gestadigheid.

### 2.5.3 Voorbeelde van Nederlandse jeugsentra

Die jeugsentrum La Tranchée by Weert is eintlik 'n skoolkompleks wat in vakansietye aan hoërskoolleerlinge (sekondêre skoolleerlinge) vir internasionale byeenkomste beskikbaar gestel word. Daar word onder andere 'n kampeerterrin, sportvelde, tennisbane, werkwinkels, 'n opelugteater, botaniese tuine en ryperde beskikbaar gestel. Die sentrum het sy eie voltydse personeel en neem seuns op, ongeag hulle geloof (4 : 91).

In Den Haag bestaan daar 'n gesamentlike jeugraad, Haagsche Jeugd Actie, en die jeugklub dra die aantreklike naam Vrije Uren, Blijde Uren. Jeugsorg word beskou as deel van die onderwysstelsel wat tot die opheffing van klasseskeiding moet lei.

### 2.5.4 Voorsiening vir die jonger groep

Dit gebeur veelal dat jeugdige onder sestien jaar nie tuis voel by die ouer lede van 'n jeugsentrum of jeugklub nie en gevolglik daar wegbly, terwyl dit juis hulle is wat in hulle vormingsjare daar die meeste baat by sou vind. Vir hulle is daar in Nederland "open jeugd - dit tipe jeugdwerk richt zich met name op de jeugdigen van 16 jaar en onder, die zich minder aangetrokken voelen tot het georganiseerde jeugdwerk, doch wel bereid zijn deel te nemen aan minder organisatorisch-gebonden activiteiten, waarbij het accent gelegd wordt op de ontmoeting met leeftijdsgenoten. Deze groep jongeren komt vaak niet uit zichzelf tot initiatieven, doch indien hun in een goed geoutilleerde clubhuis onder deskundige leiding een variatie aan mogelijkheden voor een zelf te kiezen zinvolle tijdbesteding wordt geboden, blijken zij daarvoor groot belangstelling te hebben" (9 : 356).

### 2.5.5 Gevolgtrekkings insake jeugdwerk in Nederland

Goeie jeugdwerk, soos dit tans onderneem word, behoort daartoe te lei dat al hoe minder jongelui hulle by die "nozems" sal skaar. Die jeugdorganisasies probeer doelbewus die verderflike invloed van dié opstandelinge te bekamp. Benewens die jeugklubs en jeugsentra is daar meer as sestig jeugherberge in die Klein Nederland. Gedurende 'n onlangse somervakansie het 200 000 jong Nederlanders en 180 000 jeugdige uit ander lande in die jeugherberge oornag (9 : 450).

## 2.6 VRYETYDSBESTEDING IN SWITZERLAND

### 2.6.1 Organisasie van jeugdwerk

Daar is geen sentrale ministerie van onderwys in Switzerland

nie. Jeugwerk word dus nie vanuit 'n sentrale liggaam georganiseer nie, maar berus by die plaaslike besture. Daar is egter 'n invloedryke, vrywillige jeugorganisasie wat geaffilieerde liggame met raad, daad en geld bystaan. Dit heet die Schweizerische Stiftung Pro Juventate. Die uitgangspunt van die stigting is dat oud en jonk van ontspanningslokale moet gebruik kan maak. Die teenwoordigheid van ouers vergemaklik toesig en hou families bymekaar, veral gedurende die lang winteraande, wanneer daar na die vroeë skemering geen buite-aktiwiteite kan wees nie.

Meer op die jeug gerig, is die "L'enseignement post-scolaire de la gymnastique et des sports" (EPGS) wat hoofsaaklik op skoolverlaters toegespits is. Lidmaatskap word aan seuns tussen 14 en 20 jaar toegestaan, terwyl skoolgaande seuns na skoolure en met vakansietye toegelaat word. Liggaamsoefening word aangebied en opleiding word verskaf in atletiek, swem, ski en bergklim. Sowaat 100 000 seuns - die helfte wat in die genoemde ouderdomsgroep val - word hierby betrek. Die staat dra jaarliks  $2\frac{1}{2}$  miljoen Switserse frank tot jeugwerk by. 'n Dergelike organisasie vir meisies word tans beplan ( 4 : 24).

### 2.6.2 'n Modeljeugoord

By Tenero aan die oewer van die Maggioremeer, het die Switserse Nasionale Trust (Don National Suisse) 'n plaas ter beskikking van die EPGS gestel. Dit beslaan 30 hektaar en kan in die hoofgebou 120 mense huisves. Verder is daar kampeergeriewe vir 100 tente. Hier word vir alle sportsoorte voorsiening gemaak. Alle jeugorganisasies kan hiervan gebruik maak en dit word beskou as 'n modeloord vir vryetydsbesteding deur die jeug.

### 2.6.3 Jeugherberge en klubhuise

Jeugherberge word oral in Switserland aangetref. Daar is 160 oor die betreklik klein landjie versprei. Die Switserse jeug maak vrylik daarvan gebruik en dit staan oop vir die massa jong toeriste uit ander lande wat dwarsdeur die jaar deur die land reis.

Soos oral op die vasteland van Europa, is daar goed ingerigte klubhuise wat as jeugsentra dien. Waar nodig word skoolgeboue en -terreine ook gebruik. Opvallend is egter dat nuwe skole so beplan word dat 'n afsonderlike afdeling van die gebou wat nie toegang verleen tot die gewone skoolgebou nie, uitsluitlik vir naskoolse bedrywighede gebruik word. Elke eenheid beskik oor sy eie gereedskap en apparaat en een van

die groot moeilikhede van gesamentlike lokale word dus uit die weg geruim. Almal gebruik die skoolterrein en sportvelde, 'n praktyk wat geen probleme oplewer nie.

#### 2.6.4 Leerlinge buite gesinsverband

Leerlinge in weeshuise, tehuise en welsynsoorde wat van hul ouers vervreemd of oerloos is en in vakansietye geen heenkome het nie, word in Switserland nie vergeet wanneer vakansiebedrywighede georganiseer word nie. Nie alleen kry hulle die geleentheid om aan uitstappies en reise deel te neem nie, maar hulle word ook by private gesinne geplaas, sodat hulle iets van die familielewe te wete kan kom. Omdat hulle van so baie voorregte verstoke is, geniet hulle dikwels voorkeur en word van benodighede voorsien wat hulle nie kan bekostig nie.

### 2.7 VRYETYDSBESTEDING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

#### 2.7.1 Organisasie van jeugwerk

Jeugaktiwiteite in die VSA verskil van staat tot staat, maar daar is tog 'n deurlopende patroon waarvolgens 'n geheelbeeld gevorm kan word. In die meeste groot dorpe en stede is daar 'n Community Center wat deur die plaaslike owerheid gefinansier word. Dit staan oop vir gebruik deur inwoners van alle leeftye en fasiliteite word daarvolgens ingeruim. Vir jong mense is daar dikwels 'n Young Adult Club, waarby sowel leerlinge as werkende jeugdige tussen 16 en 25 kan aansluit. Soos by die meeste jeugsentra is daar 'n verskeidenheid van aktiwiteite waaraan lede kan deelneem, en omdat dit onder toesig is en geen onreëlmattighede geduld word nie, laat ouers met gerustheid hulle kinders daarheen gaan. Een lid het verklaar dat dit die enigste ordentlike plek is waarheen 'n meisie alleen kan gaan en waar sy op konvensionele wyse vriende kan ontmoet (3 : 11).

#### 2.7.2 Klub vir hoërskoolleerlinge

Dit gebeur soms dat die Young Adult Club klubs stig wat uitsluitlik vir hoërskoolleerlinge bedoel is. By die Madison Community Center bestaan daar so 'n klub wat deur leerlinge van die vyf plaaslike hoërskole self in die lewe geroep is. Dit staan bekend as The Loft. Ledegeld bedra \$1,50 per jaar, maar as iemand die ledegeld nie kan betaal nie, kan hy dit verdien deur werkies in en om die Center te doen. Byeenkomste vind gedurende skoolkwartale op Vrydag- en Saterdaggaande en in die skoolvakansies op weeksaande plaas. Die beheer berus by die

lede self, bygestaan deur personeellede van die Center. Die jeugdige en volwassenes werk saam om die vryetydsbedrywighede te beplan.

Omdat die deelname vrywillig is en lidmaatskap as 'n voorreg beskou word, is daar selde dissiplinêre probleme. Die lede het self die reglement opgestel en daar rus dus op hulle die verpligting om die reëls te gehoorsaam en toe te pas. Al wat die toesighoudende volwassene doen, is om leiding en raad te gee. Elke lid kry 'n lidmaatskapskaartjie wat hy moet toon by enige verrigting waar hy toegang verlang. Die lede hou daarvan om self hulle sake op "volwasse wyse" te beheer en as "volwassenes" beskou te word.

Die uitsluitlike doel van The Loft is egter nie om aangename tydverdryf vir ledige ure te verskaf nie, maar dit beoog om gemeenskapsdiens te lewer en om leerlinge in dié verband op te lei. Hulle tree as gashere op wanneer leerlinge uit ander oorde hulle dorp besoek; ageer as plekaanwysers by byeenkomste ten behoeve van liefdadigheid; kollekteer klere en komberse vir noodlydendes en plant bome in parke.

Hoewel daar by die byeenkomste redelike vryheid bestaan oor die bedrywighede waaraan deelgeneem word, geld een reël vir almal en dit is dat geen bier of bedwelmende drank op die perseel gebring mag word nie, terwyl rook geheel en al verbode is.

Die danssaal kry die grootste aftrek. Daar word somtyds 'n addisionele toegangsgeld van 25c gevra ten einde 'n goeie orkes te huur in plaas van plaatopnames te speel. The Loft stel hom ten doel om van alle lede aktiewe deelnemers aan een of ander bedrywigheid te maak.

Die bedrywighede van The Loft is nie beperk tot wat in die gebouekompleks van die Community Center kan plaasvind nie, want kampering, wandeltoere, hengeltoere, bergklimtogte en so meer word grootskaals gedurende vakansies georganiseer. Die sukses van The Loft is toe te skryf aan die heelhartige samewerking tussen die volwassenes en die jeugdige. Die direkteur van die Center se slagspreuk is: "Avoid the Scylla of adult domination on the one hand and the Charybdis of complete youth domination and chaos on the other" (3 : 227).

### 2.7.3 Kampering

Die gewildste vakansiebedrywigheid in die VSA bly egter kampering. Kampeer in skoolverband is in Michigan en



Kalifornië 'n integrale deel van die skoolprogram. Daar geld die beskouing dat bepaalde leerinhoudes die beste in die vrye natuur aangebied en verwerk kan word, soos byvoorbeeld ten aansien van die natuurkunde, natuurbehoud en agronomie. Leerlinge doen eerstehandse kennis op van hoe natuurlike bronne beskerm, in stand gehou en verbeter kan word. Daar is etlike organisasies wat sulke kampeertogte organiseer, soos onder andere Young Adult Clubs, Boy Scouts, YMCA en Kerkjeugverenigings (2 : 89).

#### 2.7.4 Deelname aan vakansiebedrywighede

Na skatting word 50 persent van die Amerikaanse jeug by vakansiebedrywighede betrek. Dit bly egter, ten spyte van die gewaande demokrasie, die voorreg van die kinders van gegoede en gevestigde burgers. Die kinders van negers en immigrante uit Puerto Rico en Oos- en Suid-Europa moet nog maar op straat na tydverdryf soek. Baie wetsoortreders kom skynbaar uit hierdie groepe. Dit blyk derhalwe noodsaaklik om alle "hoërskoolleerlinge" by die vakansiebedrywighede te betrek ten einde hulle die geleentheid te bied om die negatiewe gevolge van ledigheid te vermy.

#### 2.7.5 Sport as vryetydsbedrywigheid

Daar is groot liefde vir sport in die VSA, maar die nadruk val veelal op diegene wat uitmunt, eerder as op die massa deelnemers. Leerlinge wat in 'n sekere sportsoort goed presteer, word aangemoedig om daarop te konsentreer en daarin te spesialiseer. So word die weg gebaan vir die ontdekking van uitblinkers wat later medaljes by die Olimpiese Spele verower. Die middelmatiges en swakkes word toeskouers en streef nie om hulle na te doen nie, want dit loon die afrigter nie die moeite om aandag aan hulle te bestee nie. Een swem-afrigter is deur 'n moeder gevra wat hy van haar dogter as swemster dink wat die tweede plek in 'n kompetisie behaal het. Die afrigter het verklaar dat hy nie in mense belangstel wat tweede kom nie.

By baie Amerikaanse universiteite bekom 'n uitbinker in 'n erkende sportsoort geredeliker 'n studiebeurs as 'n belovende akademikus. Die amptelike afrigter is net so belangrik as die professor en ontvang minstens dieselfde salaris. Die gevolg is dat sport net so belangrik as akademiese werk geag word, met treurige gevolge vir die deelnemer as sy dae van hoë sportprestasies verby is. Sport speel natuurlik nie so 'n vernamese rol in die ou gevestigde universiteite soos Yale, Harvard en Columbia nie. Die feit is egter dat etlike jong

Suid-Afrikaners wat in sport geprester het, hulle vandag as beurshouers aan Amerikaanse universiteite bevind. Die beurse is meestal toegeken sonder dat hulle self daarom aansoek gedoen het. Eersteklas presteerders op akademiese gebied aan Suid-Afrikaanse universiteite bekom alleen na lang onderhandeling en herhaalde aansoeke 'n studiebeurs aan 'n Amerikaanse universiteit.

#### 2.7.6 Ander kulturele bedrywighede

In die skole van die VSA word baie gedoen om kuns en musiek te bevorder as 'n moontlike loopbaan vir leerlinge en om leerlinge vir nuttige vryetydsbesteding voor te berei. Skoolorkeste, kore, kunsuitstallings, opvoerings en skoolblaaie is van besonder hoë gehalte. In 'n land waarvan die bevolking soveel miljoene tel, is dit begryplik dat daar vir alle moontlike belangstellingsvelde voorsiening gemaak moet word.

Suid-Afrikaners is geneig om die Amerikaanse volk as materialisties en kultureel oppervlakkig te beskou. Gedurende die afgelope halfeeu het die deursnee Amerikaner se belangstelling in kultuursake steeds toegeneem. Vandag is daar heelwat Amerikaners wat buite hulle beroepsfeer geluk vind deur in hulle vrye tyd aandag te bestee aan musiek, drama, opera, lettere en skone kunste. Private donateurs en die staat dra mildelik tot hierdie kulturele vorming by, aangesien hulle besef dat die fondament op skool gelê moet word en dus byeenkomste in vakansietye op plaaslike, provinsiale en nasionale grondslag aanmoedig. Die oortuiging het sterk posgevat dat as 'n man gelukkig is in sy vryetydsbesteding, dit sy produktiwiteit in sy dagtaak kan verhoog. Daar word dus daarna gestreef om sy gevoel van eiewaarde te verhoog deur hom nie slegs een van duisende toekouers te laat wees nie, maar om hom die geleentheid te gee om die rigting waarin sy belangstelling gewek is, ten volle te beoefen.

#### 2.7.7 Die benutting van skoolgeboue en -terreine

Skole word vryelik gebruik vir naskoolse aktiwiteite. In die meeste stede is daar uitstekende samewerking tussen skoolowerheid en gemeenskap. Die volgende aanhalings uit verslae van die Amerikaanse National Recreation and Park Association sal aandui hoe goed die samewerking tussen skool en plaaslike owerheid ten aansien van ontspanning en vryetydsbesteding is:

"In this city the top recreation staff is jointly employed by the Park Board and the School Board, and there is no conflict at all with the School Board regarding the cultural program" (17: 33).

"The liberal policy of the Board of Education, which permits this department to have second call upon all public school facilities, makes it possible to develop a comprehensive neighbourhood program using music rooms, auditoriums and social rooms, throughout the public school buildings" (17 : 33).

"A co-operative agreement has been reached with the School Board for the joint use of facilities, thereby eliminating the duplication of auditoriums, workshops, arts and crafts rooms and gymnasiums. A co-ordinating committee includes top staff members in art, music, dance, drama, home economics, music and outdoor recreation" (17 : 33).

Hoewel hierdie aanhalings na vryetydsbesteding vir naskoolse jeug en volwassenes verwys, is dit duidelik dat skoolgaande jeug geredelik by die bedrywighede betrek kan word. Dit dui op die noodsaaklikheid daarvan om skoolpersele na skoolure en veral gedurende vakansies beskikbaar te stel. Vir Suid-Afrika is hierdie siening betekenisvol in dié sin dat as dié gebruik van skoolgeriewe na skoolure wel 'n mate van slytasie en waardevermindering tot gevolg het, dit 'n uiters geringe prys is om te betaal vir die groot volksdiens wat gelewer word.

In 'n toespraak wat tydens 'n konferensie van die Suid-Afrikaanse Natuurunie gelewer is, het professor Norman Miller van die Universiteit van California hom soos volg uitgelat:

"No country can afford to build duplicate facilities at its schools and in its communities ad infinitum. You cannot go on building separate sportsfields for your sports associations. Municipalities and schools must join hands in assessing the responsibilities they both share in serving the people. .... In the USA we are developing park schools - the Parks Department develops a part of the land and the school develops a part and they share the use of the areas. The swimming pool is built in the park and it is used in the evenings and at week-ends by the general public. The school auditorium is used by the community for civic and functional affairs ..... Institutions of teacher-training should evolve educational recreation concepts as an integral part of their own professional education" (8 : 50).

Op hierdie toespraak het 'n verteenwoordiger van die Johannesburgse Stadsraad sterk reageer:

"The question of the use of school grounds and school facilities in the United States is a very different situation from what we have in this country. In America the Board of

Education is under the control of the city, of the local authority. It is not under the control of the state. Here we have the Provincial Administration, which is so jealous of its authority over its own properties, the school grounds, the school swimming bath, the school hall and the school gym. that despite efforts we have made for 25 years to pool their resources with those of the city we have got practically nowhere." (8 : 54).

Ter staving van professor Miller se standpunt het 'n ander spreker verklaar dat in Engeland bykans elke hoërskool tot tien-uur saans vir naskoolse bedrywighede gebruik word, en bygevoeg dat die hele vraagstuk van vryetydsbesteding al dringender word namate die masjien meer werk van die mens oorneem. Derhalwe moet oor die jaar 2 000 besin en voorbereidings getref word (8 ).

In 'n artikel "Humanities in a Cybernetic-centred Society" skryf Frances Tinucci:

"The increase of leisure with a concomitant elimination of work will permit men to devote their energies to the full cultivation of their powers. Continuous education will become the prime business of future society.

The evolution from a work-oriented to a leisure oriented society will mean that, by the year 2 000, the United States citizen will spend 40% of his days on vacation, 40% on an avocation and 20% in relaxation. Today's conventional educational methods with their systematic and disconnected data provide inadequate preparation for the student who must confront a changing society. Empowered with the excitement of ideas, the power of imagination, the unsuspected energies of the creative spirit, the student of the twenty-first century will be free to live a richer life as a human being, as a cultured person, as a 'full man'" (14 : 48).

Dit is veral "the unsuspected energies of the creative spirit" wat in die vryetydsbesteding van jong mense tot volle ontluiking behoort te kom.

## 2.8 VRYETYDSBESTEDING IN FRANKRYK

### 2.8.1 Fasiliteite en finansiering

Frankryk staan op die voerpunt in Europa wat betref die verskaffing van fasiliteite vir die jeug in hulle vrye tyd. Sportbedrywighede word aangemoedig, jeugsentra, -herberge en -tuistes word oral aangetref en ruim van staatsweë gesteun. Vyf-en-veertig persent van die boukoste van geboue vir die

jeug word deur die regering bygedra. Die opleiding van jeugleiers geniet veral aandag en na die jeugopstand in Mei 1968, het die hele kwessie van die vorming van die jeug weer onder die soeklig gekom.

### 2.8.2 Huidige sienswyse oor jeugwerk

Onlangs is in Straatsburg 'n groot konferensie van jeugleiers gehou. Die volgende menings is tydens die konferensie aanvaar:

- (1) Leerlinge hou nie daarvan om hulle vrye tyd deur te bring in dieselfde skoolgebou waar hulle hulle formele onderrig ontvang nie. Hulle verkies 'n afsonderlike gebou vir 'n jeugklub, hoewel dit gerieflikheidshalwe in die nabyheid van die skool kan wees.
- (2) Leerlinge verkies dat onderwysers nie aan die jeugklubs verbonde moet wees nie. Onderwysers skep 'n skoolse atmosfeer, waaruit die leerlinge juis wil ontsnap.
- (3) Dwarsdeur Europa is hoërskoolleerlinge besig om die gevestigde orde teen te gaan en skole word deur hulle as tipiese outoritêre inrigtings beskou. By jeugwerk moet dus die agtergrond van spanning en onrus in ag geneem word.
- (4) Leerlinge moet na skool en in vakansietye fasiliteite vir vryetydsbesteding en advies en leiding aangebied word, maar hulle moet hulle eie reglement opstel en self vir die goeie beheer van die jeugklub of -sentrum verantwoordelikheid aanvaar. Volwassenes as leiers moet aanwesig wees, maar hulle aandeel moet onopsigtelik wees.
- (5) Jeugleiers moet deeglik opgelei word en moet vertrouwd wees met jeugwerk en die sienswyse van die moderne jeug.
- (6) Die enigste bevredigende antwoord op die kritiese houding wat die huidige jong geslag teenoor die maatskappy openbaar, is om aan hulle dié soort onderrig te gee wat hulle self verlang. Die jeugleier moet hom beywer om onweerlegbare feite aan die jeug voor te lê en om hulle die geleentheid te bied om self na te dink en tot 'n eie gevolgtrekking te kom.

### 2.8.3 Die jeugdorp by Coupainville

Frankryk is vasbeslote om nie weer sy jeug in die hande van oproermakers te laat verval nie, en verkies om hulle in

hul nuwe lewensbeskouing tegemoet te kom deur hulle as waardige landsburgers voor te berei. As voorbeeld dien die stigting van 'n hele jeugdorp by Coupainville, naby Troyes. Dit bestaan uit 8 geboue, waarvan elk 150 jong mense tussen 14 en 21 jaar kan huisves. Daar is een groot gebou vir algemene gebruik en al die gesamentlike aktiwiteite vind daar plaas. Dié kompleks behels onder andere 'n vergadersaal, kantore en 'n kafeteria. Rondom die "dorp" is die speelvelde vir voetbal, korfbal, atletiek, tennis en ander sportsoorte.

Die jeugdige van Coupainville geniet volle "selfregering". Die inwoners van elke gebou is vir hulle eie sake verantwoorde-lik, en 'n burgemeester en dorpsraad word deur die "dorpelinge" gekies. Die dorp is dwarsdeur die jaar oop, en jong werkers gaan daarheen wanneer hulle vakansieverlof het. Skoolgaande leerlinge word gedurende die lang vakansies toegelaat. Met behulp van 'n staatsubsidie word die verblyf-koste baie laag gehou.

Die verhouding met die nabygeleë stad Troyes is baie gesond en Coupainville word deur die stadsbewoners as 'n werk-verskaffings-bron beskou. Die inwoners van Troyes mag ook van die swembad en ander geriewe gebruik maak (14 : 81).

#### 2.8.4 Hervorming

In 1959 het die destydse Minister van Onderwys, Jean Berthoin, die omvangryke hervorming in die Franse skoolwese geloods. Volgens sy mening kan alleen goeie vorming die oordeelsvermoë van die moderne mens versterk en daartoe bydra dat hy, deur met kulturele goedere besig te wees, 'n beskerming teen die misbruik van vrye tyd skep.

### 2.9 VRYETYDSBESTEDING IN BELGIË

#### 2.9.1 Doel met jeugwerk

Die doel met jeugwerk in België is dieselfde as elders, naamlik om jongmense op te voed om hulle hul vrye tyd so nuttig en produktief moontlik tot hulle eie welsyn en tot voordeel van kerk, staat en maatskappy aan te wend.

#### 2.9.2 Staatsteun

Van die regering word onder sekere voorwaardes ruim skenkinge vir jeugwerk ontvang. Plaaslike jeugaksies wat minstens 25 lede moet hê, moet hulle toespits op die opvoeding van die jeug in hulle vrye tyd, en moet streef na harmonieuse

verwerking van elke lid se moontlikhede. Die organisasie moet oor bekwame opgeleide leiers beskik om die doelstellings van die organisasie te verwerklik.

Die regering dra 60 persent van die koste by vir die oprigting van sportgronde, swembaddens en gimnasia. Weer eens moet benadruk word dat die gebruik van hierdie fasiliteite na skoolure plaasvind. As die skole se akademiese taak beëindig is, loop die dagtaak van die onderwyser ook ten einde. Die kind moet hom vir nuttige vryetydsbesteding na jeugorganisasies wend.

### 2.9.3 Koördinerings van jeugdienste

Daar bestaan 'n koördinerende liggaam, die "Nasionale Dienst voor de Jeugd" wat sorg dat organisasies die geleentheid gegee word om kennis en ondervinding te vergelyk om sodoende 'n jeugbeleid op breë skaal uit te werk. Kursusse is deur die staat opgestel aan die hand waarvan vol- en deeltydse leiers opgelei word. Jeugleiding is ook 'n verpligte deel van onderwysersopleiding. By Genval is 'n kollege opgerig uitsluitlik vir die opleiding van jeugleiers.

### 2.9.4 Skakeling met jeugdige uit ander lande

'n Herberg is deur die regering in Brussel beskikbaar gestel as tuisgaanplek vir jongmense uit ander lande. Hulle ontmoet jongmense van België en leer die Belgiese leefwyse ken en waardeer. Geselskappe uit skole in Brittanje, Frankryk en Duitsland maak gereeld van hierdie fasiliteit gebruik (10 : 2).

Omdat België vir sy voortbestaan van die omliggende lande afhanklik is, word op groot skaal reise oor die grense georganiseer. In die Nederlandstalige gedeelte van België word nouer aanraking gesoek met Nederland, sodat dit by die jeug natuurlik moet wees om "algemeen beschaafd Nederlands" te besig en Vlaamse dialektiese sinswendinge te vermy. So byvoorbeeld is gereël dat senior leerlinge van die Koninklike Athenaeum in Brussel 'n vakansie deurbring saam met senior leerlinge van die Rotterdamse Hoger Burgerschool, Willem de Zwijger. Die samekoms is gereël in die Volkshogerschool, De Zandhoeve in Bergen in Noord-Holland, en die organiseerder skryf daarvoor in sy verslag:

"Is zo iets niet veel belangrijker dan vele redevoeringen over de rol van België in het toekomstig Europa of over de toenadering tot Nederland? Het doel van zulk een bijeenkomst

is de moeite waard: elkander beter te leren kennen en kennis te maken met elkanders kultuur, levensomstandighede en probleme ten einde te geraken tot een beter onderling begrip, gemeenschappelyk verantwoordelykheidsbesef en samewerking met andere leden van uiteenlopende sociale groeperingen" (15 : 4).

#### 2.9.5 Beskouing oor "Vers une p dagogie des loisirs juv niles" van E. Breuse (Vergelyk 3)

Met 'n oorweldigende meerderheid het beide die seuns en die meisies te kenne gegee dat hulle gedurende sowel die winter as die somervakansies na die radio geluister en/of plate gespeel het. In die wintervakansie van 1970 het 90,5 persent van die seuns en 90,6 persent van die meisies tyd daaraan bestee, terwyl die ooreenstemmende persentasies vir die betrokke somervakansie onderskeidelik 91,9 en 94,0 is (kyk tabelle 3.69 en 3.70). Hierdie is 'n verskynsel wat hom ook vir die verskillende woonplek en standerdgroepe voordoet. Die vraag is egter hoe die feit geïnterpreteer moet word dat in beide winter- en somervakansie ongeveer een uit elke tien leerlinge beweer dat hulle glad nie na 'n radio geluister of plate gespeel het nie, veral gesien in die lig daarvan dat die besit van 'n radio vandag binne elkeen se bereik is.

Voorts kan gewys word op die getal ure per week wat leerlinge na die radio geluister of plate gespeel het. Die beeld

TABEL 3.67

PERSONE OF INSTANSIES WAT UITSTAPPIES VIR LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET GEDURENDE DIE WINTERKANSIE VAN 1970, GEFEEL HET

Persone/ Instansies		Stad				Dorp				Plees				Groot- totaal													
		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal	Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10			Totaal											
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%										
Leerling self	S	75	25,2	165	46,6	76	55,9	316	40,1	84	32,7	179	47,7	58	48,7	321	42,7	43	51,8	81	52,6	40	55,6	164	53,1	801	43,3
	M	55	19,4	97	31,0	42	37,8	194	27,4	61	27,8	88	29,6	43	36,1	192	30,2	21	29,2	56	40,0	38	52,1	115	40,4	501	30,8
Ouers	S	176	59,1	117	33,1	36	26,5	329	41,8	134	52,1	130	34,7	32	26,9	296	39,4	30	36,1	51	33,1	21	29,2	102	33,0	727	39,3
	M	189	66,5	145	46,3	38	34,2	372	52,5	138	63,0	141	47,5	49	41,2	328	51,7	43	59,7	66	47,1	26	35,6	136	47,4	835	51,3
Skool	S	2	0,7	4	1,1	2	1,5	8	1,0	4	1,6	2	0,5	2	1,7	8	1,1	0	0,0	1	0,6	0	0,0	1	0,3	17	0,9
	M	4	1,4	4	1,3	0	0,0	8	1,2	2	0,9	0	0,0	0	0,0	2	0,3	1	1,4	0	0,0	1	1,4	2	0,7	12	0,7
Klub	S	10	3,3	16	4,5	1	0,7	27	3,4	5	1,9	5	1,3	1	0,8	11	1,5	1	1,2	3	1,9	1	1,4	5	1,6	43	2,3
	M	3	1,1	6	1,9	1	0,9	10	1,4	2	0,9	12	4,0	3	2,5	17	2,7	1	1,4	0	0,0	0	0,0	1	0,4	28	1,7
Jeugorga- nissie	S	10	3,3	17	4,8	9	6,6	36	4,6	5	1,9	11	2,9	8	6,7	24	3,2	2	2,4	5	3,2	3	4,2	10	3,2	70	3,8
	M	7	2,5	10	3,2	9	8,1	26	3,7	4	1,8	15	5,1	2	1,7	21	3,3	1	1,4	5	3,6	2	2,7	8	2,8	55	3,4
Ander	S	25	8,4	35	9,9	12	8,8	72	9,1	25	9,7	48	12,8	18	15,1	91	12,1	7	8,4	13	8,4	7	9,7	27	8,7	190	10,3
	M	26	9,2	51	16,3	21	18,9	98	13,8	12	5,5	41	13,8	22	18,5	75	11,8	5	6,9	13	9,3	6	8,2	24	8,4	197	12,1
TOTAAL	S	298	100,0	354	100,0	136	100,0	788	100,0	257	100,0	375	100,0	119	100,0	751	100,0	83	100,0	154	100,0	72	100,0	309	100,0	1848	100,0
	M	284	100,0	313	100,0	111	100,0	708	100,0	219	100,0	297	100,0	119	100,0	635	100,0	72	100,0	140	100,0	73	100,0	285	100,0	1528	100,0

TABEL 3.68

PERSONE OF INSTANSIES WAT UITSTAPPIES VIR LEERLINGE WAT TUIS GEELY HET GEDUENDE DIE SOMER/AKANSIE VAN 1970/71 GEREËL HET

Persone/ Instansies	Stad								Dorp				Plaas				Groot- totaal										
	Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Groot- totaal										
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%									
Leerling_self	S	77	28,2	110	41,4	73	59,8	260	39,3	58	28,4	143	46,9	42	51,2	243	41,1	30	40,5	65	52,4	35	66,0	130	51,8	633	42,1
	M	45	19,5	97	31,0	33	34,0	175	27,3	37	18,1	66	25,5	41	39,0	144	25,4	26	38,8	45	37,8	22	36,5	93	37,5	412	28,3
Ouers	S	156	57,2	104	39,1	26	21,3	286	43,3	111	54,4	111	36,4	26	31,7	248	42,0	35	47,3	40	32,3	11	20,8	86	34,3	620	41,3
	M	153	66,2	128	40,9	32	33,0	313	48,8	143	70,1	124	47,9	42	40,0	309	54,4	39	58,2	58	48,7	28	45,2	125	50,4	747	51,3
Skool	S	2	0,7	6	2,3	0	0,0	8	1,2	2	1,0	3	1,0	0	0,0	5	0,8	2	2,7	2	1,6	0	0,0	4	1,6	17	1,1
	M	2	0,9	1	0,3	0	0,0	3	0,5	1	0,5	2	0,8	0	0,0	3	0,5	0	0,0	1	0,8	0	0,0	1	0,4	7	0,5
Klub	S	8	2,9	8	3,0	3	2,5	19	2,9	7	3,4	3	1,0	0	0,0	10	1,7	0	0,0	4	3,2	0	0,0	4	1,6	33	2,2
	M	3	1,3	5	1,6	2	2,1	10	1,6	1	0,5	9	3,5	1	1,0	11	1,9	0	0,0	1	0,8	0	0,0	1	0,4	22	1,5
Jeugorga- nisasie	S	9	3,3	14	5,3	5	4,1	28	4,2	6	2,9	9	3,0	2	2,4	17	2,9	1	1,4	3	2,4	3	5,7	7	2,8	52	3,5
	M	3	1,3	23	7,3	10	10,3	36	5,6	2	1,0	13	5,0	1	1,0	16	2,8	0	0,0	4	3,4	3	4,8	7	2,8	59	4,0
Ander	S	21	7,7	24	9,0	15	12,3	60	9,1	20	9,8	36	11,8	12	14,6	68	11,5	6	8,1	10	8,1	4	7,5	20	8,0	148	9,8
	M	25	10,8	59	18,8	20	20,6	104	16,2	20	9,8	45	17,4	20	19,0	85	15,0	2	3,0	10	8,4	9	14,5	21	8,5	210	14,4
TOTAAL	S	273	100,0	266	100,0	122	100,0	661	100,0	204	100,0	305	100,0	82	100,0	591	100,0	74	100,0	124	100,0	53	100,0	251	100,0	1503	100,0
	M	231	100,0	313	100,0	97	100,0	641	100,0	204	100,0	259	100,0	105	100,0	568	100,0	67	100,0	119	100,0	62	100,0	248	100,0	1457	100,0

TABEL 3.69

LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET EN NA DIE RADIO GELUISTER OF PLATE GESPEEL HET GEDURENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970

Besonderhede	Stad				Dorp				Plaas				Groot-totaal													
	Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal	Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10			Totaal											
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%										
<u>Seuns</u>																										
Ja	608	91,3	768	89,1	338	95,2	1714	91,0	573	89,5	759	87,2	285	95,6	1617	89,4	199	89,6	345	91,3	178	95,2	722	91,7	4053	90,5
Nee	58	8,7	94	10,9	17	4,8	169	9,0	67	10,5	111	12,8	13	4,4	191	10,6	23	10,4	33	8,7	9	4,8	65	8,3	425	9,5
TOTAAL	666	100,0	862	100,0	355	100,0	1883	100,0	640	100,0	870	100,0	298	100,0	1808	100,0	222	100,0	378	100,0	187	100,0	787	100,0	4478	100,0
<u>Meisies</u>																										
Ja	648	88,9	758	91,1	276	93,9	1682	90,7	615	91,4	714	87,5	294	92,5	1623	89,8	229	95,0	309	90,6	136	93,2	674	92,6	3979	90,6
Nee	81	11,1	74	8,9	18	6,1	173	9,3	58	8,6	102	12,5	24	7,5	184	10,2	12	5,0	32	9,4	10	6,8	54	7,4	411	9,4
TOTAAL	729	100,0	832	100,0	294	100,0	1855	100,0	673	100,0	816	100,0	318	100,0	1807	100,0	241	100,0	341	100,0	146	100,0	728	100,0	4390	100,0

TABEL 3.70

LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET EN NA DIE RADIO GELUISTER OF FLATE GESPEEL HET GEDUPENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71

Besonderhede	Stad				Dorp				Plaas				Groot-totaal														
	Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8				Sts. 9 en 10		Totaal										
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%											
<u>Seuns</u>																											
Ja	441	92,6	511	91,4	232	96,7	1184	92,9	373	89,4	538	89,5	192	97,0	1103	90,7	140	88,1	256	91,8	113	98,3	509	92,0	2796	91,9	
Nee	35	7,4	48	8,6	8	3,3	91	7,1	44	10,6	63	10,5	6	3,0	113	9,3	19	11,9	23	8,2	2	1,7	44	8,0	248	8,1	
TOTAAL	476	100,0	559	100,0	240	100,0	1275	100,0	417	100,0	601	100,0	198	100,0	1216	100,0	159	100,0	279	100,0	115	100,0	553	100,0	3044	100,0	
<u>Meisies</u>																											
Ja	391	90,1	547	94,3	214	97,7	1152	93,4	385	92,5	477	94,5	187	96,4	1049	94,1	144	93,5	222	95,3	95	97,9	461	95,2	2662	94,0	
Nee	43	9,9	33	5,7	5	2,3	81	6,6	31	7,5	28	5,5	7	3,6	66	5,9	10	6,5	11	4,7	2	2,1	23	4,8	170	6,0	
TOTAAL	434	100,0	580	100,0	219	100,0	1233	100,0	416	100,0	505	100,0	194	100,0	1115	100,0	154	100,0	233	100,0	97	100,0	484	100,0	2832	100,0	



wat hier vir die wintervakansie verkry word, stem grootliks ooreen met dié vir die somervakansie, te wete 'n geleidelike daling in die persentasie leerlinge wat minder as 10 uur per week luister tot dié wat 20 of meer uur per week luister. Opvallend is dat die persentasie seuns wat minder as 10 uur per week radio geluister of plate gespeel het (onderskeidelik 50,2 en 52,5 persent vir die winter- en somervakansie), heelwat verskil van dié van die meisies wat onderskeidelik 37,5 en 39,0 persent is. Hierteenoor is die persentasie meisies wat 20 of meer uur per week by sodanige aktiwiteite betrokke was (30,7 en 30,0 persent vir die somer- en wintervakansie onderskeidelik) weer heelwat hoër as dié vir die seuns (18,6 en 18,2 persent). Vir verdere besonderhede in hierdie verband kan na tabel 3.71 en 3.72 gekyk word.

### 3.4 BESOLDIGDE ARBEIDSBOEFENING GEDURENDE SKOOLKWARTALE

#### 3.4.1 Inleiding

Na aanleiding van 'n versoek deur die verteenwoordiger van die Transvaalse Onderwysdepartement is ook ondersoek ingestel na die moontlike beoefening al dan nie van besoldigde arbeid deur leerlinge gedurende die skoolkwartale. In die lig van die bespreking van die vryetydsaktiwiteite van leerlinge gedurende die skoolvakansies in die voorafgaande afdelings, kan 'n toeligting van hul bedrywighede gedurende die skoolkwartaal moontlik relevante raakpunte aansny.

#### 3.4.2 Die omvang van besoldigde arbeidsbeoefening gedurende skoolkwartale

Tabel 3.73 bring aan die lig dat 22,7 persent van die seuns en 15,2 persent van die meisies gedurende die skoolkwartale besoldigde arbeid verrig het. Die persentasies vir die verskillende woongebiede en standerdgroepe stem naasteby ooreen met die landsbeeld. Deurgaans is die persentasie meisies wat besoldigde arbeid verrig het, laer as dié vir die seuns. Met die uitsondering van plaasleerlinge, blyk dat die grootste persentasie leerlinge wat besoldigde arbeid verrig het, gevind word in standers 6, 7, 8, 9 en 10. Opvallend is telkens die relatief hoë persentasie standerd 4- en 5-leerlinge wat ook wel besoldigde arbeid gedurende die skoolkwartale verrig het, naamlik 24,6 en 14,7 persent van die plaasseuns en -meisies onderskeidelik. Hierdie persentasies is vir die dorp onderskeidelik 22,7 en 15,9, terwyl dit vir die stad 15,8 en 13,0 is. Word daar getel op die tye wat daar gewerk is, val dit op dat die grootste persentasie seuns (50,8) en meisies (53,4) op Saterdag gewerk het (kyk tabel 3.74). Dit geld vir stads-

TABEL 3.71

LUUR PER WEEK WAT LEEFLINGE WAT TUIS GEBLY HET NA DIE RADIO GELUISTER OF PLATE GESPEEL HET GEOPENDE DIE WINTERVAKANSIE VAN 1970

Tydperk per week		Stad				Dorp				Plaa				Groot- totaal													
		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal											
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%										
Minder as 10 uur	S	303	49,8	370	48,2	102	30,2	775	45,2	334	58,3	386	50,9	99	34,7	819	50,6	141	70,9	213	61,7	86	48,3	440	60,9	2034	50,2
	M	334	51,5	253	33,4	50	18,1	637	37,9	331	53,8	237	33,2	46	15,6	614	37,8	105	45,9	113	36,6	25	18,4	243	36,1	1494	37,5
10 tot 19 uur	S	192	31,6	255	33,2	123	36,4	570	33,3	153	26,7	237	31,2	107	37,5	497	30,7	36	18,1	98	28,4	64	36,0	198	27,4	1265	31,2
	M	189	29,2	260	34,3	93	33,7	542	32,2	196	31,9	213	29,8	99	33,7	508	31,3	70	30,6	105	34,0	40	29,4	215	31,9	1265	31,8
20 uur of meer	S	113	18,6	143	18,6	113	33,4	369	21,5	86	15,0	136	17,9	79	27,7	301	18,6	22	11,1	34	9,9	28	15,7	84	11,6	754	18,6
	M	125	19,3	245	32,3	133	48,2	503	29,9	88	14,3	264	37,0	149	50,7	501	30,9	54	23,6	91	29,4	71	52,2	216	32,0	1220	30,7
TOTAAL	S	608	100,0	768	100,0	338	100,0	1714	100,0	573	100,0	759	100,0	285	100,0	1617	100,0	199	100,0	345	100,0	178	100,0	722	100,0	4053	100,0
	M	648	100,0	758	100,0	276	100,0	1682	100,0	615	100,0	714	100,0	294	100,0	1623	100,0	229	100,0	309	100,0	136	100,0	674	100,0	3979	100,0

TABEL 3.72

UUR PER WEEK WAT LEERLINGE WAT TUIS GEBLY HET NA DIE RADIO GELUISTER OF PLATE GESPEEL HET GEDURENDE DIE SOMERVAKANSIE VAN 1970/71

Tydskuur per week		Stad								Dorp								Plaas								Groot- totaal			
		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal					
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
		Minder as 10 uur	S	232	52,6	248	48,5	86	37,1	566	47,8	232	62,2	275	51,1	80	41,7	587	53,2	98	70,0	158	61,7	59	52,2	315	61,9	1468	52,5
	M	204	52,2	179	32,7	42	19,6	425	36,9	216	56,1	173	36,3	39	20,9	428	40,8	75	52,1	92	41,4	18	18,9	185	40,1	1038	39,0		
10 tot 19 uur	S	130	29,5	172	33,7	72	31,0	374	31,6	100	26,8	153	28,4	65	33,9	318	28,8	24	17,1	75	29,3	28	24,8	127	25,0	819	29,3		
	M	105	26,9	177	32,4	78	36,4	360	31,3	117	30,4	139	29,1	74	39,6	330	31,5	41	28,5	69	31,1	25	26,3	135	29,3	825	31,0		
20 uur of meer	S	79	17,9	91	17,8	74	31,9	244	20,6	41	11,0	110	20,4	47	24,5	198	18,0	18	12,9	23	9,0	26	23,0	67	13,2	509	18,2		
	M	82	21,0	191	34,9	94	43,9	367	31,9	52	13,5	165	34,6	74	39,6	291	27,7	28	19,4	61	27,5	52	54,7	141	30,6	799	30,0		
TOTAAL	S	441	100,0	511	100,0	232	100,0	1184	100,0	373	100,0	538	100,0	192	100,0	1103	100,0	140	100,0	256	100,0	113	100,0	509	100,0	2796	100,0		
	M	391	100,0	547	100,0	214	100,0	1152	100,0	385	100,0	477	100,0	187	100,0	1049	100,0	144	100,0	222	100,0	95	100,0	461	100,0	2662	100,0		

TABEL 3.73

BESOLIGDE ARBEIDSBEOEFENING DEUR LEERLINGE GEDURENDE SKOOLKWARTALE

Besoligde arbeid		Stad								Dorp								Plaas								Groot- totaal			
		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal					
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
		Ja	S	169	15,8	349	22,7	186	27,6	704	21,4	240	22,7	429	26,0	160	25,6	829	24,9	85	24,6	128	20,3	49	15,6	262	20,3	1795	22,7
	M	140	13,0	228	15,7	122	21,0	490	15,8	172	15,9	250	16,1	109	17,4	531	16,3	55	14,7	63	10,0	27	8,4	145	10,9	1166	15,2		
Nee	S	904	84,2	1189	77,3	489	72,4	2582	78,6	815	77,3	1220	74,0	464	74,4	2499	75,1	261	75,4	502	79,7	266	84,4	1029	79,7	6110	77,3		
	M	939	87,0	1221	84,3	460	79,0	2620	84,2	909	84,1	1300	83,9	518	82,6	2727	83,7	319	85,3	567	90,0	294	91,6	1180	89,1	6527	84,8		
TOTAAL	S	1073	100,0	1538	100,0	675	100,0	3286	100,0	1055	100,0	1649	100,0	624	100,0	3328	100,0	346	100,0	630	100,0	315	100,0	1291	100,0	7905	100,0		
	M	1079	100,0	1449	100,0	582	100,0	3110	100,0	1081	100,0	1550	100,0	627	100,0	3258	100,0	374	100,0	630	100,0	321	100,0	1325	100,0	7693	100,0		

TABEL 3.74

TYE WAAROP BESOIGDE ARBEID DEUR LEERLINGE GEDURENDE DIE SKOOLKWARTALE VERRIG IS

Tye ge- werk		Stad				Dorp				Plaas				Groot- totaal													
		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal											
		N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%										
Middele na skool	S	37	21,9	33	9,5	6	3,2	76	10,8	35	14,6	52	12,1	10	6,3	97	11,7	17	20,0	17	13,3	2	4,1	36	13,7	209	11,6
	M	25	17,9	18	7,9	3	2,5	46	9,4	40	23,3	34	13,6	1	0,9	75	14,1	9	16,4	4	6,3	3	11,1	16	11,0	137	11,7
Saterdag	S	72	42,6	171	49,0	113	60,8	356	50,6	121	50,4	211	49,2	83	51,8	415	50,0	48	56,5	65	50,8	27	55,1	140	53,4	911	50,8
	M	47	33,6	125	54,8	88	72,1	260	53,1	79	45,9	132	52,8	78	71,5	289	54,4	24	43,6	34	54,0	16	59,3	74	51,0	623	53,4
Middele na skool en ook Saterdag	S	38	22,5	61	17,5	17	9,1	116	16,5	63	26,3	74	17,2	26	16,3	163	19,7	15	17,6	16	12,5	8	16,3	39	14,9	318	17,7
	M	34	24,3	30	13,2	8	6,6	72	14,7	34	19,8	28	11,2	9	8,3	71	13,4	13	23,6	9	14,3	3	11,1	25	17,2	168	14,4
Ander gedu- rende week	S	6	3,6	26	7,4	11	5,9	43	6,1	6	2,5	15	3,5	6	3,8	27	3,3	2	2,4	6	4,7	3	6,1	11	4,3	81	4,5
	M	4	2,9	19	8,3	5	4,1	28	5,7	7	4,0	13	5,2	4	3,7	24	4,5	4	7,3	3	4,8	1	3,7	8	5,5	60	5,1
Ander tye	S	16	9,5	58	16,6	39	21,0	113	16,0	15	6,2	77	18,0	35	21,8	127	15,3	3	3,5	24	18,7	9	18,4	36	13,7	276	15,4
	M	30	21,4	35	15,8	18	14,8	84	17,1	12	7,0	43	17,2	17	15,6	72	13,6	5	9,1	13	20,6	4	14,8	22	15,2	178	15,3
TOTAAL	S	169	100,0	349	100,0	186	100,0	704	100,0	240	100,0	429	100,0	160	100,0	829	100,0	85	100,0	128	100,0	49	100,0	262	100,0	1795	100,0
	M	140	100,0	228	100,0	122	100,0	490	100,0	172	100,0	250	100,0	109	100,0	531	100,0	55	100,0	63	100,0	27	100,0	145	100,0	1166	100,0

sowel as dorps- en plaasleerlinge, maar in 'n mindere mate wat die standerdgroepe betref. Dit wil naamlik voorkom asof die standerd 4- en 5-leerlinge meer geneë is om in die middag na skool, of middag na skool en ook op Saterdag te werk, as byvoorbeeld slegs op Saterdag.

Voorts blyk dat 'n groter persentasie seuns (17,7) en meisies (14,4) verkies of in die geleentheid gestel word om sowel middag na skool as op Saterdag, as om slegs middag na skool te werk (persentasies onderskeidelik 11,6 en 11,7). Ook hierdie tendens doen hom voor ten aansien van stad, dorp en plaas. Wat betref die verrigting van besoldigde arbeid gedurende die weksaande, is dit interessant om daarop te let dat, met die uitsondering van die stadsleerlinge, dit telkens die grootste persentasie meisies is wat gedurende die aand werk. Dit geld egter nie sonder meer vir die verskillende standerdgroepe nie, maar in die geval van plaas- en dorpsleerlinge is dit nogtans met slegs enkele uitsonderings aantoonbaar.

#### 3.4.3 Beroepe wat deur leerlinge gedurende skoolkwartale beoefen word

'n Oorsig van moontlike beroepe wat leerlinge gedurende die skoolkwartaal kon beoefen, word in tabel 3.75 aangebied. Wat onmiddellik opval, is dat die grootste persentasie seuns (55,5) en meisies (59,6) ander beroepe as dié wat gespesifiseer is, beoefen het. Hierdie verskynsel is begryplik, aangesien daar 'n groot verskeidenheid van werksoorte is waarby leerlinge betrek kan word. Ten aansien van die gespesifiseerde beroepe blyk dat leerlinge veral as assistente in winkels opgetree het. Die onderskeie persentasies vir seuns en meisies is 18,7 en 30,4. Ook wat betref die onderskeie woongebiede trek hierdie tipe werk (winkelassistent) die hoogste persentasie seuns en meisies, maar met 'n geringe afname van die meer digbewoonde tot die minder digbewoonde areas. In vergelyking met die 32,7 persent meisies wat in die stad as winkelassistent werk, is daar in die dorp 30,7 persent en op die plaas slegs 22,1 persent.

Die verskynsel dat die grootste persentasie leerlinge as winkelassistent werk, geld egter nie ook vir die onderskeie standerdgroepe nie, aangesien slegs ongeveer 8,0 persent van die meisies en nie meer as 13,6 persent van die seuns in standerd 4 en 5 ten aansien van elk van die verskillende woongebiede hierdie tipe werk verrig het nie. In hierdie verband kan daarop gewys word dat deurgaans meer as 70,0 persent van die standerd 4- en 5-leerlinge binne ander werkkringe betrek is as die gespesifiseerde, wat inhou dat arbeidsverrigting

TABEL 3.75

SOORT WERK WAT DEUR LEERLINGE GEDIJENDE SKOOLKWARTALE VERRIG IS

Soort werk	Stad												Dorp								Plees								Groot-totaal	
	Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Groot-totaal					
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Klerk in kantoor	S	1	0,6	5	1,4	2	1,1	8	1,1	2	0,8	4	0,9	1	0,6	7	0,8	1	1,2	1	0,8	2	4,1	4	1,5	19	1,1			
	M	2	1,4	3	1,3	7	5,7	12	2,4	2	1,2	4	1,6	5	4,6	11	2,1	1	1,8	1	1,6	1	3,7	3	2,1	26	2,2			
Assistent in winkel	S	14	8,3	59	16,9	73	39,2	146	20,7	20	8,3	72	16,8	57	35,6	149	18,0	7	8,2	18	14,1	16	32,7	41	15,6	336	18,7			
	M	19	13,6	76	33,3	65	53,3	160	32,7	20	11,6	76	30,4	67	61,5	163	30,7	4	7,3	17	27,0	11	40,7	32	22,1	355	30,4			
Kelner in 'n kafee/restourant	S	1	0,6	16	4,6	11	5,9	28	4,0	2	0,8	19	4,4	8	5,0	29	3,5	2	2,4	3	2,3	1	2,0	6	2,3	63	3,5			
	M	2	1,4	5	2,2	2	1,6	9	1,8	12	7,0	8	3,2	2	1,8	22	4,1	1	1,8	1	1,6	0	0,0	2	1,4	33	2,8			
Plekaanwyser in bioskoop/teater	S	4	2,4	11	3,2	4	2,2	19	2,7	5	2,1	17	4,0	10	6,3	32	3,9	0	0,0	2	1,6	0	0,0	2	0,8	53	3,0			
	M	4	2,9	5	2,2	0	0,0	9	1,8	1	0,6	6	2,4	0	0,0	7	1,3	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	16	1,4			
Verkoop van goedere van deur tot deur	S	2	1,2	13	3,7	6	3,2	21	3,0	7	2,9	19	4,4	4	2,5	30	3,6	2	2,4	1	0,8	0	0,0	3	1,1	54	3,0			
	M	4	2,9	6	2,6	3	2,5	13	2,7	4	2,3	3	1,2	2	1,8	9	1,7	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	22	1,9			
Verkoop van vrugte/groente langs die pad	S	1	0,6	5	1,4	2	1,1	8	1,1	7	2,9	7	1,6	1	0,6	15	1,8	2	2,4	6	4,7	0	0,0	8	3,1	31	1,7			
	M	1	0,7	0	0,0	0	0,0	1	0,2	2	1,2	1	0,4	0	0,0	3	0,6	2	3,6	3	4,8	0	0,0	5	3,4	9	0,8			
Handlanger vir ambagsnerne	S	17	10,0	41	11,7	13	7,0	71	10,1	18	7,5	51	11,9	22	13,8	91	11,0	8	9,4	18	14,1	3	6,1	29	11,1	191	10,6			
	M	1	0,7	0	0,0	0	0,0	1	0,2	1	0,6	3	1,2	1	0,9	5	0,9	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	6	0,5			
Briewebesteller	S	0	0,0	2	0,6	2	1,1	4	0,6	2	0,8	2	0,5	1	0,6	5	0,6	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	9	0,5			
	M	1	0,7	0	0,0	0	0,0	1	0,2	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	1	1,6	0	0,0	1	0,7	2	0,2			
Afweraer	S	4	2,4	11	3,2	2	1,1	17	2,4	6	2,5	15	3,5	1	0,6	22	2,7	2	2,4	2	1,6	0	0,0	4	1,5	43	2,4			
	M	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	1	0,6	1	0,4	0	0,0	2	0,4	0	0,0	0	0,0	0	0,0	0	0,0	2	0,2			
Ander	S	125	74,0	186	53,3	71	38,2	382	54,3	171	71,3	223	52,0	55	34,4	449	54,2	61	71,7	77	60,1	27	55,1	165	63,0	996	55,5			
	M	106	75,7	133	58,3	45	36,9	284	58,0	129	75,0	148	59,2	32	29,4	309	58,2	47	85,5	40	63,5	15	55,6	102	70,3	695	59,6			
TOTAAL	S	169	100,0	349	100,0	186	100,0	704	100,0	240	100,0	429	100,0	160	100,0	829	100,0	85	100,0	128	100,0	49	100,0	262	100,0	1795	100,0			
	M	140	100,0	228	100,0	122	100,0	490	100,0	172	100,0	250	100,0	109	100,0	531	100,0	55	100,0	63	100,0	27	100,0	145	100,0	1166	100,0			

soos dié deur 'n winkelassistent gedoen vir hierdie leerlinge (heel waarskynlik om 'n verskeidenheid van redes) nie toeganklik is nie.

#### 3.4.4 Besoldiging wat leerlinge ontvang wat gedurende die skoolkwartale werk

Aangesien hierdie leerlinge sonder uitsondering deelytse arbeid verrig, kan verwag word dat die besoldiging nie te hoog sal wees nie. Dit is dan ook só dat 88,6 persent van die seuns en 90,4 persent van die meisies minder as R10 per week verdien (kyk tabel 3.76). Voorts blyk dat 8,4 persent van die seuns en 7,9 persent van die meisies 'n besoldiging van R10 tot R19 per week ontvang. Vir beide hierdie besoldigingsgroepe is die tendens ten aansien van die stad, dorp en plaas dieselfde. Wat betref die standerdgroepe kan egter daarop gewys word dat verreweg die grootste persentasie standerd 4- en 5-leerlinge vir al die verskillende woongebiede minder as R10 per week verdien - 'n verskynsel wat nie moeilik verklaarbaar behoort te wees nie.

Betreklik min leerlinge verdien meer as R20 per week, soos blyk uit tabel 3.76.

#### 3.5 SAMEVATTING

Opvallende tendense ten aansien van vryetydsbesteding by leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika en die organisering wat daarmee in verband staan, soos wat dit deur die onderhawige ondersoek aan die lig gebring is, is die volgende:

- (1) Van die ongeveer 45,0 persent seuns en meisies wat die wintervakansie en die 63,0 persent seuns en meisies wat die somervakansie weg van die huis deurgebring het, het meer as 90,0 persent van die seuns en meisies gedurende beide vakansies werklik vakansie gehou. Ouers was hoofsaaklik vir die organisering van sodanige vakansies verantwoordelik.
- (2) Nie meer as 30,0 persent van die leerlinge wat tuis gebly het, het gedurende die winter- en somervakansies van 1970/71 gewerk, en wel oorwegend in ondernemings van ouers en in winkels. Betreklik min leerlinge se inkomste het R30 per week oorskry; dit was inderdaad hoofsaaklik tussen een en nege rand per week - dit wil sê minder as R10 per week.
- (3) Voorts het van die leerlinge wat tuis gebly het, soos

TABEL 3.76

## WEEKLIJKE BESOLDIGING VAN LEERLINGE WAT GEDURENDE SKOOLKWARTALE GEWERK HET

Besoldiging per week	Stad				Dorp				Plaas				Groot- totaal														
	Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal		Sts. 4 en 5		Sts. 6, 7 en 8		Sts. 9 en 10		Totaal												
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%											
Minder as R10	S	165	97,6	300	86,0	151	81,2	616	87,5	234	97,5	383	89,3	124	77,5	741	89,4	80	94,1	113	88,3	40	81,6	233	88,9	1590	88,6
	M	137	97,9	196	86,0	109	89,3	442	90,2	167	97,1	213	85,2	99	90,8	479	90,2	54	98,2	57	90,5	22	81,5	133	91,7	1054	90,4
R10 tot R19	S	2	1,2	31	8,9	28	15,1	61	8,7	5	2,1	34	7,9	25	15,6	64	7,7	5	5,9	14	10,9	6	12,2	25	9,5	150	8,4
	M	3	2,1	24	10,5	10	8,2	37	7,6	4	2,3	33	13,2	8	7,3	45	8,5	0	0,0	6	9,5	4	14,8	10	6,9	92	7,9
R20 tot R29	S	2	1,2	9	2,6	6	3,2	17	2,4	0	0,0	7	1,6	9	5,6	16	1,9	0	0,0	1	0,8	0	0,0	1	0,4	34	1,9
	M	0	0,0	6	2,6	1	0,8	7	1,4	0	0,0	3	1,2	1	0,9	4	0,8	1	1,8	0	0,0	0	0,0	1	0,7	12	1,0
R30 of meer	S	0	0,0	9	2,6	1	0,5	10	1,4	1	0,4	5	1,2	2	1,3	8	1,0	0	0,0	0	0,0	3	6,1	3	1,1	21	1,2
	M	0	0,0	2	0,9	2	1,6	4	0,8	1	0,6	1	0,4	1	0,9	3	0,6	0	0,0	0	0,0	1	3,7	1	0,7	8	0,7
TOTAAL	S	169	100,0	349	100,0	186	100,0	704	100,0	240	100,0	429	100,0	160	100,0	829	100,0	85	100,0	128	100,0	49	100,0	262	100,0	1795	100,0
	M	140	100,0	228	100,0	122	100,0	490	100,0	172	100,0	250	100,0	109	100,0	531	100,0	55	100,0	63	100,0	27	100,0	145	100,0	1166	100,0



volg aan sport deelgeneem:

- (i) ongeveer 40,0 persent van die seuns het gedurende elk van die onderskeie vakansies aan sport deelgeneem, en ongeveer 25,0 persent en 43,0 persent van die meisies het gedurende die winter- en somervakansie onderskeidelik aan sport deelgeneem.
- (ii) Rugby en sokker was by die seuns gedurende die wintervakansie gewild, terwyl swem in die somer aftrek gekry het. Wat betref die meisies kan gestel word dat tennis in die winter en sowel swem as tennis in die somer die gewildste sportsoorte was.
- (iii) Bywoning van sportbyeenkomste as toeskouers kry blykbaar nie groot aftrek by die leerlinge nie, aangesien meer as 60,0 persent van die seuns en meer as 70,0 persent van die meisies geen sodanige byeenkomste gedurende die genoemde vakansies bygewoon het nie.
- (iv) Ongeveer 15,0 persent van die meisies en 20,0 persent van die seuns het gedurende die wintervakansie aan georganiseerde bedrywighede deelgeneem. Vir beide geslagte is hierdie persentasie van die tuisblyers vir die somervakansie ongeveer 20,0.
- (v) Sportklubs het die aangenaamste georganiseerde bedrywighede vir seuns tydens beide vakansies gereël. Vir meisies het kerklike instansies asook sportklubs sodanige aktiwiteite gereël.
- (vi) Wat betref die bywoning van kursusse, is dit opvallend dat slegs ongeveer 5,0 persent van beide geslagte tydens sowel die winter- as die somervakansie van die betrokke jaar kursusse bygewoon het. Hoewel die grootste persentasie leerlinge ander kursusse bygewoon het as dié wat gespesifiseer is, was dit veral atletiek-(seuns) en gimnastiekkursusse (meisies) wat aftrek gekry het in die winter, terwyl vir beide geslagte atletiekkursusse in die somervakansie groot persentasies getrek het. Merendeels is sodanige kursusse deur klubs georganiseer en het òf een dag òf sewe dae of langer geduur.

- (vii) Vir sover die leerlinge wat tuis gebly het, stokperdjies beoefen, is dit opmerklik dat beide seuns en meisies tydens albei vakansies aan lees voorkeur gee. Ander stokperdjies wat deur 'n groot persentasie seuns beoefen is, is die besit en versorging van diere en die uitbou van versamelings van allerlei aard. Naas lees het die meisies veral naald- en/of breiwerk en musiek en/of sang as stokperdjies beoefen.
- (viii) In sowel die winter- as die somervakansie het 80,0 persent en meer van die seuns en die meisies een of ander vorm van vermaaklikheid besoek. Dit blyk verder dat besoeke aan die tradisionele bioskoop die voorkeur geniet het van sowel seuns as meisies.
- (ix) Meer as 50,0 persent van die leerlinge het gedurende genoemde vakansies geen uitstappies onderneem nie. Van dié leerlinge wat wel uitstappies onderneem het, het die meeste van die seuns dit self georganiseer, terwyl die ouers dié van die meisies gereël het.
- (x) Byna vanselfsprekend is dit dat feitlik alle leerlinge wat tuis gebly het, na die radio geluister, of plate gespeel het. Meestal is een tot nege uur per week, dit wil sê minder as 10 per week, aan hierdie aktiwiteit bestee.
- (xi) Van al die leerlinge wat by die ondersoek betrek is, het ongeveer 20,0 persent van die seuns en ongeveer 15,0 persent van die meisies gedurende die skoolkwartale besoldigde arbeid verrig. Daar is meestal op Saterdag gewerk, terwyl leerlinge veral as winkel-assistente opgetree en een tot nege rand per week verdien het.

## HOOFSTUK 4

### VRYETYDSBESTEDING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN ENKELE OORSESE LANDE: 'N VERANTWOORDE BESINNING

#### 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 van hierdie verslag is 'n oorsig gegee van wat in enkele oorsese lande deur volwassenes as verteenwoordigers van verskillende instansies ten aansien van die vryetydsaktiwiteite van leerlinge gedoen word. In hoofstuk 3 is deur middel van empiriese gegewens 'n beeld gegee van die aard en vorm van skoolleerlinge se vryetydsaktiwiteite gedurende die winter- en somerskoolvakansies soos dit in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika voorkom. In hierdie hoofstuk word oor die pedagogiese verantwoordbaarheid, en by implikasie ook die sosiopedagogiese verantwoordbaarheid, van die praktyk van vryetydsbesteding in oorsese lande en in die RSA en in Suidwes-Afrika besin.

#### 4.2 DIE PROBLEMATIEK VERBONDE AAN GEORGANISEERDE VRYETYDSBESTEDING GEDURENDE SKOOLVAKANSIES

##### 4.2.1 Die pedagogiese betekenis van vryetydsbesteding in nie-georganiseerde verband

Daar is in die onderhawige verslag reeds verwys na die (socio-) pedagogiese betekenis van verantwoorde vryetydsbesteding deur jeugdiges. Dat "vrye tyd" 'n moeilik omskryfbare begrip is, het reeds uit die voorafgaande hoofstukke geblyk. Dat mense egter oor vrye tyd beskik, dat hierdie vrye tyd in die hedendaagse vertegnologiseerde samelewing steeds toeneem, en dat mense voor die probleem te staan kom van hoe om die vrye tyd te bestee, is 'n onbetwisbare verskynsel. Sodanige waarde word aan vrye tyd geheg dat ook vir die skoolgaande kind geleenthede daartoe geskep word in die sin van middag tuis en gereelde skoolvakansies. Die ouers van die kind en die onderwysowerhede beskou vrye tyd as besonder waardevol. Die kind is veronderstel om iets daarmee te doen. Laasgenoemde aanname dui egter op die kern van die probleem wat betref vryetydsbesteding. Wat is die kind veronderstel om met die beskikbare vrye tyd veral gedurende die winter- en somervakansie te maak, en môet hy wel iets gedurende sy vakansietyd doen?

Gedurende die skoolvakansies is die leerling onthef van

skoolse verpligtinge. Hy staan nie onder die dwang van skoolwerk as huiswerk en alle ander vorme van skoolwerk nie. Benaamens die verpligtinge wat hy daagliks aan sy ouer(s) verskuldig is, is hy vry om te doen wat hy wil. Hy kan ook "niks" doen nie, en dit is nie sonder meer te veroordeel nie. Niemand kan hom egter letterlik met "niks" besig hou nie, en derhalwe wentel die vraag om wat die kind dan wel doen wanneer hy tuis en vry van skoolse en huislike verpligtinge is.

Die voorafgaande twee hoofstukke het enigszins lig op dié vraag gewerp. Een besonder belangrike vraag wat uit die gegewens voortspruit, is die kwessie van vryetydsbesteding in georganiseerde of nie-georganiseerde verband. Eenvoudig gestel: in watter mate moet die volwassene 'n plek probeer verwerf in die kind se vrye tyd? Wanneer, onder watter omstandighede, en in welke mate durf die ouer of ander volwassenes ingryp (met die oog op rigtinggewing) in die kind se wyse van vryetydsbesteding? Hierdie en aanverwante vrae verg deeglike en diepgaande besinning, veral indien praktiese implikasies daaruit verbesonder wil word.

'n Eerste vraag wat onder die soeklig gestel kan word, is die volgende: Het vryetydsbesteding op nie-georganiseerde grondslag, dit wil sê op 'n self- of individueel-geïnisieerde grondslag, pedagogiese betekenis of sin?

'n Beantwoording van bogenoemde vraag kan moontlik uit die volgende gesigshoek benader word, veral om die pedagogiese relevansie sterk te belig. Sowel tuis as in die skool word daar opvoedende bemoeienis met die kind deur die volwassenes gemaak. Wat betref die skoolse situasie, verkeer die kind daagliks formeel in die teenwoordigheid van die volwassene en ontstaan daar noodwendig geleenthede waar pedagogiese instemming (goedkeuring) of ingryping (teregwysing) as opvoedende bemoeienis voltrek word. Vir die natuurlike en toereikende inwerking van pedagogiese bemoeienis op die kind, is die verwerkliking van die aantoonbare diskontinuiteit daarvan egter 'n noodsaaklike voorvereiste. Daarmee word bedoel dat sowel die ouer as onderwyser moet beseft dat doeltreffende opvoeding onderbroke opvoeding is, en dat geen kind oordrewe kontinuiteit in die opvoedingsgebeure kan verduur nie. Die kind moet noodwendig telkens weer in die geleentheid gestel word om op sy eie te wees, die voorgehoue waardes en norme te evalueer, stelling in te neem en die keuse wat gemaak is sonder direkte opvoedlike bemoeienis te beoefen. In hierdie verband praat Landman (28 : 23) van die periodieke verlating van die opvoedingsituasie en bedoel dan daardie geleenthede waar die kind nie direk in die teenwoordigheid van die volwassene verkeer nie, maar die voorgehoue norme op sy eie beoefen.

Die vryetydsbesteding van die kind gedurende die skoolvakansies vertoon in baie opsigte 'n pedagogiese relevansie aan die beskreeve opvatting aangaande die periodieke verlatings van die opvoedingsituasie. Daarmee word bedoel dat ook wat betref die moontlik snel afwisselende herhalende pedagogiese bemoeienissituasies en die daarmee gepaardgaande optimale en selfs maksimale "kennisassimilasie" waarvoor die hedendaagse onderwysopset die leerling stel, die daarstelling van skoolvakansies as vrye tyd die kinders geleentheid tot selfontdekking, selfbevestiging en selfwording bied. Met ander woorde, die skoolvakansies stel tot die beskikking van die leerlinge die nodige vrye tyd om, weg van die beïnvloeding van die volwassene, hulself te leer ken en te waardeer. Dit bied aan hulle die geleentheid om hulle wordingsgang en die pedagogiese ingrypinge van die afgelope jaar of kwartaal te evalueer. Laasgenoemde handeling word voltrek deur die keuses en beslissings wat in situasies gedoen word en telkens weer die bevestiging van 'n bepaalde rangorde van waardevoorkeur is. Hulle self-iemand wil wees, word sodoende verwerklik.

Wat belangrik ten aansien van die voorafgaande is, is dat leerlinge ook eksplisiet laat blyk dat hulle gedurende vakansies meer op hulleself aangewys wil wees. So toon hoofstuk 3 dat leerlinge graag self aktiwiteite gedurende die skoolvakansies inisieer (kyk tabelle). Elke poging tot georganiseerde vryetydsbesteding sal dus teen die besinning hierbo in reliëf gestel moet word.

Ter samevatting kan die volgende aangevoer word. Die kind het vrye tyd - veral gedurende vakansies. Met daardie vrye tyd moet hy iets doen. Pedagogies belangrik egter is dat die gegewe vrye tyd hom in staat stel om die opvoedingsbemoenings wat hy ondergaan het, in die werklike lewe op die proef te stel. Alhoewel dit dus 'n positiewe gebaar is om leerlinge in georganiseerde vryetydsaktiwiteite gedurende skoolvakansies te betrek, moet dit in die lig van hierdie gegewens geëvalueer en in werking gestel word.

#### 4.2.2 Die pedagogiese betekenis van georganiseerde vryetydsbesteding

Ten spyte van die voorafgaande is dit ewe waar dat die kind nie altyd aan homself oorgelaat wil en kan wees om oor die benutting van sy vrye tyd te beslis nie. Derhalwe is dit opvallend dat die vraag hier ook nie is of volwassenes wel 'n aandeel in die kind se wyse van vryetydsbesteding moet hê nie, maar watter volwassenes dit moet wees en watter vorm sodanige volwassenedeelname moet aanneem.

Wat betref die eerste deel van bogaande vraag, moet daarop gewys word dat die kind se aandag gedurende skoolkwartale sodanig deur skoolwerk en skoolaktiwiteite in beslag geneem word, dat daar vir die verstewiging, uitbouing en verinnerliking van die ouer-kindverhouding weinig tyd oorgelaat word. Dit is 'n ewel van die moderne tyd dat ouers en hulle kinders by mekaar verbyleef, as gevolg waarvan daar van 'n "generation gap" gepraat kan word. Waar daar dus in hierop volgende paragrawe besin word oor die sosiopedagogiese betekenis van vryetydsbesteding, is dit 'n voorvereiste dat sodanige besinning en aanbevelings wat daaruit voortspruit, primêr gerig sal moet wees op die benutting van vrye tyd binne die raamwerk van die ouer-kindverhouding.

Dit moet duidelik wees dat sodanige standpuntinname radikaal mag verskil van opvattinge wat gangbaar in verband met vrye tyd en die benutting daarvan gehandhaaf word. Wanneer daar oor vryetydsbesteding gedink word, word daar te dikwels gedink in terme van jeugherberge, jeugklubs, die reëling of organisering van uitstappies, toere, kursusse en ander bedrywighede, almal met een gemeenskaplike kenmerk, te wete die feit dat die leerlinge vir 'n langer of korter tyd uit die ouerhuis geneem word. Die afwesigheid van die ouers val besonder sterk op.

Nou is dit natuurlik ook so dat die meeste vorme van georganiseerde vryetydsbesteding nie plek maak vir 'n oueraandeel nie. Die bedoeling met voorgaande is egter ook nie primêr om vir die ouer 'n plek in dié verband in te ruim nie, maar om dié belangrike gegewene na vore te bring, naamlik dat pedagogies betekenisvolle vryetydsbesteding in die eerste plek in die gesinsverband gevind word. Eers onder daardie omstandighede waar die gesin faal om die kind op sinvolle wyse sy vrye tyd te laat benut, of waar die gesin voldoende tyd toegelaat is vir eie onderling beïnvloedende aktiwiteite, kan georganiseerde vryetydsaktiwiteite op 'n eie tyd en ruimte aanspraak maak.

Die implikasie van voorgaande is dat gegewens soos dié wat in hoofstuk 3 gestel is, uiters versigtig geïnterpreteer en geëvalueer moet word. Waar dit blyk dat leerlinge vakansies oorwegend saam met hulle ouers deurbring met besoeke aan vakansie-orde of andersins, moet dit, soos reeds gestel, as 'n pedagogies goedkeurenswaardige verskynsel gekwalifiseer word. Slegs daar waar leerlinge vakansies tuis deurbring, word die tyd wat hulle moontlik ledig kan wees van sodanige omvang dat aan georganiseerde vryetydsaktiwiteite as 'n aanvullende bedrywigheid gedink kan word. Die pedagogiese betekenisvolheid van

georganiseerde vryetydsaktiwiteite kan dan ook in die volgende belangrike hoofpunte saamgevat word:

- (1) In die lig van die feit dat nie alle ouers hulle kinders gedurende skoolvakansies die nodige tyd en hulp kan verleen met die oog op sinvolle vryetydsaktiwiteite nie, moet daar op georganiseerde wyse ingegryp word om die kind teen die euwels van ledigheid te beskerm. Dit is juis daar waar die gesinsituasie sodanig is dat dit aan die kind oorgelaat word om sy eie lot uit te werk, waar instansies wat vryetydsaktiwiteite organiseer 'n daadwerklike en pedagogies betekenisvolle bydrae tot die leerling se vryetydsbedrywighede te lewer het. Ongelukkig kan dit nie ontken word nie dat daar in die samelewing ook ouers is wat enersyds materieel en andersyds pedagogies of selfs wat betref albei hierdie aspekte, nie daartoe in staat is om hul kinders te versorg nie. Hierdie kinders word aan die beïnvloeding van die milieu uitgelewer. Die positiewe bydrae wat die skool tot hul opvoeding en vorming lewer, word dikwels gedurende die skoolvakansies onder die inwerking van verkeerde beïnvloeding teengewerk. Dat daar dus in dié verband die noodsaaklikheid van georganiseerde vryetydsaktiwiteite bestaan, kan nie ontken word nie.
- (2) Nie alle leerlinge wat nood aan georganiseerde vryetydsaktiwiteite het, kom egter uit 'n klimaat wat pedagogiese verwaarlosing weerspieël nie. Daar is ook altyd dié leerlinge wat uit gesinne kom waar hulle goed versorg word, maar wat nogtans graag by geleenthede betrek sal wil word waar hulle konstruktief en sinvol besig kan wees, en terselfdertyd sosiale kontak met leeftydsgenote kan maak en uitbou. In dié verband kan gekonstateer word dat georganiseerde vryetydsbesteding ook vormende waarde kan en behoort te hê. Steeds moet sodanige aangebode aktiwiteite egter gesien word in die lig van die stabilisering of labilisering wat die ouer-kindverhouding as gevolg daarvan kan ondergaan.

In die lig van die uiteensetting in die voorafgaande twee hoofstukke, sal enkele instansies wat georganiseerde vryetydsaktiwiteite hier en in die buiteland aanbied, asook die vorme wat sodanige vryetydsaktiwiteite kan aanneem, in oënskou geneem word om die pedagogiese verantwoordbaarheid daarvan vas te stel.

(a) Die Europese Jeugherberg

Een van die belangrikste funksies van die jeugherberg is om aan rondreisende jongmense verblyfplek te bied. Verblyfkooste

word op dié wyse laag gehou, spesifiek met die doel om meer jongmense in die geleentheid te stel om te toer, en om jeugdiges van ander lande te ontmoet. Op dié wyse word daar onder andere ook gepoog om groter begrip vir mekaar en vir verskillende bevolkingsgroepe aan te moedig. Vir sover skoolgaande jeugdige by hierdie bedrywigheid betrek word, sal die goedkeurenswaardigheid daarvan in 'n groot mate bepaal word deur die aard van die toesig deur volwassenes wat daarmee gepaard gaan. Dit is egter te betwyfel of jeugherberge in die beskrewe vorm 'n noemenswaardige aandeel tot die vryetydsaktiwiteite van skoolgaande jeugdige in die Republiek van Suid-Afrika te lewer het. Sodanige herberge is bedoel vir jongmense wat reeds sodanige selfstandigheid verwerf het dat hulle sonder die begeleiding of toesig van volwassenes hul vakansies kan en wil deurbring. In die lig van die feit dat hierdie ondersoek primêr betrekking het op die skoolgaande jeug van die RSA, sal daar aan die betekenis wat jeugherberge vir sinvolle vryetydsbedrywighede mag hê, nie verder aandag geskenk word nie.

(b) Jeugsentra

Wat betref jeugsentra, is daar in hoofstuk 2 onder andere verwys na die Heime der offenen Tür in Wes-Duitsland, die gebruik van skoolgeboue en die Withywood Jeugklub te Bristol in Brittanje, die La Tranchée by Weert in Nederland en The Loft in die USA. Genoemde jeugsentra maak voorsiening vir 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite, waaronder voorlesings en besprekings, voordrag en opvoerings, sang en musiek, sport en gimnastiek, hout- en metaalwerk, modellebou, natuur- en kunststudie, uitstappies, kampeer, dans, hengel en bergklim. In Frankryk is daar die reeds genoemde jeugdorp by Coupainville met toegeruste velde/bane vir voetbal, atletiek, tennis en ander sportsoorte.

Ook wat betref die jeugsentra, is pedagogies sowel positiewe as negatiewe tendense aantoonbaar. Jongmense, veral skoolgaande jeugdige, is nog nie-verantwoordelike, nie-selfstandige nie-volwassenes wat die aanspreeklikheid vir die behoorlikheid van hulle dade slegs ten dele kan dra. Hulle is steeds en telkens weer aangewese op die hulp en advies van 'n volwassene ten aansien van hoe hulle op behoorlike wyse in 'n situasie moet optree of 'n bepaalde aangeleentheid moet hanteer. Hulle is nie by magte om op eie verantwoordelikheid 'n volgehoue sedelike en redelike bestaan te voer nie.

Daar kan derhalwe nie sprake wees van jeugsentra sonder onmiddellike mede-inagneming van volwassene-ingryping, instemming en oorkoepelende toesighouding nie.



Met die nodige volwassene-deelname aan die program van die jeugsentrum, is daar egter veel positiefs ten aansien daarvan te vind. Die feit dat daar op georganiseerde wyse allerlei aktiwiteite aangebied word waarby leerlinge sinvol betrek kan word, spreek in dié verband vanself. Uiteraard is dit te voorsien dat geen sentrum wat hom suiwer op die meer formeel-kulturele aangeleenthede as vryetydsaktiwiteite toelê, werklik die aanhang van die meerderheid van die jeugdiges sal geniet nie. 'n Saaklike blik op die gewildheid van verskillende bedrywighede by leerlinge gedurende skoolvakansies, dui daarop dat daar op aansienlike skaal voorsiening gemaak sal moet word vir vermaaklikheid deur middel van: bioskoop, dans, spel- en sportbeoefening, radio- en platespeel. Die programaanbieding moet realisties geskied om die jeug nie te vervreem nie. Daar kan byvoorbeeld aanbeveel word -

- (1) dat volkspele aangemoedig moet word, maar nie ander vorme van dans moet vervang of oorheers nie;
- (2) dat musiekwaardering by die jeug se eie smaak en voorkeur moet begin;
- (3) dat "sedepreke" tot die minimum beperk moet word, maar dat volwassenes deur die voorlewing van die aanvaarde norm die jeug tot die volwassene se peil van sedelike en redelike lewe moet lei;
- (4) dat alle teenwoordige jeugdige steeds by die program betrokke moet bly en dat geeneen moet voel dat hy ter wille van ander op die agtergrond geskuif word nie; en
- (5) dat die volwassenes in die beheer van 'n jeugsentrum, sonder om aan behoorlikheidseise in te boet, die jeug in hulle wêreld moet ontmoet om van daar uit 'n gemeenskaplike toekomsvisie uit te werk.

In ag genome die situasie in die buiteland en ook die gegewens bekom met behulp van die vraelyste ten aansien van die RSA, soos beskryf in hoofstuk 3, is daar 'n groot verskeidenheid van aktiwiteite aantoonbaar wat jeugdige sinvol, konstruktief, vormend en ook met veel genot by so 'n jeugsentrum besig kan hou. Daar kan onder andere verwys word na die volgende:

- (1) Sport (swem, tennis, tafeltennis, jukskei en muurbal).
- (2) Dans (nie net volkspele nie maar ook moderne danse een maal per week - 'n ouderdomsbeperking kan ingestel word).

- (3) Musiek (luister na plate, opbou van 'n diskoteek, bespeling van instrumente).
- (4) Stokperdjies (hier is 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite aantoonbaar - vergelyk hoofstuk 3).
- (5) Debatsaande en redenaarskompetisies (daar moet ook voorsiening gemaak word vir diegene wat graag op hierdie terrein deelname wil hê).
- (6) Klubs (klubs as integrale deel van die sentrum, onder andere skaakklub, verskeie vakklubs (byvoorbeeld wetenskapklub), asook toneelklub).
- (7) Filmvertonings.

Wat betref die jeugsentra, word daar nie eksplisiet verwys na bedrywighede soos uitstappies, kursusse en toere nie, aangesien die opvatting gehuldig word dat 'n jeugsentrum sy aktiwiteite primêr, indien nie uitsluitlik nie, moet beperk tot die lokaal waar dit geleë is. Jeugsentra behoort dus 'n wye verskeidenheid van aktiwiteite moontlik te maak.

(c) Georganiseerde kursusse

Die volgende is veral belangrik ten aansien van georganiseerde kursusse:

- (1) 'n Kursus moet in die eerste plek nie direkte betrekking hê op die skoolse leerinhoud nie. Soos reeds elders gestel, is skoolvakansies ingestel om leerlinge tot 'n soort "intellektuele rus" te bring, en daarom moet alle vorme van georganiseerde leerinhoud- en insigverryking gedurende skoolvakansies by wyse van kursusse en andersins, versigtig oorweeg word. Daarenteen kan kursusse wat betrekking het op sport, kadette, leierskapspotensiaal, godsdiensoefening en ander dergelyke aangeleenthede veel doen om die jeug konstruktief-vormend te betrek.
- (2) Die verstewiging en stabilisering van die ouer-kindverhouding soos wat dit gedurende vakansietye deur gemeenskaplike aktiwiteite uitgebou kan word, moet nie deur die inbeslagneming van die kind se aandag deur die kursus ontwortel word nie. Daarom behoort 'n kursus gedurende die wintervakansie nie langer as 'n week en gedurende die somervakansie nie langer as twee weke te duur nie. Kursusse wat so gereël kan word dat leerlinge tuis oornag, is verkieslik, hoewel dit nie in alle gevalle as die enigste

gewenste vorm beskou hoef te word nie. Hier is die bedoeling geensins dat daar absolutisties te werk gegaan moet word nie, want daar word beseft dat 'n week weg van die huis af vir een kind net soveel positiewe betekenis kan hê as wat 'n week by die huis vir 'n ander mag hê. Die ouer se eie interpretasie van wat vir sy kind nodig is, behoort deurslaggewend te wees.

(d) Uitstappies

Ten aanvang is dit nodig om daarop te wys dat uitstappies en toere nie noodwendig los te dink is van die aktiwiteite van byvoorbeeld 'n jeugsentrum nie, terwyl dit self ook 'n faset van 'n georganiseerde kursus kan wees. Die moontlikheid om egter op sigself as georganiseerde vryetydsaktiwiteite te kwalifiseer, verg derhalwe 'n verbesondering daarvan.

Word daar nou in die besonder gelet op toere en uitstappies, is die volgende van belang:

- (1) Wat betref die vraag na waarom vryetydsaktiwiteite in die vorm van uitstappies en toere gereël word, kan daar uit sosiopedagogiese gesigshoek gekonstateer word dat daar veral twee moontlike antwoorde is. Hierdie twee moontlikhede kan en mag egter nie in geïsoleerde verband beskou word nie, aangesien die een steeds en innig aan die ander verbonde is. Daar word hier gedink aan die ontspannings- en vormende waarde van uitstappies en toere soos hulle hul in hul geïntegreerde verband voordoën. Sou 'n uitstappie of toer bloot ter wille van ontspanning gereël word, kan dit nie ontken word dat die vormende waarde daarvan implisiet in die ontspanningsaktiwiteit verstrengel is nie. So byvoorbeeld word 'n besoeker aan 'n besienswaardige landstreek deur die estetiese vormend aangespreek, hoewel hy primêr tot ontspanning georiënteer is. Andersyds het alle uitstappies of toere wat primêr op die vormende waarde daarvan ingestel is ook sy ontspannende keerkant. Vir sover uitstappies en toere dus in georganiseerde verband aangebied sal word met die oog op sinvolle vryetydsbesteding deur skoolleerlinge, sal dit daarop toegespits moet wees om sowel die vormende as ontspannende aard daarvan te verwerklik.
- (2) Word daar nou gevra na die "wat en die waarheen", word hiermee bedoel die vorm wat sodanige uitstappies of toere kan aanneem, asook die bestemming (plek) daarvan. Uiteraard sal die vorm van uitstappies en toere ten nouste saamhang met onder andere die woonplek en belangstelling

van die betrokke toergroep. Vorm en bestemming sal derhalwe steeds partikuliere aangeleenthede bly.

- (3) Wat betref die vraag na wie die verantwoordelikheid moet dra vir die organisering van uitstappies en toere gedurende skoolvakansies, is daar weer eens 'n verskeidenheid van moontlikhede. Vanuit (sosio)pedagogiese perspektief gesien, kan een belangrike voorbehoud egter gestel word, naamlik dat watter instansie(s) of persoon(e) ook al die uitstappie of toer reël, daar steeds in gedagte gehou moet word dat beheer en toesig tydens sodanige onderneming aan 'n verantwoordelike volwassene opgedra moet word. Dit het reeds geblyk (kyk hoofstuk 3) dat skole, kerkgenootskappe en munisipaliteite wel 'n bydrae in dié verband en op genoemde wyse lewer.

- (e) Besoldigde arbeidsverrigting

Arbeid is een van die grondgegewenes in die menslike bestaan. Trouens, dit is reeds as opdrag uit die Paradys tot die mens gerig. Deur middel van die arbeid is die mens by uitstek in staat om diens te lewer aan homself (eiebelang), aan sy gesin en afhanklikes (groepsbelang) en aan die gemeenskap (naastebelang), maar boweal verrig hy arbeid as antwoord op sy aangesprokenheid deur sy Skepper (13 : 20).

Gesien in die lig van die feit dat die doel met die opvoeding van die kind onder andere ook is om beroepsvolwassenheid te bereik wat slegs by wyse van sinvolle arbeidsverrigting moontlik is, is die feit dat leerlinge gedurende skoolvakansies besoldigde arbeid kan verrig, 'n pedagogies goedkeurenswaardige verskynsel. Daar is egter ook gevare aan arbeidsverrigting deur leerlinge gedurende skoolvakansies verbonde, soos onder andere -

- (1) dat leerlinge nie noodwendig altyd in die teenwoordigheid van 'n verantwoordelike volwassene(s) sal verkeer nie en dat daar dus in situasies waar pedagogiese ingryping en instemming nodig blyk te wees, nie verantwoorde leiding gegee sal kan word nie, en
- (2) dat leerlinge se tyd sodanig gedurende skoolvakansies deur besoldigde arbeidsverrigting in beslag geneem word dat hulle nie voldoende kennis en ervaring ten aansien van vryetydsaktiwiteite kan opdoen nie, en gevolglik as volwassenes moontlik nie tot sinvolle besteding van hulle vrye tyd in staat sal wees nie.

Soos blyk uit die voorafgaande hoofstuk is daar wel leerlinge in die RSA wat gedurende skoolvakansies en selfs tydens die skoolkwartaal besoldigde arbeid verrig. Met inagneming van die gevare waarop gewys is, is genoemde besoldigde arbeidsverrigting 'n positiewe aangeleentheid. Aangesien arbeid met die oog op finansiële gewin, veral soos leerlinge dit beoefen, in die eerste plek nie 'n vryetydsaktiwiteit in die ware sin van die woord is nie, is dit ook nie sinvol om dit in 'n besinning oor vryetydsbesteding in georganiseerde verband verder toe te lig nie.

#### 4.3 PRAKTIESE IMPLIKASIES VAN DIE VOORGAANDE

Uit die voorgaande betoog spruit enkele praktiese implikasies voort wat bespreking regverdig:

##### (a) Finansiële implikasies

Ontenseglik waar is dat alle vorms of wyses van die doeltreffende organisering van vryetydsaktiwiteite finansiële uitgawes verg. Veral wat betref die moontlike daarstelling van jeugsentra, is hierdie finansiële aspek van besondere belang. Enersyds is daar die moontlikheid dat jeugsentra in bepaalde stede en dorpe as selfstandige organisasies opgerig kan word. Andersyds is dit moontlik om reeds bestaende instansies se fasiliteite, soos skole en gemeenskapsentra, sodoende uit te brei dat dit as jeugsentra kan dien. Die eersgenoemde alternatief hou die implikasie van groter finansiële uitgawes in. Daar sal van meet af beplan, gebou en ontwikkel moet word. Ten spyte hiervan is dit die mees aanbevelenswaardige moontlikheid, aangesien organisatoriese en administratiewe aangeleenthede slegs ten aansien van die selfstandige jeugsentrum die aandag sal verg in teenstelling met 'n jeugsentrum gekoppel aan 'n skool waar die verdeelde gebruik van fasiliteite probleme kan veroorsaak. Belangriker egter nog is dat leerlinge vryetydsaktiwiteite los van 'n formele skoolse opset kan beoefen.

Word daar gedink aan die persone en/of instansies wat vir die finansiering verantwoordelik moet wees, kan dit nie anders nie as dat 'n beroep op die staat, provinsies, plaaslike besture en private instansies gedoen word. Daar moet besef word dat genotvolle beleving deur jeugdiges nie die uitsluitlike oorweging moet wees by die oprigting van jeugsentra nie, maar dat die primêre doel is om aan hulle geleenthede te bied tot sinvolle vryetydsaktiwiteite, enersyds as 'n bekamping van ledigheid en andersyds as die inoefening van verantwoordelike volwassewording. In hierdie opsig staan die jeugsentrum in

diens van sowel die gemeenskap as die staat.

Tot tyd en wyl daar egter selfstandige sentra tot stand gebring kan word, kan daar met vrug van die fasiliteite van skole gebruik gemaak word. Argumente ten opsigte van die finansiering van jeugsentra geld mutatis mutandis ook vir die verwerkliking van uitstappies, toere en kursusse.

(b) Implikasies ten aansien van die beheer

Indien jeugsentra soos in vorige hoofstukke beskryf, gestig sou word, moet die vraag geopper word onder wie se algemene beheer die sentra moet staan. Die voor-die-hand-liggende antwoord is dat, aangesien dit met leerlinge te doen het wat op skool onder die provinsies ressorteer en baie gebruik van skoolterreine en -geboue gemaak sal moet word, die provinsies die beheer behoort te onderneem, met die nodige bewilliging van fondse spesiaal vir hierdie doel. Mits daar 'n interprovinsiale komitee, met verteenwoordiging van belanghebbende liggame tot stand gebring word om die bedrywighede van jeugsentra te koördineer, kan daar geen beswaar hierteen wees nie. Een voorbehoud wat egter behoort te geld, is dat al die provinsies die saak van meet af aan met geesdrif sal moet aanpak en dat daar nie deur een provinsie gewag word om te sien hoe die saak in 'n ander provinsie vorder nie.

Op die oomblik is daar in Suid-Afrika, behalwe die onderwysdepartemente, twee staatsdepartemente wat hulle in die vakansiebedrywighede van die skoolgaande jeug interesseer, te wete die Departemente van Nasionale Opvoeding en van Sport en Ontspanning. Dit sou raadsaam wees in hierdie eeu, waar vryetydsbesteding weens die toename van vrye tyd al hoe belangriker word, om die bedrywighede van hierdie liggame, asook dié van private liggame, te koördineer. In 1936 is in Frankryk 'n Ministerie van Vryetydsbesteding (Ministère du Loisir) gestig wat na die belange van alle ouderdomsgroepe omgesien het en alle fasette van die vryetydsbesteding bestudeer en gelei het. Iets dergelyks verdien in Suid-Afrika beslis oorweging. Dit is onvermydelik dat onder die bestaande omstandighede daar botsings kom. Vir sommige groepe leerlinge word te veel gedoen, terwyl ander buite rekening gelaat word.

Wanneer die nodige lokaal vir 'n jeugsentrum verkry is en 'n opgeleide en goedbesoldigde jeugleier aangestel is, moet, ten einde die uitgawe te regverdig, daarvan ten volle gebruik gemaak word. Die volgende stap is dan om die vakansiehoudende skoolkinders daarheen te trek. Hier moet die skole help. Leerlinge moet bewus gemaak word van die bestaan van 'n jeug-

sentrum en van wat dit aan te bied het. Die grootste aantrekkingskrag in ons Suid-Afrikaanse klimaat sal buitemuurse aktiwiteite wees. Die leerlinge moet weet dat daar baie geleentheid is om deel te neem aan sport en spel in die ware en oorspronklike betekenisse van die woorde - nie mededinging of wedywing nie, nie 'n strewe na uitmuntendheid nie - net ontspanne deelname waar die genieting van die spel hoofsaak is. Dit sal aan die seun of dogter wat op skool in geen verteenwoordigende span 'n plek kan kry nie, die ondervinding van spanlidmaatskap gee, hom/haar 'n beter kenner van die spel maak en die frustrasie wat met 'n toeskouersmentaliteit gepaard gaan, bekamp. As 'n leerling een keer deur die sport en spel na 'n jeugsentrum getrokke voel, sal hy geredelik oorskakel na kulturbedrywighede en saam sing, skilder en toneelspeel. Hy sal stokperdjies begin betrag en heel gou vind dat die jeugsentrum die moontlikheid van 'n genotvolle vakansie inhou. Die ondervinding in Watts, California, moet nie herhaal word nie: daar is drie jeugsentra teen 'n koste van \$2<sup>1</sup>/<sub>2</sub> miljoen gebou. Toe ondersoek ingestel is, is bevind dat daar in die drie sentra 22 jong mense was. By diskoteke en "honky-tonks" in die Sunset Strip was 10 000. Daar was net een uitweg - maak die jeugsentra net so aantreklik soos die Sunset Strip (8 : 57).

### (c) Jeugleiding

Die suksesvolle daarstelling en funksionering van jeugsentra en die doeltreffende leiding wat ten aansien van georganiseerde uitstappies, toere en kursusse gebied kan word, sal in 'n groot mate afhang van die persoon of persone onder wie se leiding dit geskied. Dit vra noodwendig na verantwoordelike jeugleiers. Opleiding in dié verband sal mettertyd noodwendig die taak van die universiteit moet word.

Die kursus wat die voornemende jeugleier volg, sal in baie opsigte nou by die gewone onderwysersopleiding aansluit. Besondere aandag sal bestee moet word aan vakke soos die psigopedagogiek, die fisiologie van die jeugdige, persoonlike verhoudings, die oorgang van skool na werk, geslagsonderrig, groepsgedrag en buitemuurse bedrywighede. Daarbenewens sal kennis opgedoen moet word van die aktiwiteite waarin die jeugdige in sy vrye tyd die meeste belang stel. Daar kan die gewone driejarige kursus aangebied word wat die jeugleier ook as onderwyser sal bekwaam. Onderwysers wat nie as jeugleiers gekwalifiseer is nie, en daartoe geroepe voel, kan spesiale stapelkursusse aangebied word of 'n verdere jaar voltydse studie. Die student of onderwyser wat graag jeugwerk wil doen, mag nie afgeskrik word deur die moontlikheid dat hy hom in 'n doodloopstraat begewe wat toekomsmoontlikhede betref nie. Hy moet weet dat

hy te eniger tyd met volle erkenning van diens tot die gewone onderwys kan terugkeer en die bevorderingsleer kan bestyg. Hy sal met sy groter kennis van die jeug, des te beter aanvoeling met die leerlinge hê. Hy moet ook, terwyl hy as voltydse jeugleier werksaam is, minstens net so goed besoldig word as sy onderwyser-kollega.

#### 4.4 SAMEVATTING

In die voorafgaande paragrawe is daar 'n verantwoording ten aansien van die organisering van vryetydsaktiwiteite gedurende skoolvakansies gedoen. Dit het onder andere geblyk dat praktyke wat in die buiteland in hierdie verband bedryf word, nie sonder meer in die RSA van toepassing gemaak kan word nie. Derhalwe moet die organiseerders van vryetydsaktiwiteite met oorleg hul taak aanpak. Die beskrewes wyses waarop vryetydsaktiwiteite wel georganiseer kan word om sinvol en (sosio-)pedagogies verantwoord te wees, kan in dié opsig rigtingwysend wees.



## HOOFSTUK 5

### SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

#### 5.1 SAMEVATTING

##### 5.1.1 Probleemstelling

In die eerste hoofstuk van hierdie verslag is die probleem wat tot die studie aanleiding gegee het, aan die orde gestel. Daar is onder andere op gewys dat in die moderne vertegnologiseerde samelewing die mens meer vrye tyd tot sy beskikking het. Aan die kind word daar by wyse van onder andere skoolvakansies vrye tyd beskikbaar gestel. Vir sowel die volwassene as die kind setel die probleem van vrye tyd egter in die wyse waarop hierdie tyd verantwoordbaar en sinvol bestee kan word. Dit is veral die skoolgaande kind met drie tot vier vakansies per jaar vir wie die probleem van vryetydsbesteding aktueel word, aangesien daar aanvaar kan word dat die meerderheid van die leerlinge nie elke vakansie by georganiseerde aktiwiteite betrek word of saam met hulle ouers vakansieoorde besoek nie. Die vraag na die wyse waarop daar vir hierdie leerlinge sinvolle vryetydsaktiwiteite georganiseer kan word, vorm dan ook die kern van hierdie ondersoek.

##### 5.1.2 Vryetydsbesteding in enkele oorsese lande

In die ondersoek na die stand van vryetydsbesteding en die organisering daarvan in die buiteland, is die volgende lande betrek: Wes-Duitsland, Oos-Duitsland, Groot-Brittanje, Nederland, Switserland, Verenigde State van Amerika, Frankryk en België.

Wat betref Wes-Duitsland is daar verwys na Die Bundesjugendplan, die Goue Plan van 1960, Die Bundes-Jugendspiele, na jeugsentra soos die Heime der offenen Tür en Burg Liebenzell, asook na die werksaamhede van spesifieke stede, soos byvoorbeeld Hannover, met betrekking tot die organisering van vryetydsaktiwiteite. Daar is verwys na die Duitse deeglikheid vir sover daar kursusse ingestel is met betrekking tot vryetydsbesteding (Freizeitkunde) en na die finansiering van georganiseerde vryetydsaktiwiteite.

Weinig literatuur is beskikbaar ten aansien van wat in die kommunistiese lande, waaronder Oos-Duitsland, ten aansien van vryetydsaktiwiteite gedoen word. Beskikbare gegewens dui

egter daarop dat daar jeugsentra en jeugklubs bestaan, dat jeugdige aangemoedig word om te toer en uitstappies te onderneem, maar dat al hierdie aktiwiteite steeds gepaard gaan met die nodige kommunistiese indoktrinasië. Dit wil dus lyk asof vryetydsbedrywighede nie in die eerste plek ontspanning en vorming ten doel het nie, maar die bevordering van die kommunistiese ideologie.

Georganiseerde jeugbedrywighede het in Brittanje 'n aanvang geneem met die stigting van die Boy Scouts-beweging deur Robert Baden-Powell. Sedertdien is dit veral die Albemarle-komitee (1958) wat nuwe momentum aan die organisering van vryetydsbedrywighede in dié land gegee het. Die instelling van kursusse en die bou van jeugherberge en jeugsentra bied aan verveelde, ledige jeug aktiwiteite waarmee hulle sinvol besig kan wees. Waar daar nie afsonderlike lokale vir vryetydsaktiwiteite opgerig kan word nie, word van skoolgeboue en -toerusting gebruik gemaak.

Gedurende die na-oorlogse jare in Nederland, is die organisering van vryetydsaktiwiteite ter bekamping van die jeugprobleme onder die beskerming van die sentrale regering en belanghebbende rade geplaas. Hoewel jeugwerk meer op die naskoolse jeug toegespits is, word daar nogtans vir skoliere voorsiening gemaak. Benewens die jeugklubs en jeugsentra is daar meer as sesig jeugherberge in Nederland.

In teenstelling met Nederland, is jeugwerk in Switserland die verantwoordelikheid van plaaslike besture. Benewens die jeugherberge, -sentra en -klubs, soos ook aangetref in die ander Europese lande, bestaan daar in Switserland 'n instansie, "L'enseignement post-scolaire de la gymnastique et des sports" wat, hoewel dit primêr toegespits is op skoolverlaters, ook skoolgaande seuns by sy aktiwiteite betrek. 'n Dergelike organisasie word ook vir skoolgaande meisies beplan.

Wat betref die Verenigde State van Amerika word "Community Centers" deur plaaslike owerhede ter beskikking van onder andere jeugorganisasies gestel. Hierdie sentra bied dan ook die nodige fasiliteite aan vir nuttige vryetydsbesteding en maak dit moontlik dat klubs en verenigings hul bedrywighede vanuit hierdie oord kan voortsit. As voorbeeld van sodanige gebruikmaking kan die Young Adult Club dien wat die inisiatief neem om jeugklubs soos onder andere The Loft te stig. Laasgenoemde klub bestaan hoofsaaklik uit hoërskoolleerlinge en maak nie net vir ontspanning voorsiening nie, maar is primêr op gemeenskapsdiens ingestel.

Naas kampering wat die gewildste vakansiebedrywigheid in die VSA is, word daar op groot skaal aan sport deelgeneem, terwyl ander kulturele bedrywighe soos kunssuitstallings, toneel-opvoerings en skoolkooitvoerings besonder gewild is. Anders as wat die geval in die RSA is, word skoolgeboue, -terreine en -fasiliteite in 'n groot mate in die VSA ter beskikking van die gemeenskap en veral die jeug gestel, ook gedurende vakansie-tye.

Jeugwerk in Frankryk geniet die volle ondersteuning van die sentrale regering en daar word mildelik bygedra tot die oprigting van jeugsentra, -herberge en -tuistes, terwyl deelname aan sport aangemoedig word. Daar word veral aandag geskenk aan die opleiding van jeugleiers en die jeugdorp te Coupainville bied besondere geleentheid vir jeugleiers om na vore te tree.

In België stel die regering ruim skenkings ter beskikking van instansies en organisasies wat met jeugwerk gemeed is, en dra 60,0 persent van die koste verbonde aan die oprigting van sportterreine, swembaddens en gimnasia by. Die gedagte is dat die kind hom vir nuttige vryetydsbesteding na jeugorganisasies moet wend. Ten einde 'n nasionale jeugbeleid daar te stel en uit te voer, is 'n koördinerende beheerliggaam in die lewe geroep. Ook in België bestaan daar jeugherberge en -sentra, waar nie slegs oornag kan word nie, maar waar ontspanningsgeleenthede en opleiding aan jeugleiers gebied word.

### 5.1.3 'n Empiriese ondersoek na die vryetydsbedrywighe van leerlinge gedurende skoolvakansies in die Republiek van Suid-Afrika

Opvallende tendense ten aansien van vryetydsbesteding by leerlinge in die Republiek van Suid-Afrika en die organisering wat daarmee in verband staan, soos wat dit deur die onderhawige ondersoek aan die lig gebring is, is die volgende:

- (1) Van die ongeveer 45,0 persent seuns en meisies wat die wintervakansie en die 63,0 persent seuns en meisies wat die somervakansie weg van die huis deurgebring het, het meer as 90,0 persent van die seuns en meisies gedurende beide vakansies werklik vakansie gehou. Ouers was hoofsaaklik vir die organisering van sodanige vakansies verantwoordelik.
- (2) Nie meer nie as 30,0 persent van die leerlinge wat tuis gebly het, het gedurende die winter- en somervakansies van 1970/71 gewerk, en wel oorwegend in ondernemings van ouers

en in winkels. Betreklik min leerlinge se inkomste het R30 per week oorskry; dit was inderdaad hoofsaaklik tussen een en nege rand per week - dit wil sê minder as R10 per week.

- (3) Voorts het van die leerlinge wat tuis gebly het, soos volg aan sport deelgeneem:
- (i) ongeveer 40,0 persent van die seuns het gedurende elk van die onderskeie vakansies aan sport deelgeneem, en ongeveer 25,0 persent en 43,0 persent van die meisies het gedurende die winter- en somervakansie onderskeidelik aan sport deelgeneem.
  - (ii) Rugby en sokker was by die seuns gedurende die wintervakansie gewild, terwyl swem in die somer aftrek geniet het. Wat betref die meisies kan gestel word dat tennis in die winter en sowel swem as tennis in die somer die gewildste sportsoorte was.
  - (iii) Bywoning van sportbyeenkomste as toeskouers kry blykbaar nie groot aftrek by die leerlinge nie, aangesien meer as 60,0 persent van die seuns en meer as 70,0 persent van die meisies geen sodanige byeenkomste gedurende die genoemde vakansies bygewoon het nie.
  - (iv) Ongeveer 15,0 persent van die meisies en 20,0 persent van die seuns het gedurende die wintervakansie aan georganiseerde bedrywighede deelgeneem. Vir beide geslagte is hierdie persentasie van die tuisblyers vir die somervakansie ongeveer 20,0.
  - (v) Sportklubs het die aangenaamste georganiseerde bedrywighede vir seuns tydens beide vakansies gereël. Vir meisies het kerklike instansies asook sportklubs sodanige aktiwiteite gereël.
  - (vi) Wat betref die bywoning van kursusse, is dit opvallend dat slegs ongeveer 5,0 persent van beide geslagte tydens sowel die winter- as die somervakansie van die betrokke jaar kursusse bygewoon het. Hoewel die grootste persentasie leerlinge ander kursusse bygewoon het as dié wat gespesifiseer is, was dit veral atletiek- (seuns) en gimnastiekkursusse (meisies) wat aftrek gekry het in die winter, terwyl vir beide geslagte atletiekkursusse in die somervakansie

groot persentasies getrek het. Merendeels is sodanige kursusse deur klubs georganiseer en het ðf een dag ðf sewe dae of langer geduur.

- (vii) Vir sover die leerlinge wat tuis gebly het, stokperdjies beoefen, is dit opmerklik dat beide seuns en meisies tydens albei vakansies aan lees voorkeur gee. Ander stokperdjies wat deur 'n groot persentasie seuns beoefen is, is die besit en versorging van diere en die uitbou van versamelings van allerlei aard. Naas lees het die meisies veral naald- en/of breiwerk en musiek en/of sang as stokperdjies beoefen.
- (viii) In sowel die winter- as die somervakansie het 80,0 persent en meer van die seuns en die meisies een of ander vorm van vermaaklikheid besoek. Dit blyk verder dat besoeke aan die tradisionele bioskoop die voorkeur geniet het van sowel seuns as meisies.
- (ix) Meer as 50,0 persent van die leerlinge het gedurende genoemde vakansies geen uitstappies onderneem nie. Van dié leerlinge wat wel uitstappies onderneem het, het die meeste van die seuns dit self georganiseer, terwyl die ouers dié van die meisies gereël het.
- (x) Byna vanselfsprekend is dit dat feitlik alle leerlinge wat tuis gebly het, na die radio geluister of plate gespeel het. Meestal is een tot nege uur per week, dit wil sê minder as 10 per week, aan hierdie aktiwiteit bestee.
- (xi) Van al die leerlinge wat by die ondersoek betrek is, het ongeveer 20,0 persent van die seuns en ongeveer 15,0 persent van die meisies gedurende die skoolkwartale besoldigde arbeid verrig. Daar is meestal op Saterdag gewerk, terwyl leerlinge veral as winkel-assistente opgetree en een tot nege rand per week verdien het.

#### 5.1.4 Vryetydsbesteding in die Republiek van Suid-Afrika en enkele oorsese lande: 'n verantwoorde besinning

Wanneer daar oor verantwoorde wyses van vryetydsbesteding besin word, kan die aangeleentheid uit tweeërlei perspektiewe benader word, te wete

- (a) nie-georganiseerde, selfgeïnisieerde vryetydsaktiwiteite en
- (b) georganiseerde vryetydsaktiwiteite.

In hoofstuk 4 van hierdie verslag is daar dan ook aan die hand van hierdie onderskeiding besin ten aansien van die wyses van vryetydsbesteding hier te lande en in die buiteland en die (sosio-)pedagogiese betekenis van elk daarvan.

Wat betref selfgeïnisieerde wyses van vryetydsbesteding, is gewys op die besondere pedagogiese betekenis wat geleë is in daardie vryetydsaktiwiteite waar die kind weg van die volwassene die geleentheid daartoe het om sy self-iemand-wil-wees te verwerklik, en die voorgehoue waardes en norme te beoefen. Voorts moet daardie geleenthede waar die jeugdige saam met sy ouers verkeer in dieselfde lig geëvalueer word, aangesien die kind, weg van die gereglementeerde en formele skoolse opset, geleentheid het om met sy ouers te wees en om te rus wat betref die skoolarbeid. Die empiriese gegewens wat in hierdie verband verkry is (kyk hoofstuk 3), het getoon dat die meerderheid van die leerlinge wat gedurende die winter- en somervakansies van 1970 en 1971 weg van die huis was, saam met hulle ouers vakansie gehou het, terwyl die meerderheid van dié wat tuis gebly het hul vryetydsaktiwiteite self geïnisieer het. Dit is natuurlik ook so dat van laasgenoemde groep leerlinge daar ook diegene was vir wie ledigheid 'n probleem kon word en dit is juis vir hierdie groep dat georganiseerde vryetydsaktiwiteit van belang word.

Daar is aangetoon dat georganiseerde vryetydsaktiwiteite in die bestudeerde oorsese lande veral beslag vind in onder andere jeugorganisasies, jeugherberge, -sentra en -klubs. Dit het geblyk dat jeugherberge in die buiteland met betrekking tot vryetydsaktiwiteite 'n besondere plek inneem, maar dat sodanige praktyk op jong volwassenes (na-skoolse jeug) toegespits is, en dus vir die doel van hierdie studie nie relevant is nie. Dit wil egter lyk asof daar, wat betref jeug-sentra en -klubs, in die RSA 'n behoefte bestaan. Soos egter in die voorgaande betoog gestel, is die conditio sine qua non dat die leidende figuur in elk geval 'n verantwoordelike volwassene sal wees. Alleen dan kan georganiseerde vryetydsaktiwiteite soos byvoorbeeld kursusse, uitstappies en toere veel bydra om ledigheid by die skoolgaande jeug te bekamp. In dié verband kan ook na die besondere waarde van besoldigde arbeidsverrigting gedurende skoolvakansies verwys word.

In die lig van die voorgaande betoog word enkele aanbevelings gedoen. Ten einde meer duidelikheid oor die aanbevelings te verkry, word elke aanbeveling deur 'n saaklike verantwoording toegelig.

## 5.2 AANBEVELINGS

### 5.2.1 Aanbevelings insake die vrywillige basis van georganiseerde vryetydsaktiwiteite

Daar is in hierdie verslag telkens verwys na die (socio-)pedagogiese verantwoordbaarheid van selfgeïnisieerde (nie-georganiseerde) en georganiseerde vryetydsbesteding. Enersyds is daarop gewys dat die tyd wat die jeugdige alleen en op homself aangewys is, as van besondere betekenis vir sy wording beskou word. Die stelling is gemaak dat die jeugdige iemand is wat self iemand wil wees, dat hy graag ook soms alleen en met homself wil wees ten einde die waardes en norme wat die volwassene aan hom voorhou, te evalueer en te beoefen. Gedurende sodanige tye rus die kind ook wat betref die volwassene se instemmende en ingrypende opvoedende bemoeienis. Ook vir sover die formele oordrag van kennis hierby betrokke is, wil die kind tot rus kom om die kennis wat hy opgedoen het sy eie te maak. Dit kan hy in die teenwoordigheid van sy ouers wel doen. Naas die kind se alleen-wees, moet dan die belangrikheid van met-sy-gesin-wees gestel word. Ook die pedagogiese waarde hiervan is in die voorafgaande paragrawe hoog aangeslaan.

Andersyds is daarop gewys dat daar gedurende vakansietye altyd leerlinge sal wees wat ledig en verveeld is en vir wie daar voorsiening vir georganiseerde vryetydsaktiwiteite gemaak moet word. Wanneer daar nou aanbevelings aangaande die organisering van die vryetydsaktiwiteite van skoolgaande jeugdige in die RSA gedoen word, dan moet hierdie teenstellende situasies steeds in aanmerking geneem word. Daar kan dus nie blindelings georganiseer word sonder inagneming van die voorgaande nie.

Gesien in die lig van die feit dat die kind enersyds alleen wil wees, ook wat betref die beplanning van sy vryetydsaktiwiteite, en hy andersyds tog ook behoefte aan georganiseerde vryetydsaktiwiteite het, word aanbeveel -

- (1) dat leerlinge gedurende vakansietye op 'n vrywillige basis by georganiseerde vryetydsaktiwiteite betrek word;
- (2) dat georganiseerde vryetydsaktiwiteite nie vir die volle tydsduur van 'n vakansie gereël word nie, maar dat daar ook vir die leerlinge geleentheid moet wees om met hulle ouers te verkeer of om aktiwiteite van eie keuse te beoefen; en
- (3) dat georganiseerde vryetydsaktiwiteite sodanig aangebied word dat waar dit moontlik en wenslik is, sowel ouers as

kinders daarby betrek kan word.

### 5.2.2 Aanbevelings insake die finansiering van georganiseerde vryetydsaktiwiteite

In die bestudeerde oorsese lande word die uitgawes verbode aan die organisering van vryetydsaktiwiteite en die beskikbaarstelling van fasiliteite in 'n groot mate deur die sentrale regering, plaaslike owerhede en private instansies gedra. Wat betref die daarstelling van fasiliteite, veral jeugherberge en jeugsentra, word daar van owerheidsweë ruimskoots bygedra.

Daar moet aanvaar word dat waar georganiseerde vryetydsaktiwiteite op landswye grondslag aangepak word, private instansies finansiëel moontlik nie sterk genoeg sal wees en ook nie die nodige inisiatief aan die dag sal kan lê om die verantwoordelikheid daarvoor te dra nie. In die lig van die feit dat verantwoorde vryetydsbesteding deels ook die volwaardige volwassewording van die kind waarborg en vir die volkshuishouding van besondere betekenis is, word aanbeveel -

- (1) dat die sentrale regering, provinsiale owerhede en plaaslike besture in hul jaarlikse begroting ruimskoots voorsiening vir finansiële ondersteuning moet maak; en
- (2) dat heelwat meer private instansies as wat tans die geval is, aangemoedig moet word om mildelik finansiële bydraes in dié verband te lewer.

### 5.2.3 Aanbevelings insake jeugsentra

Soos dit in die oorsese lande die geval blyk te wees, is dit hoofsaaklik die naskoolse jeug vir wie jeugherberge daargestel is. Daarby is dit so dat jeugherberge hoofsaaklik as verblyfplek (veral as 'n oornagplek) vir naskoolse jeugdiges dien. Hoewel daar soms ook kursusse aangebied word, is skoolgaande jeugdige nie op noemenswaardige wyse daarby betrokke nie.

Aangesien hierdie studie uitsluitlik op skoolgaande jeug betrekking het, is dit nie sinvol om in hierdie verband enige aanbevelings te doen nie. Daar word vervolgens aandag aan jeugsentra geskenk.

Die daarstelling van jeugsentra in die buiteland neem gewoonlik een van die volgende twee vorme aan -



- (1) 'n gebou wat sentraal geleë is, word vir die doel opgerig, en
- (2) bestaande skoolgeboue en -fasiliteite word daarvoor gebruik.

Daar word gewoonlik 'n omvattende program aangebied. Ook en veral skoolgaande jeugdiges word by dié programme betrek.

Wat betref die Republiek van Suid-Afrika, word aanbeveel -

- (1) dat oorweging daaraan geskenk moet word om in alle stede en dorpe jeugsentra tot stand te bring, hetsy in die vorm van sentraal geleë geboue wat in die besonder vir die doel opgerig is, of deur die gebruikmaking van bestaande skoolgeboue en -fasiliteite,
- (2) dat die moontlikheid ondersoek moet word om daargestelde jeugsentra uit te bou tot gemeenskapsentra<sup>1)</sup> waar die gemeenskap ook aan vryetydsaktiwiteite kan deelneem en sodoende sal ook die ouers en hulle kinders gesamentlik by aktiwiteite betrek kan word,
- (3) dat die beheer en instandhouding van jeugsentra wat spesifiek vir die doel opgerig is, die verantwoordelikheid van die plaaslike owerheid (stads- of dorpsraad) behoort te wees, en
- (4) dat waar daar van skoolgeboue en -fasiliteite as jeugsentra gebruik gemaak word, die beheer daarvan in die hande van die betrokke provinsiale owerheid sal bly, maar 'n ooreenkoms behoort getref te word tussen die provinsiale owerheid en die plaaslike owerheid met betrekking tot die aanvaarding van verantwoordelikheid vir toesig oor en die instandhouding van fasiliteite.

#### 5.2.4 Aanbevelings insake ander vorme van georganiseerde vryetydsaktiwiteite

Benewens daardie vryetydsbedrywighede wat aan jeugsentra vir die skoolgaande jeugdiges toeganklik sal wees, is daar ook ander wyses waarop leerlinge by georganiseerde vryetyds-

- 
- 1) Vergelyk STRYDOM, A.E.: Die doeltreffende beplanning en benutting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite, Dele 1 en 2 (kyk literatuurlys nr. 19).

aktiwiteite betrek kan word. Hier word veral gedink aan aan-geleenthede soos toere, uitstappies, kursusse en die bywoning van vermaaklikhede. In hoofstuk 3 van hierdie verslag is daar breedvoerig in dié verband besin en daar is onder andere verwys na die deelname van leerlinge gedurende die winter- en somer-vakansie van 1970 aan dergelik georganiseerde vryetydsbedrywighede. Dit moet onteenseglik duidelik wees dat tot tyd en wyl jeugsentra in watter vorm ook al in die dorpe en stede van die RSA opgerig is, die vryetydsbesteding van jeugdiges langs die weg van genoemde vorme (kursusse, uitstappies, toere) sal moet geskied.

Weer eens is daar egter 'n aantal fundamentele beginsels wat medebepalend by die organisering van vryetydsaktiwiteite in die vorme hierbo genoem, sal wees. Sodanige fundamentele beginsels kan in die volgende aanbevelings saamgevat word, te wete -

- (1) dat kursusse en toere, van watter aard ook al, gedurende die wintervakansie van 'n betrokke jaar, nie langer as een week en gedurende die somervakansie nie langer as twee weke sal duur nie;
- (2) dat kursusse, toere en uitstappies in sodanige verskeidenheid aangebied moet word dat daar vir 'n wye reeks van belangstellings van skoolgaande jeugdiges voorsiening gemaak word; en
- (3) dat deelname aan sodanige kursusse, toere en uitstappies ook vir leerlinge uit minder gegoede huise moontlik gemaak moet word by wyse van finansiële hulp van owerheidsweë (staat, provinsie, munisipaliteit).

#### 5.2.5 Aanbevelings insake instansies wat die organisering van vryetydsaktiwiteite moet onderneem

Dit spreek vanself dat die organisering van vryetydsaktiwiteite gedurende skoolvakansies nie noodwendig aan 'n enkele instansie opgedra kan en moet word nie. Die omvangrykheid van die taak om vryetydsaktiwiteite vir skoolgaande jeug op landswye grondslag te organiseer, verg 'n groot mate van koördinering tussen die belanghebbende groepe en 'n enkele koördinerende instansie blyk dus wenslik te wees. Daar word dus aanbeveel -

- (1) dat daar 'n sentrale koördinerende instansie met die oog op die organisering van vryetydsaktiwiteite op nasionale vlak moet wees;

- (2) dat ondersoek ingestel moet word na die mate waarin die Departement van Sport en Ontspanning by sodanige koördinering betrek kan word; en
- (3) dat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing deur middel van navorsing die sentrale koördinerende liggaam, bestaan om die beplanning van vryetydsaktiwiteite doeltreffend te laat verloop.

### 5.3 SLOTOPMERKINGS

In hierdie verslag is daar by wyse van literatuurstudie, 'n empiriese ondersoek en 'n diepgaande besinning, gepoog om tot pedagogies verantwoorde uitsprake aangaande die besteding van vrye tyd deur skoolgaande jeugdiges gedurende vakansietye in die RSA te kom. Daar is onder andere gewys op die besondere betekenis van vrye tyd in die lewe van die volwassene en die kind. In dié verband is daar dan besin oor die aandeel wat die volwassene in die vryetydsbesteding van die kind moet hê. Die aanbevelings soos wat dit in die voorafgaande paragrafe uiteengesit is, is dan ook die uitvloeisel van krities-wetenskaplike besinning oor hierdie aangeleenthede. Daar word vertrou dat hierdie studie daartoe sal bydra dat skoolgaande jeugdige, veral gedurende vakansietye, op verantwoorde en gekoördineerde grondslag by vryetydsaktiwiteite betrek sal word.

## LITERATUURLYS

### AANGEHAALDE LITERATUUR

1. BREUSE, E. Vers une pédagogie des loisirs juveniles. Bruxelles, Université, 1969.
2. BRIGHTBILL, C.K. Vrije tijd, een uitdaging. Hilversum, Paul Brand, 1966.
3. DANFORD, H.G. Recreation in the American society. New York, Harper Bros., 1953.
4. FRANKRYK. Council for cultural co-operation of the council of Europe. Leisure time facilities for young people. Strasburg, Unesco, 1965.
5. KOORNHOF, P. Die jeug en vrye tyd. Voorlesing gelewer op 1 Julie 1970 voor Nasionale Jeugkongres, Pretoria.
6. KRIEKEMANS, A. Algemene Pedagogiek. Leuven, Nauwelaarts, 1965.
7. KWANT, R.C. Een nieuwe vrijheid. Alphen aan den Rijn, N. Samson nv, s.j.
8. NATIONAL CONFERENCE ON PUBLIC RECREATION. S.A. Nature Union, Pretoria, April 25-26, 1968. Report. S.A. Nature Union, Pretoria, 1968.
9. NEDERLAND. MINISTERIE VAN ONDERWIJS EN WETENSCHAPPEN. Documentatieblad. Den Haag, Jaargange 1964-1969.
10. ORANJE-VRYSTAAT. ONDERWYSDEPARTEMENT. Jeugwerk in Wes-Europa. Bloemfontein, 1964.
11. PERQUIN, N. De Pedagogiese verantwoordelijkheid van de samenleving. Roermond-Maaseik, J.J. Romen en Zonen, 1966.
12. RÖHRS, H. Die Sozialpädagogik und ihre theorie. Academische Verlagsgesellschaft, 1968.
13. ROSCAM ABBING, P.J. Beroepsethiek. Utrecht, Aula Boeken, 1965.
14. TINUCCI, F. Humanities in a cybernetic-centred society. Catholic Education Review, Jan., 1969: 48.

15. VAN HOOGENBEMT, A. Een bijschoolse aktiviteit van groot belang. Taalonderwijs XI(1), Maart 1969: 1-4.
16. VAN MECHELEN, J. Vrijetijdsbesteding in Vlaanderen. Antwerpen, Uitgeverij S.M. Ontwikkeling, 1964.
17. VERENIGDE STATE VAN AMERIKA. Guidelines for the administration and organisation of a cultural program in community recreation. New York, National Recreation and Parks Association, 1965.
18. WIPPLER, J. Vrije tijd buiten. Groningen, Wolters, 1966.
19. STRYDOM, A.E. Die doeltreffende beplanning en benutting van skoolterreine vir buitemuurse aktiwiteite. Deel I en II. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1970. (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (Suid-Afrika)).
20. GERMANY. Cultural news from Germany, Oct., 1969, Bad Godesberg, Inter Nationes.
21. WITTIG, H.E. Schule und Freizeit. 2e uitgawe, Bad Harzburg, Verlag für Wissenschaft und Technik, 1964.
22. GERMANY. Internationales Forum, Burg Liebenzell, Schwarzwald, 1966.
23. FIRST WORLD RECREATION CONGRESS. Kyoto, Japan, 1-7 Oct., 1964. Congress Report. Kyoto, Japan, 1964.
24. STRZELEWICZ, W. Jugend in ihren freien Zeit. München, Juventa Verlag, 1968.
25. GREAT BRITAIN. MINISTRY OF EDUCATION. The Youth Service in England and Wales. (Albermarle Report.) London, HMSA, 1960.
26. GREAT BRITAIN. Report of the Central Advisory Council for Education. 15 to 18. London, HMSO, 1960.
27. KRANTZ, D.E. en VERCRUIJSSE, E.V.W. De Jeugd in het geding. Amsterdam, De Bezige Bij, 1962.
28. LANDMAN, W.A. Leesboek vir die opvoedkundestudent en onderwyser. Kaapstad, Juta & Kie, 1972.

GERAADPLEEGDE LITERATUUR

A. BOEKE

- AMENDT, Günter. Beginnt die Revolution in den Schulen? Hamburg, Rororo Taschenbuch Ausgabe, 1968.
- BORNEMANN, Ernst und BÖTTCHER, Hans. Die Jugendliche und Seine Freiheit. Göttingen, Hogrefe, 1964.
- BUYCK, L. Vrijetijdsbesteding van de Jeugd in Vlaanderen. Leuven, Centrum voor Jeugd, 1969.
- DUMAZEDIER, Joffre. Towards a Society of Leisure. New York, Free Press, 1967.
- GARBERS, J.G. Intree in die Maatskaplike Taak. Groningen, J.B. Wolters, 1968.
- HEINEMEYER, W.F. Buurt, Jeugd en Vrije Tijd. Amsterdam, Bureau voor Jeugdzorg, 1964.
- HUIZINGA, J. Homo Ludens. London, Routledge and Paul, 1949.
- KEILHACKER, M. Onze kinderen en de Film. Nijkerk, Callenbach, 1967.
- KLEINDIENST, V. and WESTON, A. Intra-mural Recreation Programmes for Schools and Colleges. New York, Appleton Century Crofts, 1964.
- MUMFORD, Lewis. The Condition of Man. London, Secker and Warburg, 1944.
- NASH, J.B. Philosophy of Recreation and Leisure. St. Louis, Thomas, 1953.
- NEIHARDT, Friedhelm. Die Junge Generation. Opladen, C.W. Leske, 1967.
- NEL, B.F. Pedagogiese Benadering van Jeugprobleme. Pretoria, N.G.K. Boekhandel, 1961.
- RIESMAN, D. The Lonely Crowd. New York, Doubleday, 1953.
- SCHELSKY, Helmut. Die Skeptische Generation. Düsseldorf-Köln, Eugen Diedericks, 1963.

ZBINDEN, Hans. De Bedreigde Mens. Utrecht, Aula Boekery, 1961.

B. TYDSKRIFARTIKELS

BOUTWELL, W.D. Our Leisure-Time Education. Education Digest. December, 1969: 37.

COLGATE, J.A. A Curriculum Challenge: Education for the Wise Use of Leisure Time. Illinois Education. 56(4), Dec., 1967: 162: 4.

COREY, A.F. Education for Leisure. Journal of Health, Physical Education, Recreation. June, 1967: 51.

FRIEDMANN, G. Le Loiser et La Civilisation Technicienne. Revue Internationale des Sciences Sociales. XII (4), Mai 1960: 552.

KLOSE, Werner. Die Junge Rebellen. Welt, Kunst und Kultur. Julie 1969: 13-17.

ROMINE, Stephen. Education for Leisure. Adult Leadership. 16(7), Jan., 1968: 268.

SIMPSON, J.A. Education for Leisure. Trends in Education. 5 Jan., 1967: 16-23.

C. OFFISIËLE PUBLIKASIES

GREAT BRITAIN. MINISTRY OF EDUCATION. Report of the Committee on the Age of Majority. London, HMSO, 1967.

GREAT BRITAIN. MINISTRY OF EDUCATION. Out of School. Second Report of the Central Advisory Council for Education. London, HMSO, 1948.

NEDERLAND. MINISTERIE VAN ONDERWIJS, KUNST EN WETENSCHAPPEN. Moderne Jeugd op Weg naar Volwassenheid. 's Gravenhage, 1923.

TRANSVAAL. NASIONALE JEUGRAAD.

DEEL I - Jeug en Arbeid.

DEEL II - Jeug en Kultuur.

DEEL III - Jeug en Vrye Tyd.

DEEL IV - Jeug en Godsdienst.

Johannesburg, Voortrekkerpers, 1967.

BELGIË. Infor. Jeunes. Guide des Vacances et des Loisirs de C. Hiver. Brussel, Centre Nationale Belge d'Information des Jeunes, 1969.

D. KONFERENSIES

NASIONALE JEUGKONGRES, Pretoria, 1-4 Aug. 1968. Kongresverslag, Pretoria, 1968.

E. PROEFSKRIF

VAN WYK, A.M. Krities-Sosiologiese Studie van Afrikaanse Jeugorganisasies. Ongepubliseerde Proefskrif, 1964. D. Phil., Universiteit van Pretoria.

F. VOORLESING

STRYDOM, J.A. Sosiologiese ondersoek na die vryetydsbesteding van 'n groep leerlinge aan 'n parallelmedium-skool. Ongepubliseerde Proefskrif, 1968. M.Ed. U.K.O.V.S.



RGN-PUBLIKASIES/HSRC PUBLICATIONS

GESKIEDENIS/HISTORY

G-1/Van Dyk, J.H./Stamregister van die Eloffs in Suid-Afrika/  
1972/R2,50

Bronnepublikasie Nr. I/Oberholster, A.G./Dagboek van H.C. Bredell/  
1972/R3,20

INLIGTING/INFORMATION

Humanitas/Tydskrif vir Navorsing in die Geesteswetenskappe/Verskyn minstens twee keer per jaar  
Humanitas/Journal for Research in the Human Sciences/Appears at least twice per annum

Nuusbrief/Maandelikse publikasie behalwe in Desember, met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/Gratis  
Newsletter/Monthly publication, except in December, which contains the latest information on research by the HSRC/Gratis

Jaarverslag/Verskyn jaarliks  
Annual Report/Published once a year

IN-4 /Waardebepaling van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/1972/R0,65

IN-5 /Evaluation of South African and foreign educational qualifications/1972/R0,65

IN-6 /Sauer, G. en Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1970/R1, 15

IN-6 /Sauer, G. and Geggus, C./Directory of research organizations in the human sciences in South Africa/1970/R1, 15

IN-8 /Stimie, C.M./Algemene inligting/1971/Gratis

IN-9 /Stimie, C.M./General information/1971/Gratis

IN-12/Geggus, C. en Stimie, C.M./Opleiding na standaard tien uitgesonderd universiteitsopleiding/1971/R0,90

IN-11/Geggus, C. and Stimie, C.M./Training after Standard Ten excluding university training/1971/R0,90

IN-13/Stimie, C.M./Education in the RSA/1970/R0,50

IN-14/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir nagraadse studie in die RSA en in die buiteland/1971/R2, 15

- IN-14/Geggus, C./Awards available for post-graduate study in the RSA and overseas/1971/R2,15
- IN-15/Stimie, C.M., Caroline Geggus en Coetzee, C.J.S./Universiteitsopleiding en beroepsmoontlikhede/University training and career possibilities/1972/R2,15
- IN-16/Stimie, C.M. and Caroline Geggus/University education in the RSA/1972/RO,70

#### KOMMUNIKASIE/COMMUNICATION

- KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die situasie in Suid-Afrika/1970/Herdruk 1972/RO,95
- KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/R1,00
- KOMM-5/Engelbrecht, J.C.R./Die pers as massakommunikasiemedium/1972/R3,60

#### MANNEKRAG/MANPOWER

- MM-1 /Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/1969/RO,35
- MM-1 /Terblanche, S.S./The supply of and demand for town and regional planners/1969/RO,35
- MM-2 /Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/RO,30
- MM-2 /Terblanche, S.S./The demand for and supply of medical practitioners/1969/RO,30
- MM-3 /Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes/1969/RO,50
- MM-3 /Terblanche, S.S./The occupational situation of a group of new graduates/1969/RO,50
- MM-4 /Redelinghuys, H.J./'n Verkenningstudie oor die Bantoe-ondernemer in die Tswanatuusland/1970/RO,90
- MM-4 /Redelinghuys, H.J./A pilot study of the Bantu entrepreneur in the Tswana homeland/1970/RO,90
- MM-12/Ebersoh, D./Die nasionale register van natuur- en geestes-

wetenskaplikes soos op 30 September 1967/1970/Gratis

- MM-17/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980/1971/R1,50  
MM-17/Terblanche, S.S./The demand for and supply of engineers, 1973 and 1980/1971/R1,50
- MM-22/Wessels, D.M./Deeltydse werk vir getroude vroue/1971/R1,50  
MM-22/Wessels, D.M./Part-time work for married women/1971/R1,50
- MM-27/Boshoff, F./Die loonstruktuur van hooggekwalifiseerde Blanke werknemers soos op 1 Maart 1971/1971/R1,00  
MM-27/Boshoff, F./The wage structure of highly qualified White employees as at 1 March, 1971/1971/R1,00
- MM-28/Hartman, P. en Terblanche, S.S./Werkgeleenthede in die Oos-Transvaalse grensgebiede/1972/R1,45
- MM-29/Boshoff, F./Werkgeleenthede in die Noord-Sothogrensgebiede/1972/R0,70
- MM-30/Hartman, P./Werkgeleenthede in die grensgebiede naby die Tswanatuïslaan/1972/R0,70
- MM-31/Wessels, Dina M./Die arbeidspatroon van gegradueerde huisvroue in die PWV-gebied - Deel I: Deeltydse werk/1972/R2,95  
MM-31/Wessels, Dina M./The employment potential of graduate housewives in the PWV region - Part I: Part-time employment/1972/R2,95
- MM-33/Terblanche, S.S./Job opportunities in the border areas of the Orange Free State and Eastern Cape/1972/R1,15
- MT-1 /Verhoef, W. en Roos, W.L./Die doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname/1970/R0,65  
MT-1 /Verhoef, W. and Roos, W.L./The aim and experimental design of Project Talent Survey/1970/R0,65
- MT-2 /Roos, W.L./Die 1965-Talentopnametoetsprogram/1970/R0,70  
MT-2 /Roos, W.L./The 1965 Talent Survey test programme/1970/R0,70
- MT-3 /Roos, W.L./Die intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1970/R0,50  
MT-3 /Roos, W.L./The intellectually superior pupil: A background description at Standard Six level/1970/R0,50
- MT-4 /Strydom, A.E./Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd ses-seuns/1970/R0,55

- MT-4 /Strydom, A.E./Participation in sport, school achievement and adaptation of Standard Six boys/1970/RO,55
- MT-5 /Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/RO,50
- MT-5 /Smith, F.B./The only child in the family: A comparative study/1971/RO,50
- MT-6 /Strijdom, H.G./Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-seuns/1971/RO,60
- MT-6 /English edition out of print
- MT-7 /Smith, F.B./Die epileptiese leerling in standerd ses wat nie spesiale onderrig ontvang nie/1971/RO,60
- MT-7 /English edition out of print
- MT-8 /Smith, F.B./Die ondergemiddelde leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1971/RO,55
- MT-8 /English edition out of print

#### NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT

Navorsingsbulletin/Verskyn tien keer per jaar/Gratis  
Research Bulletin/Ten issues per annum/Gratis

- NORD-1/Fourie, E.C./Aanvulling tot die 1969-register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1971/R1,90
- NORD-1/Fourie, E.C./Supplement to the 1969 register of research in the Human Sciences in South Africa/1971/R1,90

#### OPVOEDKUNDE/EDUCATION

- O-1 /Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika Deel I/1970/ Herdruk 1972/R3, 15
- O-1 /Report of the committee for differentiated education and guidance in connection with a national system of education at primary and secondary school level with reference to school guidance as an integrated service of the system of education for the Republic of South Africa and South-West Africa Part I/1971/ Reprint 1972/R3, 15

- 0-2 /Oosthuizen, J.H.C./Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale pre-primêre opvoedingsprogram vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika Deel II/1971/RO,75
- 0-2 /Oosthuizen, J.H.C./Report of the committee for differentiated education and guidance with regard to a national pre-primary educational programme for the Republic of South Africa and South West Africa Part II/1971/RO,75
- 0-3 /Visser, P.S./'n Studie van die voorligtingstelsels van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika/1970/RO,55
- 0-4 /Spies, P.G. van Z./'n Studie van voorligtingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en in enkele oorsese lande met verwysing na doelstellings en terminologie/1970/RO,40
- 0-5 /Haasbroek, J.B./Die opleiding van voorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande/1970/RO,45
- 0-6 /Oosthuizen, J.H.C./Die voertaal (medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys/1970/RO,40
- 0-8 /Hatting, D.L./Die onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/RO,65
- 0-8 /Hattingh, D.L./The teaching of Geography at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1971/RO,80
- 0-11/Liebenberg, C.R./Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/RO,80
- 0-11/Liebenberg, C.R./The teaching of History at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1972/R1,45

#### PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse/1972/Gratis  
 Catalogue of tests/1972/Gratis

- P-1/Madge, E.M. en Van der Westhuizen, J.G./Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel/1971/RO,85

SOSIOLOGIE/SOCIOLOGY

- S-1 /Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90
- S-2 /Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40
- S-3 /Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30
- S-4 /Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90
- S-5 /Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80
- S-6 /Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40
- S-7 /Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin/1970/R0,55
- S-8 /Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/R1,20
- S-9 /Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare, Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by pasgetroudes/1970/R1,20
- S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/R1,45
- S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40
- S-14/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Kleurlinge in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1971/R1,75
- S-15/Mostert, W.P. en Engelbrecht, J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1972/R2,10
- S-16/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Durban/1972/R2,10

- S-17/Mostert, W.P. en Du Plessis, J.L./Die gesinsbouproses by Bantoes in die munisipale gebied van Pretoria/1972/R3,45
- S-18/Mostert, W.P. en Van Eeden, I.J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Johannesburg: Soweto/1972/R3,35
- S-19/Rip, C.M./Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study/1971/R1,95
- S-20/Van der Merwe, C.F./Moeders wat werk/1972/R2,95

STATISTIEK/STATISTICS

- WS-1 /Kies, J.D./Verantwoorde Onderwysstatistiek/1971/R3,70
- WS-3 /Van Rensburg, F.A.J./Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite (Nie-Blankes)/1972/R1,75
- WS-4 /Uys, C.J /Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite (Blankes)/1972/R2,40
- WS-5 /Steenkamp, C.J. en Van Rensburg, F.A./Vooruitskattings van die bevolking van onderwysinrigtings in Suid-Afrika/1972/R5,40

TAAL, LETTERE EN KUNS/LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS

- Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere/1971/Gratis
- Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek/1971/Gratis
- Nienaber, P.J./National Documentation Centre for Music/1971/Gratis
- Raper, P.E./Suid-Afrikaanse Naamkundesentrum/1972/Gratis
- Raper, P.E./South African Centre of Onomastic Sciences/1972/Gratis
- Breytenbach, P.P.B./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Vertolkende Kunste/1972/Gratis
- Breytenbach, P.P.B./National Documentation Centre for Performing Arts/1972/Gratis



ALGEMEEN/GENERAL

- Coetzee, J. Chr./Geannoteerde bibliografie van navorsing in die  
opvoedkunde/1970/R2, 15
- Coetzee, J. Chr./Annotated bibliography of research in education/  
1970/R2, 15





ISBN 0 86965 096 3